

KOM WAAI OOR DIE BEENDERE!

DIE BOODSKAP VAN HERLEWING

INHOUD

INLEIDING	4
'n Toekomsvisioen	4
Aan my mede-gereformeerdes	5
Totius oor herlewing	9
Abraham Kuyper	10
Totius en Kuyper	11
Uit 'n sendingrapport	13
Die term "herlewing"	14
Herlewing en reformasie in die Ou Testament	14
Samuel: Ware herlewing en reformasie	14
Josia: Reformasie sonder herlewing	15
Esra: Weer herlewing met ware reformasie	15
Laagtes vol doodsbeendere in die geskiedenis van die kerk	16
Engeland voor 1740	17
Deformasie en reformasie	18
Wat herlewing nie is nie	20
Werk die Gees dan slegs tydens herlewing?	20
Die eerste tekens van herlewing	21
Herlewing self	21
Die lewende God	22
Oortuiging van skuld en sonde	22
Vergifnis	23
Verlossingsvreugde	23
Ware lewensvernuwing	23
Verbondsvernuwing	24
God se soewereiniteit in herlewing	24
Moet herlewing van 'n tydelike aard wees?	24
Die kerkvernuwende karakter van herlewing	25
Vernuwing van die maatskappy	25
Menslike sondes en swakhede by herlewing	26

Hoofstuk 1

DIE SESTIENDE-EEUSE HERLEWING IN SKOTLAND

Die geestelike toestande voor die herlewing	26
Die geroepe profet: John Knox	27
Die aard van die herlewing	28
Die blywende invloed van die herlewing	29

Hoofstuk 2

DIE PURITEINSE HERLEWING IN ENGELAND	30
---	----

Historiese agtergrond	30
Die Puriteinse predikers	30
Deeglike studie	31
Die aard van die Puriteinse prediking	31
Opbloei van die pastoraat	33

Hoofstuk 3

DIE EERSTE GROOT ONTWAKING IN AMERIKA 33

Die klassieke patroon	34
Die verval	34
Die opkoms van die naamchristendom	34
Teenstelling met die Puriteine	35
Die eerste stadium van die verval	36
Die tweede stadium van die verval	36
Die totale verburgerliking van die kerk	36
Edwards se prediking	37
Whitefield	39
Whitefield in New Engeland	40
Dwaling en sektarisme	40
Die blywende effek van die Groot Ontwaking	42
'n Les uit die geskiedenis	43

Hoofstuk 4

DIE TWEEDE GROOT ONTWAKING IN AMERIKA (1792-1830) 43

Die verval	44
Asahel Nettleton	44
Die aard van Nettleton se bediening	44
Finney	45

Hoofstuk 5

DIE KOREAANSE HERLEWING 47

Die marteldood van Robert Thomas	48
Die begin van die protestantse sendingwerk in Korea	49
Die Japans-Russiese oorlog	50
Die Pyengyangklas	50
Herlewing	51
Die voortgang van die herlewing en die resultate daarvan	52
Die karakter van die Koreaanse kerke	52

Hoofstuk 6

HERLEWING IN OOS-AFRIKA 53

Die eerste sendelinge in Uganda	53
Krisisse	
Vervolging en herlewing	53

Die Anglikaanse Kerk aan die roer van sake	54
Die tweede herlewing (1893)	54
Verval	55
Die groot herlewing in Oos-Afrika, 1935 tot vandag	55
Die eerste roerings	56
Blasio Kigosi	56
Gebrokenheid ("brokenness")	57
Herlewing in Rwanda (1933)	57
Die herlewing versprei na Uganda	58
Teenstand	59

Hoofstuk 7

Ander herlewings	60
------------------	----

Hoofstuk 8

Die laaste groot herlewing	60
Wat is 'n lewende kerk?	61
Groot besluit oor sy kerk	62

Hoofstuk 9

Kan óns iets doen?	62
--------------------	----

Aan al my medegelowiges

"Kom waai oor die beendere!" Wat is hierdie beendere? Dis die kerk, soos die Here dit sien en aan sy kneg Esegiël wys. Ons is moontlik redelik tevrede met onself en ons kerklike lewe. Daar word immers op duisende plekke elke Sondag kerk gehou en miljoene stroom daarheen. Dis waar, maar die Here sien dieper as blote aksie en aktiwiteit. Hy soek harte wat brand vir Hom en sy koninkryk. En as dit nie daar is nie, is al ons kerklike rumoer in sy oë niks meer as die gerammel van geraamtes nie.

Daarom moet die onderwerp "herlewing" elke gelowige se belangstelling gaande maak.

DIE BOODSKAP VAN HERLEWING

In die eerste plek gaan dit om die eer van God en die welsyn van sy kerk op aarde. Herlewing beteken immers dat die kerk vol is van die Heilige Gees, toegewyd aan sy Here en diensbaar aan sy Koning. Is dit dan nie wat die normale toestand van die kerk behoort te wees nie? Ons het so gewoon geraak aan kerke wat nie hierdie beeld vertoon nie, dat ons gekondisioneer is om die abnormale as normaal te aanvaar en selfs daarmee tevrede te wees.

Herlewing beteken ook dat God die prediking wat in die krag van die Heilige Gees tot mense kom, op 'n buitengewone manier seën. Hy trek die sluise van die hemel oor sy kerk oop in 'n magtige genadewerking van die Heilige Gees, sodat oestyd op saaityd volg - en wat kan 'n kerk op aarde méér van sy Koning vra?

Waar soveel tekens van deformasie, verval en selfs afvalligheid by kerke in Suider-Afrika waargeneem kan word, maak dit die behoefte aan herlewing en reformasie des te dringender. Meningspeilings van die Instituut vir Toekomstudies aan die Potchefstroomse Universiteit het aan die lig gebring dat egoïsme en materialisme die oorheersende motiewe onder Afrikaners geword het. "Landwye peilings toon aan dat materialisme, veral onder Afrikaners, sterk toeneem. Op 'n voorkeurskaal van sewe, het 90 present van die Afrikaanse vroue wat aan die opname deelgeneem het, geld en status as die hoogste sin van die lewe beskryf" (*Die Beeld* 2 Mei 1987). Negentig present van 'n volk wat hulle op hulle Christelikheid beroep, beskou nie diens aan God en sy Koninkryk as die hoogste sin van die lewe nie, maar wel geld en status! Verder is in dieselfde peiling vasgestel dat die oorgrote meerderheid van Afrikaners glo dat hulle eerste verpligting lê teenoor die bevrediging van hulle eie behoeftes en begeertes, en nie teenoor die samelewing, die gemeenskap en die kerk nie. Dit beteken niks anders nie as dat mense van wie die groot meerderheid belydende lidmate van Christelike kerke is, hulle belydenis verloën met 'n lewenshouding van blatante egoïsme. Watter soort Christendom bestaan dan nog onder die "Christelike" Afrikaners? Is 'n Christen dan nie iemand vir wie Christus Nommer Een is in sy hart, liefde, ideale en lojaliteit nie? Miskien is een van die gevaarlikste simptome van deformasie juis dat aan hierdie dienaars van Mammon en hulleself Sondag na Sondag verkondig word dat hulle wedergebore kinders van God is bloot omdat hulle gedoopte bondelinge is, plaas daarvan om hulle tot bekering op te roep! 'n Predikant moet geestelik blind en stom wees om nie selfs **sonder** hierdie meningspeilings die verval raak te sien nie. Wat is ons houding as herders van Christus se kudde teenoor ons Opperherder en sy diens? Hoe gaan ons ons voor Hom verantwoord oor ons ontrou?

Dit is dwaasheid om te sê alles sal regkom, ons moet net geloof hê. Geloof waarin? In ons eie toekoms? In onself? In die essensiële goedheid van alle mense? So 'n geloof is nie op die Skrif gegrond nie, en dit sal beskaam. Miskien dan geloof in God wat ons seker maar sal bewaar, ondanks ons eie selfsug en onbekeerlikheid? Op watter belofte van God rus so 'n geloof? En wat is 'n geloof werd wat nie op God se belofte rus nie?

Alleen as ons almal, swart, bruin en blank, ons bekeer en met die Heilige Gees vervul word; alleen as God herlewing en reformasie skenk, ons elkeen van ons eie sondes oortuig; alleen as **Hy** ware verlossing, lewe, liefde en vrede **gee** is daar hoop op 'n toekoms van vrede vir ons kinders. Anders nie.

Dit mag wees dat dit God se raadsplan is om ons juis eers tot in die grond te verneder, ons Mammons van ons weg te neem, en ons daardeur na Hom terug te bring; en wanneer ons niks meer van ons eie politiek en aardse welvaart verwag nie, dan ons met sy Gees te vervul en sy kerk te suiwer. Dan het die stadium in die geskiedenis van God se openbaring aangebreek waarvan in die visioen van die twee getuies van Openbaring 11 profeteer word.

Maar dit is nie noodwendig so nie. Daar bestaan die moontlikheid dat God nog voorlopig, voordat die laaste vervolging aanbreek, ter wille van die verbreiding van sy Woord op hierdie aarde aan sy kerk 'n tyd van vrede en bloei wil skenk. Voordat dit kan gebeur, moet daar eers 'n godsdienstige herlewing kom. Om al hierdie redes moet elke Christen in Suid-Afrika om herlewing bid, "met hartlike versugtinge, sonder ophou" (Heid. Kat. Vr. 116).

'n Toekomsvisioen

Ek het 'n droom van die toekoms. 'n Gelowige mag 'n visie hê vir sy land en die wêreld waar die Here herlewing geskenk het.

Hoe sal dit wees as die Here predikers met die krag van sy Heilige Gees toerus, sodat mense wat hulle verkondiging hoor, die grote en heilige God daarin ontmoet, tot oortuiging van skuld en verdoemlikheid kom, en die verset en onbekeerlikheid van menseharte deur die krag van die Woord oorwin word?

Stel jou voor dat onder swart en bruin mense nie meer die teologie van rewolusie verkondig word nie, nie meer flou sedeprekies gehoor word nie, nie meer vir die gemeente vertel word hoe wonderlik hulle is en hoe sleg die blankes is nie, maar dat die evangelie van soewereine genade verkondig word, sodat die kerke in Soweto, Crossroads, Coronationville, Verulam, in dorpe en op boereplase, oorstrom word deur mense in wie se harte God die honger na verlossing geskep het? Dat die kerke in die swart gebiede nie meer vrouenskerke is nie, maar ook vol vernieude mans sit; dat kerke van swartes nie meer finansiële hulp van blankes nodig het om hulle eie predikante te versorg nie; dat die angste en haat uit hulle harte en oë verdwyn het; dat politieke en ander moorde nie meer moontlik is nie; dat die shebeens sluit vanweë gebrek aan klandisie; dat die voorman nie meer nodig het om by die werk agter arbeiders te staan nie. Stel jou voor die trappe van Parkstasie met spitsuur, vol vrolike, dansende arbeiders op pad huis toe van die werk af wat veelstemmig die lof van Christus besing.

Stel jou voor dat predikante nie meer teologies en geestelik al hoe verder uitmekaar dryf, mekaar agteraf beskinder en beveg en teen mekaar knoei nie, maar mekaar liefhet en liefdevol en eerlik met vrymoedigheid vermaan.

Stel jou voor dat kerkvorste en moderne teoloë hulle bekeer; dat Skrifkritiek en modeteologieë nie meer in 'n enkele teologiese fakulteit of Departement Bybelkunde die hoë mode is nie; dat Skrifstudie en selfs die studie van populêre teologiese werke so floreer dat die uitgewers van godsdienstige boeke meer floreer as drankwinkels vroeër.

Stel jou voor dat man en vrou weer met mekaar versoen raak; dat die huwelik weer as heilig beskou word; dat die egskedingsyfer so daal dat dit weer 'n skande word om te skei; dat die prostitute werkloos word en hulle bekeer; dat V.I.G.S. 'n nekslag kry; dat homofiele van hulle sonde verlos word en dat dit weer as sonde herken word.

Stel jou voor dat korrupsie in die staatsdiens onmoontlik word; dat selfsug uit die politiek verdwyn; dat die beswadding van politieke teenstanders nie meer vir kiesers aanvaarbaar is of deur hulle toegejuig word nie; dat die rykes nie meer angsvallig alle welvaart vir hulleself wil hou nie, maar die oorvloed van hierdie land wat God aan ons geskenk het met al sy inwoners wil deel; dat die uitbuiting van arbeiders ophou dat op elke plaas netjiese huise vir arbeiders staan; dat jongmense van verskillende volksgroepe mekaar nie meer wantrou en vermy nie, maar mekaar opsoek en saam die Here dien, saam Bybelstudie doen, mekaar leer ken en waardeer, saam met die evangelie uitreik na verlorene.

Stel jou voor dat in die weermag dit nie meer nodig is dat hoë offisiere korporaals moet belet om te vloek en te laster nie, omdat hulle dit nie meer voor gelowige troepe durf doen nie, of omdat hulle self gelowiges is; dat rekrute nie meer dopgehou hoef te word vanweë die gevaar van dwelmgebruik nie; dat dit nie meer nodig is om troepe te leer om die vyand te haat om sodoende van hulle toegewyde doodmakers te maak nie; dat liefde vir hulle land en die vryheid van al sy bewoners vir hulle voldoende motivering is om dapper te wees sonder om wreed en dierlik te word.

Stel jou voor dat die Moslems in ons land ons hoogste Profeet, Jesus Christus, as God se Seun, die ware profeet, aanvaar, en dat Jode in groot getalle in Hom hulle verwagte Messias leer ken; dat spanne sendigarbeiders uit hierdie land na alle dele van die wêreld stroom, dat ons so tot seën word vir die hele wêreld.

So lyk 'n land waarin God 'n diepgaande herlewing geskenk het. So het dit in die verlede gelyk in dorpe en lande waar die vrese van die Here teen goddeloosheid gewens het.

'n Aantal inspirende voorbeelde van sodanige herlewings is in die geskiedenisboeke opgeteken.

Aan my mede-gereformeerdes

Gelukkig is die Koninkryk van God groter en wyer as gereformeerde kerke. God doen magtige dade deur wie Hy in sy soewereine welbehag wil. Sy geliefde kinders is versprei in baie kerke en oor die hele wêreld. Daar is baie mense wat die leer van God se soewereine genade nie ken nie, maar nogtans hulle verlossing by Christus alleen soek en so tog aan daardie soewereine genade deel het. Daar is baie mense wat die Bybelse uitverkiesingsleer nie kan aanvaar nie, maar wat nogtans deur God in sy genade uitverkies is. Hulle almal is kinders van my Vader, my broers en suster, in Christus vir ewig aan my verbonde.

Tog het ek 'n besondere band met daardie kerke en Christene met wie ek deel in dieselfde kosbare belydenis van God se vrymagtige verkiesende genade, en dit is vir my 'n bron van

groot droefheid dat juis by baie Afrikaanssprekende gereformeerdes daar veel onbegrip is oor die heerlike werk van God se vrymagtige genade in herlewing.

Wat Martyn Lloyd-Jones skryf, geld van baie van ons. Hy sê: "Helaas! Dit lyk of selfs die begrip herlewing vir baie goeie Christenmense iets vreemds geword het. Daar is selfs mense wat blykbaar 'n hekel aan die gedagte het en selfs daarteen praat en skryf. So 'n houding is te wyte aan sowel 'n ernstige wanbegrip oor die Skrif as aan 'n betreurenswaardige onkunde oor die geskiedenis van die Kerk" (Sprague 1958: ev).

Wêreldwyd is dit anders. Diegene wat herlewing teenstaan, vind jy hoofsaaklik by modernistiese, vrysinnige strominge, en glad nie by Gereformeerdes nie. Ek het briewe geskryf na die professore in Kerkgeskiedenis van gereformeerde teologiese seminaries dwarsoor die wêreld, van Skotland tot in Australië, en deur almal word die verskynsel van herlewing hoog waardeer as 'n kerkvernuwende werk van die Heilige Gees. Almal waarsku wel tereg teen menslike dwalinge wat met herlewings gepaard kan gaan en dit in diskrediet kan bring, maar niemand staan as gevolg van hierdie moontlikheid negatief teenoor herlewing op sigself nie. Die enigste uitsondering is 'n kerkgroep wat nie meer as behoudende gereformeerde kerke beskou kan word nie, en met wie meer en meer gereformeerde kerke hulle verband verbreek, naamlik die Gereformeerde Kerken in Nederland.

Ongelukkig het die idees oor herlewing vanuit daardie kerke deurgesypel na baie Afrikaanssprekende Gereformeerdes in Suid-Afrika. 'n Vooraanstaande dogmatikus, Prof. Willie Jonker van die Teologiese kweekskool in Stellenbosch, skryf aan my: "Die probleem is eenvoudig dat die konsep van herlewing 'gekaap' is deur allerlei heiligheidsbewegings en entoesiastiese groepe wat in hulle teologie beslis Arminiaans is en die deurgangsweg vorm na 'n tipe geloofsbeleving wat uitmond in die Pentekostalisme... As jy kan help om die lug te suiwer en die begrip 'herlewing' te omskryf op sodanige wyse dat dit nie maklik ruimte bied vir bogenoemde bedenkinge nie, sal dit baie goed wees. Dat ons behoefte het aan 'n deurtastende geestelike vernuwing, staan soos 'n paal bo water. Ons kan eenvoudig nie so voortgaan soos tans nie" (persoonlike brief 9 Maart 1987).

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika staan oor die algemeen afwysend teenoor die verskynsel van herlewing. Ook in die Gereformeerde Kerke onder die blankes was daar in die verlede onbegrip oor en weerstand teen herlewing. Dit is anders in die Gereformeerde Kerke in Venda, omdat hulle hulle geestelike instelling veral te danke het aan persone wat ernstig vir herlewing bid, getuig en werk, en hulle geestelike en numerieke groei te danke het aan herlewing wat in 1976 begin het en die karakter van die kerke grondig verander het.

Ek meen dat die negatiewe instelling van Afrikaanse Gereformeerdes in geen geringe mate nie teruggevoer kan word na die geskrifte van die geëerde gereformeerde kerkvader, J D du Toit (Totius).

Totius oor herlewing

Wat Totius oor herlewing en reformasie sê, kan 'n mens moeilik kort saamvat. Hy skryf in sy rype ouderdom anders oor herlewing as in sy jeug. Maar ook in die jeugwerk, sy doktorske proefskrif, merk 'n mens iets van 'n dubbelslagtigheid in sy beoordeling van hierdie verskynsel en sê hy selfs dinge wat totaal teenstrydig met mekaar is.

Hy stel daarin "Revival" gelyk met Metodisme. Hy kom tot die slotsom dat die Revival-idee uit 'n Arminiaanse vorm van Metodisme gebore is, en noodwendig die universele

versoening veronderstel. "Dit stoel dan op drieërlei wortel: die Mistisisme, die vals Optimisme, en vals Idealisme, en stel hom as sodanig teenoor die bewuste, serieuze en realistiese aard van die Gereformeerde religie" (1962:94-97). Daarom noem hy dit dan ook "kerkverwoestend" (1962:101).

Tog noem hy dit 'n paar bladsye verder "'n gewettigde reaksie" wanneer die ware vorm van die kerk verlore gaan (1962, 109), en sê uiteindelik selfs dít: "En waar in die boesem van die christelike kerk die stroom van geestelike lewe in ortodoksisme en rasionalisme versand, daar is 'n Revival na Metodistiese trant dikwels die enigste redmiddel" (1962:143). 'n "Kerkverwoestende verskynsel" word hier bygeroep as "die enigste redmiddel" van die kerk!

Ek glo nie dat 'n kerkverwoestende verskynsel die enigste redmiddel van die kerk kan wees nie. Totius se proefskrif is nie sy grootste werk nie, dit is onrype jeugwerk. Gelukkig is daar by elke teoloog groei. Jare later, in 1944, erken die ouer Totius, nou meer in die trant van Abraham Kuyper, dat daar ook suiwer, reformatoriese herlewing kan wees, en dit is dan volgens hom die redding van die kerk.

Vanwaar die dubbelslagtigheid by Totius? Dit blyk duidelik uit sy geskrifte dat hy nie die verskynsel van herlewing in sy volle omvang beskou het nie. Hy het die negatiewe aspekte van die Wesleyaanse Revival raakgesien en aangedui. Dit was sy roeping onder die destydse omstandighede. Hy het egter nie raakgesien dat die Wesleyaanse vorm van Revival **nie** die ware of enigste vorm van herlewing is nie. As student kon hy hom nie losmaak van die sterk intellektualistiese vorm van Calvinisme wat veral sedert die loopbaan van sy promotor, H H Kuyper, in die Gereformeerde Kerken in Nederland die toon aangegee het nie. Dit is trouens opmerklik hoe eensydig Totius in sy proefskrif sy bronne gebruik. Afgesien van Tracy se standaardwerk oor die Eerste Groot Ontwaking in Amerika, en nog drie ander (Edwards, Sprague en die geskrif van leiers van die Skotse kerke uit 1840) waaruit hy min aanhaal en waarna hy selde verwys, is daar geen aanduiding dat hy bronne uit 'n Engelse, Skotse of Amerikaanse Calvinistiese hoek in sy proefskrif gebruik het vir sy beoordeling van en inligting oor die "Evangelical Revival" nie. Genoemde vier werke is uitstaande geskrifte vanuit 'n suiwer reformatoriese belydenis, en hulle siening op herlewing is sterk positief. Totius noem dit nie en swyg daardie bronne feitlik dood. 'n Mens kan geen ander afleiding maak nie as dat daardie bronne nie in sy promotor, H H Kuyper, se intellektualistiese raamwerk gepas het nie. Maar dis opmerklik hoe skerp negatief Martyn Lloyd-Jones juis daardie intellektualistiese vorm van Calvinisme beoordeel, en hoe power dit volgens hom met die Skotse en veral die Walliese vorms van Calvinisme vergelyk. Ewe duidelik spreek K Runia hom in *Centraal Weekblad* van 16 Januarie 1987 daarteen uit.

Abraham Kuyper

By al sy beperkings is Abraham Kuyper 'n teoloog van veel groter statur as sy latere dissipels en opvolgers. Dis opmerklik dat hy ook heelwat positiewer oor herlewing skryf. Ek hoef maar net aan te haal uit sy *Tractaat van de Reformatie der Kerken*, par. 53, getiteld: "Reformasie deur geestelike opwekking". Ek vertaal en haal aan: "Geestelike opwekking, réveil en revival, is 'n woord wat later in swang gekom het vir wat ons vaders beter genoem het 'verbondsvernuwing'. 'n Beskrywing volg dan van wat Kuyper onder "geestelike opwekking" verstaan: "Dan is dit die tyd van welbehag dat God sy volk besoek. Met die openbaring, invloede en inwerkinge van sy Gees gaan Hy kragtiger as in lang tye na die siel van sy volk uit. Eers word in enkele harte en dan gaandeweg in kleiner of groter kringe 'n onvoldaanheid met die geestelike toestand gebore; hulle siele ween weer uit die diepte; wat verstyf gelyk het, smelt weer; die tonge raak los; daar kom 'n begeerte tot selfverloëning, en die Woord en die gebed en die lofprysing kry 'n innerlike soetheid wat hemels voel as jy dit vergelyk met die dorheid waaroor so lank gekla is" (1884: 121, 122).

Hiermee is Kuiper in pas met gereformeerdes oor die hele wêreld. As 'n mens by voorbeeld lees wat Tracy oor die Eerste Groot Ontwaking in Amerika skryf, die werk van Whitefield, Edwards en andere in Amerika, merk jy dat daardie herlewing nie kerkverwoestend was nie, maar juis meer as enigiets anders tot kerkherstel bygedra het. Toe Sprague in 1832 sy boek *Lectures on Revivals* geskryf het, het hy ook aan 'n aantal leidende figure in die Presbiteriaanse en Kongregasionalistiese kerke in New England geskryf met die versoek om hulle siening oor herlewing op skrif te stel. Twintig van die antwoorde is in 'n bylae tot sy boek gepubliseer. Dit was die antwoorde van 'n aantal predikante en van die rektore van die kolleges wat later die universiteite van Yale en Princeton geword het, en van Williams College, Franklin College, Amherst, Dartmouth College, Hamilton College, Rutgers College, Dickenson College, om sommige te noem. Al hierdie manne was destyds teoloë wie se Calvinistiese teologie bo verdenking gestaan het, soos ook uit hulle briewe blyk.

Uit hulle antwoorde blyk twee dinge duidelik. Eerstens is dit duidelik dat die Revival-idee sy wortels nie in die Arminianisme, Mistisisme, Idealisme of vals Optimisme het nie, maar in die Puriteinse Calvinisme en die Sestiende Eeuse Reformasie. Tweedens blyk dat al die herlewings gedurende die Eerste en Tweede Groot Ontwakings in Amerika wat hulle beskryf, nie para-kerklike verskynsels was nie, maar binnekerklik; **nie langs nie, maar binne kerke** plaasgevind het, deur die gewone genademiddele, en dat dit absoluut kerkvernuwend was.

Totius en Kuiper

Totius het in sy teologie sterk teen Kuiper aangeleun. Dit blyk ook uit wat hy in sy ryper jare, 40 jaar na sy proefskrif, oor herlewing skryf (Die Kerkblad 20 Oktober en 3 November 1944). Daar neem hy Kuiper se gedagtes oor, en praat baie positief oor "herlewing, revival of réveil". Dit beskryf hy dan as "die verslapte kragte van die kerk opbeur". Dit is vir hom die begin van alle ware vernuwing in die kerk. As die vernuwing verder gaan, is dit volgens Kuiper en Totius "kerkherstel", en nóg verder, "reformasie". Maar, sê hy – en dis belangrik – sowel by kerkherstel as by reformasie moet geestelike verwakkering die uitgangspunt wees.

Hier het ek my kerkvader weer gevind! Sonder herlewing is daar inderdaad geen ware kerkherstel, geen diepgaande reformasie nie.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat Totius méér as net "Het Metodisme" oor herlewing geskryf het. Desnieteenstaande is dit duidelik dat hy die verskynsel nooit werklik deur dink het nie en daarom ook nie as die finale gesag oor herlewing aangehaal kan word nie.

Sy terminologie is baie verwarrend. Jy moet gis oor wanneer hy van 'n Metodistiese en wanneer van 'n reformatoriese herlewing praat. Selfs die term "reformasie" gebruik hy op 'n verwarrende wyse in verskillende betekenisse. Soms gebruik hy dit soos ons dit almal bedoel wanneer ons bv. praat van "Die Instituut vir Reformatoriese Studies", of wanneer ons sê ons moet gedurig reformeer (*semper reformanda*). Daarmee bedoel ons die plig van die kerk om gedurig na die Woord terug te keer. Maar Kuiper bedoel in sy *Tractaat*, waarin Totius hom navolg, soms iets heeltemal anders, naamlik afskeiding van die valse kerk. Die *Tractaat* is immers Kuiper se program, voorbereiding, vir die Doleantie van 1887. Daarin is reformasie vir hom afskeiding, nuwe kerkformasie, die mees radikale vorm van kerkherstel, wanneer alle ander maatreëls gefaal het. Die punt is dat wanneer Totius van herlewing of reformasie praat, jy moet seker maak wat hy daarmee bedoel. Omdat mense dit nie besef nie, en wegloop met die eensydige beeld wat die jonge Totius in sy proefskrif skets, wek die verskynsel van herlewing by baie gereformeerdes 'n ongunstige reaksie op, en moet 'n mens selfs die bedroewende feit in die oë staar dat jy herlewing moet verdedig

teen die vooroordeel en weerstand van reformatoriese Christene wat sonder die herlewings wat God in die verlede gegee het, dalk nie eers Christene sou gewees het nie. Totius skryf tog self dat die herlewing die impuls is wat elke kerkvernuwing en reformasie vooraf moet gaan. Daarom kan en moet ons ook die Sestiende Eeuse Reformasie 'n herlewing noem.

Maar omdat soveel van ons herlewing afwys, verlang ons nie daarna nie en bid ons nie daarvoor nie, en bedroef op hierdie manier die Heilige Gees. Daarom kan ons ook nie tot kerkherstel en reformasie kom nie, omdat ons die voorvereiste daarvoor, naamlik herlewing, van die hand wys.

Ons het hierbo voldoende aangetoon dat wie herlewing wil bevorder, in baie goeie geselskap verkeer. Dis net so maklik om uit die geskiedenis van die kerk aan te toon dat wie herlewing teenstaan, hom in baie slegte geselskap bevind. Herlewing is nog altyd beveg deur spotters, vrysinnige Arminiane, onbekeerde teoloë, selfgenoegsame predikante en kerklidmate, wat gedink het hulle is goed genoeg vir die Here soos hulle is, en mense wat in hulle gewete geprikkel is oor die oproep tot bekering wat in herlewings tot hulle uitgaan. Maar genoeg hieroor.

Uit 'n sendingrapport

Uit 'n rapport wat 'n aantal sendelinge van die Geref. Kerke in Suid Afrika, 'n aantal jare gelede vir Sinodale Sendingdeputate opgestel het, blyk 'n aantal verontrustende gegewens, wat kortliks hier genoem word.

Nagenoeg 40% van die kerke doen nie aktief sendingwerk nie.

Nagenoeg 33% van die lidmate stel nie in sending belang nie.

Nagenoeg 50% van die kerke dra alleen deur ramings tot sending by.

Meer as 75% van die kerke bestee minder as 10% van hulle inkomste direk aan sending.

Daar is weinig kennis van wat in ander bevolkingsgroepe se lewens aangaan.

Gedurende vyf jaar was daar in die sendingwerk van byna 60% van die kerke minder as 10% groei.

Meer as 70% van die kerke dink dat hulle minder as 10% van die swart bevolking met hulle werk bereik.

'n Mens kan uit hierdie feite nie anders aflei nie as dat daar by baie van ons 'n gebrekkige Godskennis is, wat hom openbaar in 'n gebrek aan verootmoediging, bekering en gebed, en 'n gebrek aan geloofsdiepte en -sekerheid.

Tot sover die sendingrapport.

Hierdie sondes roep tot bekering en reformasie, maar ons is magteloos om te reformeer as die Here nie eers herlewing skenk nie.

Die basiese probleem by alle geestelike veragtering en deformatsie is *gebrekkige Godskennis*.

Maar daarvoor is die enigste raad dat die kerk weer in die prediking van die Woord sy God in sy grootheid, werklikheid en heiligheid sal ontmoet. Dit is wat herlewing is: dat God so werklik word dat mense as't ware voor sy heilige troon staan.

As 'n sondaar God so persoonlik leer ken, moet hy homself verootmoedig of vergaan; sy sondes word vir hom so afskuwelik, sy skuld so ondraaglik, dat hy nie meer sonder Christus verder kan leef nie, maar vergifnis moet ontvang en hom moet bekeer; sy geloof groei tot groter diepte. In tye van herlewing groei mense soms meer in 'n week wat hulle kennis van en insig in en hulle gehoorsaamheid aan die Skrif betref, as wat hulle gewoonlik in jare groei.

Omdat mense in herlewing so diep onder die oortuiging van hulle skuld en verlorenheid gebring word, is die vreugde en dankbaarheid oor verlossing ook onbeskryflik groot. Nie

net hulle harte nie, maar ook hulle beursies gaan vir die evangelie en die kerk van Christus oop. Gemeentes bly nie meer finansiël van ander afhanklik nie, maar uit hulle armoede kan hulle nog meer as genoeg vir hulle gemeentelike behoeftes vind – ook swart en bruin gemeentes. 'n Mens dink aan die gemeentes in Macedonië (2 Kor 8 and 9).

'n Kerk wat nie 'n missionêre liggaam is nie, kan nie deur 'n herlewing gaan sonder om daarna missionêr te word nie. Kuyper sê dat die nuwe lewe wat in herlewing gewek word, in die baan van sending en evangelisasie vloei.

Waar wedersydse geslotenheid en rassisme heers, en waar mense mekaar wantrou en selfs haat, bring die volheid van die Gees wat met herlewing oor die kerk vaardig word, liefde en deernis. Harte en huise gaan vir mekaar oop, mense aanvaar en ontvang mekaar as broeders en susters in die Here, of minstens as medeskepele van God. Uit 'n skrywe wat ek vandag (2011-09-13) van 'n vriend in Pinetown intvang het, haal ek aan:

“Ook van die pas afgelope vergadering van die Klassis KZN-Suid het Henning en Hans die pragtigste getuienis gebring van onderlinge liefde en broederskap oor ons ras en taal grense heen. As ons aan mekaar dink, dan is die verlange om mekaar weer te sien die eerste gedagte – voorwaar 'n herlewende ervaring van die Heilige Gees as ek dit vergelyk met die gesindheid en atmosfeer wat skaars twee jaar gelede nog aan die orde was.”

Waar gebrek aan ampsdraers, predikante, ouderlinge en diakens is, bring die Heilige Gees met herlewing 'n oorvloed van gawes wat die verhoogde Christus uit die hemel op sy kerk uitgiet: gawes van lering, leiding, regering, barmhartigheid, insig, onderskeiding. En wat is 'n amp, 'n diens in die gemeente, anders as dat die gemeente hierdie gawes van God erken en daardie mense wat dit ontvang het, in die roeping stel? Tydens en na 'n herlewing hoef daar nie meer gekla te word oor onwaardige diensknegte wat die Naam van hulle Here meer skade as eer aandoen, en die gemeente eerder afbreek as bou nie.

Die term "herlewing"

Ek kan my volkome met Kuyper vereenselwig in sy beskrywing van wat herlewing is, hoewel ek daar heelwat sou wou byvoeg, veral wat betref die persoonlike ontmoeting met die Here wat Homself deur sy Woord as 'n ontsaglike werklikheid openbaar, en die besondere effek, die diepe en wye trefkrag wat Hy in herlewings aan sy Woord skenk. Terwyl ek geen beswaar het teen die terme "opwekking" of "verbondsvernuwing" om die verskynsel te beskryf nie, verkies ek om verskeie redes die term *herlewing*. Nie alleen word die term *revival* onder Engelsprekende Calviniste algemeen aanvaar nie, maar dit is ook Skriftuurlik goed gefundeer.

Die profesieë van Esegïël teken vir ons sodanige kerkvernuwing as die wind van God, die Heilige Gees, wat oor 'n laagte vol doodsbeendere waai en hulle tot nuwe lewe wek. Dan gaan staan hulle op hulle voete, "'n ontsaglike groot leer" (Esegïël 37). Hierdie beeld, goed uitgedruk in die term "herlewing", laat *alle nadruk* val op die hopelose en hulpelose toestand van 'n gedeformeerde kerk wat die Heilige Gees bedroef het, en op *die soewereine, magtige, lewewekende krag van God die Heilige Gees wat alleen lewe kan wek*. Trouens, die hele geskiedenis van God se volk in die Ou sowel as in die Nuwe Testament kan beskryf word as 'n proses van afvalligheid, geestelike *dood en doodsheid, waaruit God in sy soewereine genade telkens weer nuwe lewe skep*.

Dit beteken nie dat daar in 'n ongehoorsame of afvallige kerk geen gelowiges meer oorgebly het nie, of dat ons die genadewerk van die Heilige Gees selfs in so 'n kerk misken nie. Toe Esegïël die visioen van die laagte vol doodsbeendere sien, het hy nie daarvan afgelei dat daar geen gelowige Israelite meer oorgebly het nie. Inteendeel, hy wis baie goed dat

daar wel gelowige Jode was en dat dit juis hulle was wat tot God roep: "Ons beendere is verdor, ons verwagting is verlore, dit is klaar met ons!"

Wanneer die Gees van God dan oor die laagte vol beendere waai en lewe skep, is daar geen beter woord as *herlewing* om dit te beskryf nie.

"Op hierdie punt", sê Van't Spijker (1974:91 ev), "kan ons baie by Calvyn leer, en haal dan aan wat Calvyn in sy kommentaar op Miga 4:6 sê:

"Wanneer Calvyn oor die herstel van die kerk praat weet hy ook van die oordeel van God. God maak dood en Hy maak lewend.

"Die hoofsaak is volgens Calvyn, dat ons nie moet wanhoop nie, hoewel die kerk soms in niks van 'n dooie of minstens 'n verminkte mens verskil nie, want die Here wek herhaaldelik die wat aan Hom behoort op, net soos Hy 'n dooie uit die graf laat opstaan. En dit moet ons sorgvuldig in die oog hou, omdat ons wanneer die kerk nie soos 'n lig skyn nie, meen dat dit heeltemal uitgedoof is en vergaan het. In der waarheid word die kerk op so 'n manier van die wêreld bewaar dat dit dikwels uit die dood opstaan. Vandaar dat die bewaring van die kerk elke dag gepaard gaan met baie wonders. Maar dít sal ons vashou, dat die kerk nie leef sonder opstanding nie, ja, selfs nie sonder vele opstandings nie, by wyse van spreke".

Herlewing en reformasie in die Ou Testament

In sy studie oor die Koninkryk van God in die Ou Testament (1980:3-6) toon J L Helberg aan dat God sy heerskappy oor die mens handhaaf, ook al is die mens ten dode gevalle. Die sondigheid en verset van die mens lei telkens daartoe dat die mensdom en selfs die volk van God in 'n geestelike doodstaat verval, maar telkens gryp God in en skep lewe uit die dood. Dit is wat ons *herlewing* noem. Hierdie proses gaan voort in die Nieu Testamentiese bedeling.

Drie voorbeelde van reformasie in die Ou Testament werp lig op die verhouding van herlewing en reformasie, naamlik die reformasies in die tyd van Samuel, Josia en Esra.

Samuel: Herlewing en ware reformasie

Samuel is geroep in 'n tyd van totale godsdienstige verwildering, 'n dieptepunt van geestelike en nasionale verval, so kenmerkend van tye in die lewe van die kerk direk voordat God ingryp en lewe uit die dood skep. Die woord van God was skaars, die priesters het in die tempel hoereer, die offers is geminag, die heiligdom het in die hande van die onbesnede Filistyne verval. Dit was teen die einde van die Rigtertyd, toe elkeen gedoen het wat goed was in sy eie oë, huisgode die plek van die HERE ingeneem het, en die Benjaminiete selfs die swaard kon opneem om die verkragters en moordenaars van Gibeon te beskerm!

Dan begin God weer spreek en Hy roep Samuel, daardie profetiese, priesterlike en koninklike, Geesvervulde godsmansman by uitnemendheid.

Samuel vergader skole *profeteseuns – teologiese skole of Bybelskole* in die Ou Testament, wil 'n mens dit byna noem! Deur hierdie manne word die Woord soos suurdeeg na die volk deurgewerk. Hoewel die tempelkultus en die funksionering van die priesters by 'n heiligdom tydelik vanweë die politieke ineenstorting onmoontlik geword het, roep God self 'n aantal manne buite die kultus op en vervul hulle met sy Gees. Hulle profeteer, dikwels met manifestasies van ekstase, en die woord van God werk magtig. Na die verbondsvernuwing by Mispa (1 Samuel 7) hoor 'n mens nouliks nog van Baaldiens. Dit was blykbaar nie toe 'n gevaar soos drie eeue later in die tyd van Hosea nie. So

onweseulik lyk die gevaar van Baälisme in die tyd van Samuel dat die HERE nou self Baäl, "Heer" genoem word. Die naam "Baälja", "Jahwe is Baäl, kom voor (1 Kron. 1:5), en Jahwiste soos Saul en Dawid noem hulle seuns "Ishbaäl" ("Man van Baäl", "Man van die Heer"; 1 Kron. 8:33; 9:39; 14:7). Kretense en Filistyne word Dawid se lyfwag (die Kreti en die Pleti). Die Hetiet noem sy seun Uria ("Die HERE, Jahwe, is my lig"). 'n Filistyn, Obed Edom uit Gat, bewaak die ark in sy huis en word geseën. *Dit beskryf wat met herlewing bedoel word, soos Kuyper dit ook beskryf: 'n buitengewone breë en diep werking van die Heilige Gees, wat alle weerstand voor Hom wegvee.*

Op hierdie geestelike verwakking, of opwekking, volg wat Kuyper noem "kerkherstel" – wat ons meesal met die term "reformasie" beskryf. Dit is die noodwendige resultaat van hierdie magtige impuls. Die ark word na Jerusalem gebring en die erediens herstel; die priesters en Leviëte doen weer hulle werk op 'n waardige manier: hulle bestudeer die wet en word leraars vir die volk. Psalmodie en profetiese geskiedskrywing beleef 'n bloeitydperk.

Josia: Geen herlewing, geen ware reformasie

In die tyd van Josia tree daar een van die grootste profete op. Jeremia, uitverkore instrument van God, 'n man wat reeds van sy prille jeug af geroep en vir God se diens afgesonder is, laat, vol van die Heilige Gees, sy kragtige, bewoë basuine van waarskuwing hoor. Die jong koning Josia gee sy volle samewerking aan die profete. Menslik gesproke is die omstandighede uiters gunstig vir vernuwing.

Uitwendig volg daar dan reformasie of kerkherstel. Daar word allerweë gepraat van die "reformasie van Josia". Die tempel word herstel, dankoffers vloei weer in, die afgode word uit die tempel verwyder en hulle priesters word op hulle altare geslag. Die volk vernuwe die verbond en vier die grootste Paasfees ooit. *Uitwendig* hou hulle hulle aan die bepalings van die verbond solank Josia leef!

Maar Josia is nouliks in sy graf, of hulle doen weer saam met Jojakim "afskuwelike dinge" (2 Kron. 36:8). Die afgodediens word met vaandel en wimpel in die tempel ingevoer. Waarom? Omdat hierdie kerkherstel nie op die impuls van herlewing of innerlike vernuwing gevolg het nie. Dit het in die uitwendige bly steek. Dit was Josia, hulle koning, wat "hulle verplig het om die HERE hulle God te dien" (2 Kron. 34:33). Jeremia se profesieë dateer onder meer uit hierdie tyd, en sy oordeelsprediking is net so skerp ná die reformasie as daarvóór: "Kan 'n Kussiet sy vel verander of 'n luiperd sy vlekke? Sou julle kon doen wat goed is, julle wat so gewoon is aan die kwaad? ... Die hart is bedriegliker as enigiets anders, hy is ongeneeslik; wie kan hom verstaan?" (Jer. 13:23, 17:9).

Esra: Weer herlewing met ware reformasie

Na Josia verval die volk weer. In die ballingskap verloor hulle hulle onafhanklikheid, hulle land, selfs hulle identiteit as Hebreërs, en hulle praat voortaan óf Aramees, óf die tale van die diaspora. Die HERE gebruik hierdie toestand waarin hulle verkeer om hulle harte sag te maak. Wanneer Esra na vore tree en die wet aan hulle voorlees, maak die Gees hulle harte week soos reën die kluite, en die saad groei. Hulle huil hardop oor hulle sonde (Esra 10:1) -- 'n kenmerkende verskynsel tydens herlewing! Net soos herlewing gekenmerk word deur groot droefheid oor sonde, is daar ook groot vreugde oor vergifnis en genade. In Esra lees ons vir die eerste keer van gevalle waar God die Gees so 'n droefheid, maar ook so 'n vreugde bewerkstellig (Esra 6:22).

Soos te verwagte, volg daar uit hierdie goddelike impuls 'n diepgaande, bestendige reformasie. Nou is dit moontlik, want tydens die herlewing het die Heilige Gees diep in

die harte van mense ingegryp en dit verander. Dit is die eerste vervulling van die profesie van Esegïel 36 en 37: Die hart van klip is verwyder, die hart wat onbewoë is oor God se liefde, wat geen dankbaarheid ken nie, waarin geen geestelike lewe is nie; God het 'n hart van vleis in hulle binneste geplaas, 'n hart wat God ken en ruimte het vir sy Gees, 'n kinderhart vol liefde. Die doodsbeendere staan op as 'n krygsmag van die HERE.

Die tempel word herbou, die stadsmure herstel, getrou aan die bepalings van die wet van Moses, die behoefte word hulle skulde kwytgeskeld en die slawe word vrygelaat. Die heidense vroue word weggestuur en die sabbat word weer geheilig. Daar word ruim bygedra vir die onderhoud van die Leviete, sodat hulle nie meer hulle tyd moet verkwis vir hulle daaglikse lewensonderhoud nie, maar aan die diens van die Woord aandag kan gee. Die feesdae en vasdae word onderhou. Die verbond word vernuwe, maar anders as in die tyd van Jojakim, hou die volk hulle nou daaraan. Sedertdien het afgodediens feitlik iets onbekends by die Jode geword. Waarom? Omdat daar herlewing was, opstanding uit die geestelike dood. Hulle *harte* is verander!

Laagtes vol doodsbeendere in die geskiedenis van die kerk

'n Mens sou verwag dat dit in die geskiedenis van die Nuwe Testamentiese kerk beter sou gaan as in die tyd van die Ou Verbond, in dié sin dat daar nie meer van doodsbeendere sprake sou kon wees nie. 'n Oorsig oor die geskiedenis bevestig egter wat Calvyn skryf, naamlik dat die kerk in hierdie bedeling ook maar uit sondige mense bestaan wat net so hardnekkig en afvallig soos die ou Israel is en wat die Heilige Gees bedroef en uitblus. Die beeld van die kerk uit die tyd voor die sestiende eeuse Reformasie was nie minder ongunstig as in tye van afvalligheid gedurende die Ou Verbond nie.

Totius skryf (*Die Kerkeblad 20 Oktober 1944*): "Aaklig is die toestand van geestelike ingesonkenheid wanneer dofheid, allerhande sondes en wêreldsin die oorhand het. Die Woord word dan nog wel gesaai, maar dit val (soos Jesus gesê het) op die harde pad. Die voëls kom en die uitgesaaide korrels kry vlerke en vlieg weg. Jesus sê met nadruk: *'Luister!'* (Mark. 4:3). Maar dié soort hoorders hoor nie. Dit is nie eens dat hulle nie *wil* hoor nie. Dan is daar tog nog verset, dus 'n mate van lewe daar binnekant, al is dit verkeerd. Nee, dit is iets ergers. Hulle *hoor* nie. Die hart is vereelt, hard soos 'n pad. 'n Ingang is daar nie meer nie. Dit is kerk in en kerk uit, afgedaan!"

"Dat sulke dooierige toestande in die gemeente kan voorkom, blyk al uit die briewe wat die Here aan die Klein-Asiatiese gemeentes laat skrywe het (Openbaring 2 en 3). In later tyd is die kerk dan ook dikwels deur sulke droogtetoestande geteister. Of u nou al 'n preek lees uit die 5de en 10de of 15de of 20ste eeu, telkens moet ons maar hoor van die naam-Christendom, telkens maar weer dié monotone klaagtoon opvang".

John Bonar, een van die leiers van die Disruption waarin die Free Church of Scotland tot stand gekom het, skryf dat sulke toestande die rede is waarom daar behoefte sal bly bestaan aan herlewing: "And so long as the world remains a valley of the shadow of death, every where times of revival will be required – every where needed – every where to be sought" (*Scottish Evangelical Leaders, 1840:11*).

Telkens in die geskiedenis van die Nuwe Testamentiese kerk was daar sulke tye van dorheid waartydens die kerk die beeld van 'n laagte vol doodsbeendere vertoon het.

So 'n tyd was die laaste deel van die sewentiende en die eerste deel van die agtiende eeu. Dit was die tyd toe die Rasionalisme en sy kind, die Aufklärung, wat in teologie en prediking sy neerslag gevind het in die vorm van deïsme, unitarisme en verregaande

verdraagsaamheid teenoor dwaalleer, hoogty gevier het James Culross beskryf die gevolge hiervan in die godsdienstige lewe van die bevolking (Ryland 1983:p): "The condition of England in this century, which Carlyle names 'the godless eighteenth century', was deplorable. For the most part the churches seemed to have forgotten their calling. The 'antinomian devil' among others, and the 'scoffing devil' of disbelief among others. There were some so-called Christian ministers who went on rattling dry bones in the pulpit, or droning their hearers to sleep, or preaching a gospel of good advice, like old Pagans, the only Christian thing about them being their white necktie. The very atmosphere was charged with doubt. It was well known that in the Established Church there were many who declared their assent to doctrines which they did not believe. Swindling was an excusable sin compared with this, which was lying to the Holy Ghost. At the same time public immorality was rampant. Hogarth's pictures reveal the foulness of the period. The 'lower orders', a remnant excepted, were steeped in ignorance and low vices. The common speech was coarse, often profane. Among the 'upper classes', gambling, duelling, blasphemy, lewdness, debauchery and drunkenness, were scarcely regarded as sins.

"Dr. Johnson said he remembered when 'all the decent people of Lichfield got drunk every night, and were not thought the worse for it.' And this was England, sometimes named 'the garden of the Lord!'"

Totius onderskryf hierdie sombere beeld in sy proefskrif (1962:32). Die prediking het in vae moralisme verval. "Dit lê voor die hand dat so 'n moralisme ten slotte alle suiwer Christelike leerstukke van die kansels en uit die harte moes ban. Die beroemde regsgeleerde van Engeland, BLACKSTONE, wat moeite gedoen het om al die Londonse predikers te hoor, het dan ook verklaar dat hy geen enkele leerrede beluister het wat meer Christendom ingehou het as die geskrifte van Cicero nie, en dat dit onmoontlik was om, uit wat hy gehoor het, af te lei of die prediker 'n volgeling van CONFICIUS, MOHAMED of CHRISTUS was". 'n Mens vra jouself af of, indien Revival dan "kerkverwoestend" is, hier hoegenaamd nog 'n kerk was om te verwoes.

Die beskrywing wat Burns hiervan in sy boek *Revivals (1960:289 e.v.)* gee, grens aan die ongelooflike. Selfs die moderne gesekulariseerde Engeland lyk vroom vergeleke die vroeë agtiende eeu. Volgens historici was die meeste van die prominente staatsmanne van daardie tyd volslae ongelowiges wat uitgblink het in die ruheid en sedeloosheid van hulle lewens. Reinheid en huwelikstrou is uit die mode weggesmaal. Lord Chesterfield het in sy briewe aan sy seun hom onderrig in die kuns van verleiding as deel van 'n hoflike opvoeding. Van die prediking sê Dr Johnson dat "die apostels week na week in die kansels van bedrog aangekla is". Die gevolg was onderdrukkende wette, wat veral die laer klasse verontmenslik het en hulle was ongelooflik onkundig en verdierlik.

Maar toe beskik God die herlewingsprediking van Whitefield en die Wesleys, wat daartoe gelei het dat ongeveer een miljoen mense, 'n groot persentasie van die destydse bevolking van Brittanje, weer kerklik meelewend geword het. Die nuwe geestelike lewe het hom ook in wetgewing en verbeterde sosiale toestande laat geld. Historici is dit eens dat dit grotendeels aan hierdie herlewing te danke was dat Engeland die verskrikings van die Franse Rewolusie gespaar is. By al die geregverdigde kritiek op Wesley en die Metodisme mag dít nie vergeet word nie.

Deformasie en reformasie

Die vernuwingswerk van die Heilige Gees in die kerk kan hom in verskillende vorme openbaar.

Die vorm wat vir Gereformeerdes uit hulle naam bekend is, is dié van reformasie. Ons glo *ecclesia reformata semper reformanda*: 'n gereformeerde kerk moet gedurig reformeer, dit wil sê sy teologie, verkondiging en kerklike praktyke moet steeds na God se norm, die Skrif, teruggebring word.

Omdat ons almal sondaars is en God se kerk – die "geroepe heiliges" – gedurig aan afvalligheid en dwaling blootgestel is, moet ons onself en die kerk gedurig aan die tug van die Skrif blootstel en ons van ons dwalinge bekeer.

Een van die *mees* subtiele en tog algemeenste vorm van dwaling is *tradisionalisme*, naamlik om onself en die heersende kerklike praktyke tot norm te maak in plaas van die Skrif self. Tradisionalisme se gevaar lê daarin dat dit selftevreedenheid wek, en ons daarby blind maak vir ons sondes, doof vir die appél van die Skrif en afgestomp vir die eise van die Woord.

Hierdie tradisionalisme kan met 'n voorbeeld verduidelik word. Die Skrif stel baie duidelike eise aan iemand wat as ouderling of diaken gekies mag word. Hy moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou, nugter, verstandig, beskaaf, gasvry en bekwaam om te onderrig; hy moenie aan drank verslaaf of 'n rusiemaker wees nie, maar insiklik, vredeliewend en nie geldgierig nie. Hy moet sy eie huisgesin goed kan beheer. Hy moet nie aanmatigend en opvlieënd wees nie, verstandig, regverdig, vroom en selfbeheers (1 Tim. 3; Titus 1). Uit hierdie eienskappe sal blyk of hy vol van die Heilige Gees is of nie. Dit is egter menslik om met toegewings te kom: "Wie van ons wat hier sit, is volmaak?" Ons vra nie meer of die broer onder bespreking vol van die Heilige Gees is nie.

Broer A se huwelik is nie juis 'n toonbeeld van harmonie nie, maar hy is tog so 'n gawe man. B se Skrifkennis is maar power, maar hy is darem 'n gesiene man. C is seker nie bekwaam om te onderrig nie, maar hy is darem gewillig. D woon slegs twintig persent van die eredienste by, maar hy is so slim en nuttig op 'n vergadering. E word baie spraaksaam as hy 'n paar drankies in het, maar hy kan sy woord so goed doen as hy 'n toespraakie moet hou.

En voor jy jou oë uitvee, het hierdie ouderlinge, hulle instelling en sienings, die norm geword, en die Skrif het in die praktyk niks meer te sê oor wie hulle op die tweetal plaas nie. Daar is nouliks 'n mag so sterk in die hande van die Satan om sonde te verdedig as die mag van tradisie dat 'n kerk nie meer na die Woord wil luister nie, en naderhand selfs nie meer *kan* luister nie. As iemand dan tog by so 'n verkiesing die Woord aanhaal en ons op die Bybelse vereistes vir ampsdraers wys, sit ons verveeld en wag dat "die fanatieke dweper" sy sê moet sê, en ons stel 'n tweetal volgens ons gedeformeerde tradisie.

Nog 'n voorbeeld hang hiermee saam. Die eerste is die onvermoë om werklik konsekwente, liefdevolle, *Bybelse tug* te beoefen. As daar dikwels nie eers aan ouderlinge en diakens Bybelse vereistes gestel word nie, hoe gaan hulle die lidmate vermaan wat die Here aan hulle sorg toevertrou het? Hoe kan 'n ouderling wat selfs in sy kerkbesoek ontrou is, 'n ander lidmaat daarvoor vermaan?

Daar is ook ander vorme van deformasie wat die tug ondermyn. Die vernaamste is da die *Woordverkondiging* so selde as 'n sleutel tot die hemelryk hanteer word wat nie net oopsluit nie, maar ook toesluit. Woordverkondiging behoort die basis te wees van enige ander vorm van tug, en as dit ontbreek, word verdere tug byna ontmoontlik.

Nog 'n vorm van deformasie wat tug bykans onmoontlik maak, is die onverantwoordelike manier waarop massas jong lidmate sommer tot die belydenis van die geloof of *aanneme* toegelaat word sonder dat die kerkraad hom vergewis of hierdie mense werklik 'n lewende geloofsband met Christus het. Min jongmense wat “belydende lidmate” van die een of ander Afrikaanse kerk is, het werklik 'n besef van die basiese geloofswaarhede.

Hier is reformasie nodig, maar ons kan nie sover kom nie. Dit is asof ons verlam is. Predikante kan selde ontken dat die gemeentes waar hulle dien, reformasie nodig het. Almal erken dit, maar dit blyk nie of iemand werklik daarmee raad weet nie. Waarom nie? Ons kan nie reformeer nie, omdat ons nie bid om herlewing, die goddelike impuls waarvan alle reformasie moet uitgaan nie.

Daar word volstaan met 'n laaste voorbeeld: Min kerke is werklik evangeliserende liggame. Elke lidmaat behoort op die een of ander manier betrokke te wees by die uitdra van die evangelie na verlorenes, hetsy deur verkondiging, getuienis, voorbede of deur belangstellendes in jou vriendekring op te neem. Ek het nog niemand teëgekomp wat kan of wil betwis dat ons almal in hierdie saak ontrou is nie, maar daarby bly dit. Ons kan wel diegene kritiseer wat volgens ons op die verkeerde wyse evangelisasie doen, maar self hou ons ons op 'n veilige afstand en daarmee volstaan ons om die Heilige Gees te bedroef. Hierdie toedrag van sake sal ook nie verander nie tot tyd en wyl die Here self in sy welbehag dit verander, ons tot diepe skuldbesef en berou bring, en ons harte weer vervul met sy liefde. Dan sal ons nie meer *kan* swyg nie!

Daarom moet elke gelowige verlang na en bid vir herlewing, en alles doen wat die Skrif vir ons voorhou ter bevordering van herlewing, en hom of haar van alles bekeer wat herlewing in die weg staan.

Wat herlewing nie is nie

Ons het reeds daarop gewys dat die term herlewing geëksentrieër is deur mense wat nie verstaan wat dit werklik beteken nie. Veral sedert die naam van Finney in die negentiende eeu so sterk aan 'n sekere vorm van revival gekoppel is, word baie verskynsels herlewing genoem wat met ware herlewing niks te doene het nie omdat dit kunsmatige, mensgemaakte opwellings is. 'n Mens hoor byvoorbeeld van 'n "herlewing" in 'n sekere streek, met die aanspraak dat binne enkele weke twintigduisend mense tot bekering gekom het, maar na enkele maande kan jy nie meer as driehonderd vind wat hulle bekering na daardie veldtog herlei nie. So iets is nie herlewing nie; mense wat werklik tot bekering gekom het, raak nie afvallig nie, en bowendien is daar in 'n ware herlewing 'n veel kleiner persentasie skynbekerings.

Hierdie vorm van Revivalisme beklemtoon die vrye wil van die natuurlike mens en verwerp by implikasie die soewereine beskikking van God oor wedergeboorte, geloof, bekering en herlewing. Daarom kan dit ook nie wag vir die werk van die Heilige Gees nie, maar openbaar hom dikwels in 'n pretensie om die Heilige Gees te kan manipuleer en beheer, span allerhande kunsgrepe en psigologiese druk in om mense tot 'n onmiddellike beslissing te beweeg, waarborg dadelik aan hulle "die doop met die Gees", en noem die hele vertoning "herlewing". Dikwels word gesê dat 'n herlewing georganiseer of beplan word, "results guaranteed"! 'n Reeks tentdienste word georganiseer en met groot baniere word aangekondig: "Revival going on here!" In baie kringe word so 'n reeks dienste met die naam "The Evangelical Revival" versier. Dit is egter niks meer as 'n emosionele opwelling nie. God is soewerein en Hy kan selfs sulke dienste gebruik om mense tot geloof te bring, maar meesal is sulke bekerings oneg, oppervlakkig en kortstondig, soos die saad van die Saaier wat op die klippe geval het. Die eerste groot eksponent van

hierdie tegnieke, Charles Grandison Finney, moes enkele jare na die aanvang van sy kampanjes erken dat die meeste van sy bekeerlinge 'n skandvlek op die naam van godsdiens is: "a disgrace to religion". Hy het maar net gekry wat hy deur sy eie tegnieke bewerk het: bekeerlinge van Finney en nie van die Heilige Gees nie.

Tereg sê Moody Stuart van Edinburgh "Herlewing is wanneer die Heilige Gees kragtig in die harte van baie mense werk, en **niks ander kan herlewing genoem word nie**" (*Scottish Evangelical Leaders 1840:79*).

Selfs Burns, wat nie 'n Calvinis is nie, sê: "In daardie herlewings waar die emosies die meeste onder bedwang gehou word, en die appél in 'n groot mate op die gewete gemaak word, is die blywende effek die grootste" (1960:57).

Werk die Gees dan slegs tydens herlewing?

Natuurlik werk die Heilige Gees nie net gedurende herlewings nie. Dat enigeen van ons wat hier lees 'n gelowige is, is 'n skeppingwonder van die Gees. Ook wanneer daar geen herlewing is nie, openbaar God Hom in sy Woord aan mense, oortuig die Gees hulle van sonde, lê die saad van geloof in hulle harte en laat dit ontkiem, laat hulle tot volwassenheid groei en rus hulle toe met sy krag vir hulle getuienis en dienswerk. Maar veels te dikwels geskied hierdie werk byna ongemerk, selfs in so 'n mate dat die grense tussen geloof en ongeloof baie vaag lyk, dat dit moeilik is om Christene van wêreldlinge te onderskei. Dikwels is die geloofsgroei langzaam, en is daar tye van agteruitgang, omdat die individu en die gemeente waartoe hy behoort die Heilige Gees bedroef en uitblus.

Dikwels kan 'n predikant jare lank nie een persoon aandui wat moontlik onder sy bediening tot bekering gekom het nie, of dié van wie hy gehoop het dat hulle tot geloof gekom het, het weer in die sonde teruggeval en verdwyn, veral op die sendingveld. Nog erger, dikwels is die predikant so ongevoelig vir en onverskillig teenoor die werk van die Gees, dat hy preek sonder om hoegenaamd te *verwag* dat iemand tot bekering sal kom!

Die eerste tekens van herlewing

Die eerste tekens van herlewing is wat Kuyper noem die ongenoegsaamheid, 'n gevoel van onbehae. Die Here begin mense se harte roer en maak hulle ongelukkig met hulle eie louheid en die halfhartigheid van die kerk. Dit gryp hulle aan dat soveel verbondskinders in die genade veragter en verlore gaan; dat daar nie geestelike groei in die kerk is nie; dat in hulle lewe so min van God se vuur en krag, so min vreugdevolle geloofsbeleving is; dat die kerk se getuienis na buite gaandeweg begin verstom; dat die bevolking buite vinniger groei as die kerk self – wat dikwels 'n gevaarteken is wat aandui dat die kerk aan sy roeping ontrou geword het.

Dan begin God se kinders bid "met hartlike sugte, sonder ophou, om God se genade en sy Heilige Gees". En dan antwoord God deur tye te stuur van oorvloediger genade.

Dan begin daar predikers na vore kom wat bekering preek – "boeteprediking", noem Kuyper dit. Die Here roep diensknegte wat Hy deur die laagte van die kerk lei en wie se oë Hy open om die witgebleikte doodsbeendere *raak te sien* en hulle tot lewe te roep. So lyk dit op die vooraand van herlewing.

Herlewing self

Wat herlewing iets besonders maak, is nie dat die Heilige Gees juis ander werke doen of ander middele gebruik as in ander tye nie, maar dat Hy dieself werk veel intensiewer en

uitgebreider doen, en ook teen 'n versnelde tempo. "Krachtiger dan in lange" noem Kuyper dit.

Die Skotse Evangeliese Leiers definieer herlewing as volg: "'n Buitengewone openbaring van die genadekrag van God waardeur Hy onverskillige sondaars van sonde oortuig en tot bekering bring, en die geloof en godsvrug van gelowiges vernuut en laat groei" (1840:X).

Jonathan Edwards gebruik byna dieselfde terme as Kuyper: "Dis die Here se jaar van welbehae, die besondere tyd waarin Hy sy genade en guns op 'n besondere manier openbaar, en met 'n milde hand geestelike seëninge uitdeel" (1984:76). Elders sê Edwards: "Die oorwegings ("arguments") is dieselfde as wat hulle al honderd keer gehoor het, maar die krag van daardie betoog, en die manier waarop hulle daardeur van sonde oortuig word, is heeltemal nuut" (1984:43).

Die lewende God

Die eerste en grootste effek van prediking van die Woord en die hantering van die Woord in pastoraat en evangelisasiegesprek tydens herlewing, is dat dit Heilige Gees mense daardeur van aangesig tot aangesig met die lewende God bring. Waar dít gebeur, is herlewing; waar dit nie gebeur nie, kan nie van herlewing gepraat word nie. Hoe sterker en kragtiger dit gebeur, hoe kragtiger is die herlewing. Mense leer God in sy ontsaglike werklikheid, heiligheid en geregtigheid persoonlik ken.

Oortuiging van skuld en sonde

Deur hierdie persoonlike ontmoeting met God word mense onder die diepste besef van hulle eie sonde en skuld gebring, in so 'n mate dat hulle nie meer sonder Christus kan leef nie. Hoe kan 'n sondaar anders wanneer God Hom in sy heiligheid aan hom bekendmaak – sy heiligheid wat die sonde haat, sy geregtigheid wat die sondaar met 'n regverdige goddelike straf moet vergeld – as om te vergaan van ontsetting oor sy ellende? Met Jesaja moet hy uitroep: "Dit is klaar met my! Ek is verlore! Elke woord oor my lippe is onrein...!" (Jes. 6:5).

Edwards beskryf die herlewing in Northampton as volg: "Gewoonlik is die eerste ding wat gebeur wanneer mense die regverdige eise van God se wet leer ken en aanvaar, dat hulle daarvan oortuig word dat God reg sal laat geskied as Hy hulle in die ewige oordeel stort. Hulle oë gaan oop vir die erns van hulle sonde en die boosheid van alles wat hulle doen. Hulle besef dat God soewerein is en die reg het om ander aan te neem maar hulle te verwerp, al beteken dit dat al die inwoners van die dorp genade ontvang en hulle alleen tot in ewigheid verdoem word". Edwards beskryf verder hoe mense oortuig word dat al hulle pogings om goed te doen, selfs hulle gebede, net die hel verdien en nie vir een enkele versoening kan doen nie.

Soms is die skuldbesef so diep, sê Edwards, dat mense dit duidelik uitspreek dat verlossing te veel is vir hulle, en dat dit selfs ondenkbaar was dat hulle ooit verlos kon word, omdat hulle vrees dat verlossing nie kon strook met die heerlikheid van God se majesteit om mense soos hulle, wat Hom soveel geminag en beledig het, genadig te wees nie (1984:31-33).

Soms gaan hierdie sonde-oortuiging met fisieke verskynsels gepaard. Mense word letterlik teen die aarde gewerp onder die las van hulle skuld en die besef van hulle eie onwaardigheid. Dit gebeur veral by mense wat hulle teen die Heilige Gees verset solank hulle nie die stryd teen God gewonne wil gee nie.

Ongelukkig staar baie mense hulle blind teen hierdie verskynsels, en wil dit dan by uitstek as die aanduiding van herlewing beskou: waar dit voorkom, is herlewing, en waar dit ontbreek, ontbreek herlewing. Gevolglik word hierdie verskynsels eenvoudig nagemaak, of word gestreef na emosionele opwinding wat nie die resultaat van die oortuigingswerk van die Gees is nie, maar eerder deur psigologiese druk en ander tegnieke teweeggebring word. Die fokus verskuif van die boodskap na die uitwendige effek of veronderstelde effek daarvan – stuiptrekkings en uitroepe, "so many thousands were slain in the Spirit" – met funeste gevolge. Mense dink dit is herlewing, terwyl daar in werklikheid niks gebeur het wat 'n blote mens nie met sy eie behendigheid en welsprekendheid kan regkry nie.

Vergifnis

Die mense wat hulle ondanks alles teen die Woord bly verset, word gewoonlik daarna ellendige voorbeelde van afvallige Godshaters, onverskillige spotters, erger as voorheen. Maar mense wat werklik deur die Heilige Gees in hulle harte van sonde oortuig word, vind dit onmoontlik om sonder versoening verder te lewe. Hulle kan geen rus of duurte vind voordat hulle by die gekruisigde Christus versoening en vergifnis ontvang nie.

Dit is die tragiese kenmerk van 'n tyd van geestelike doodsheid dat mense, belydende lidmate van 'n kerk, jaarin jaaruit kan voortlewe sonder die sekerheid van God se genade in Jesus Christus; dat 'n vae hoop vir hulle genoeg is, en dat hulle selfs oud kan word en op die sterfbed kan lê sonder dat hulle ooit werklik met God geworstel het om hierdie heerlike sekerheid te verkry.

In tye van herlewing kan hierdie vae hoop nie meer bevredig nie; mense moet Christus vind of vergaan. Hulle enigste troos is dit wat hulle vind in die volkome genoegsaamheid van die offer van Christus.

Verlossingsvreugde

Onbeskryflik is die vreugde van iemand wat deur die Gees deur so 'n donker dal gelei is, om die lig van verlossing te sien deurbreek. Dit is 'n vreugde en vrede wat alle verstand te bowe gaan, en dit bring altyd die vrug voort van ware dankbaarheid.

Ware lewensvernuwing

Wat God in die mens begin het, volbring Hy. Dit geld al in tye van dorheid vir die kerk, hoeveel te meer sal dit van herlewing geld! Elke sendeling sal weet hoeveel teleurstellings van afvallige bekeerlinge hy in sulke tye van geestelike ebgety moet verduur. In tye van herlewing is dit anders. Dan is bekerings gewoonlik eg en daarom ook blywend. Niemand wat God persoonlik ontmoet het in sy heilige werklikheid, en dan die wonder van vergewing beleef het, wil ooit weer sonder Christus leef nie. Daarmee bedoel ek nie dat die volharding van God se verlostes uit psigologiese faktore verklaar kan word nie, maar wel dat die verlostes se gemoed en wil en liefde deur God vernuut is en dat hy ook soos 'n nuwe mens redeneer, voel en dink.

Die grondige bekering openbaar hom op meer as een manier. Die eerste aanduiding daarvan is gewoonlik 'n *onversadigbare honger na die Woord*. Mense verslind die Bybel, en dis te begrype, want hulle het lojale onderdane van Koning Jesus geword, en hulle wil graag weet wat sy wil en wet vir hulle lewe is; dit vind hulle in die Bybel, en hulle kan net nie genoeg daarvan leer nie.

Afgesien van die honger na die Skrif is daar ok 'n *nuwe begrip van en insig in die Skrif*. Dís tog die werk van die Gees om ons oë oop te maak om die Woord te verstaan. Mense lees die Bybel asof vir die eerste keer, asof dit 'n nuwe boek is. Hoofstukke wat hulle al tien keer

gehoor of gelees het, hoor hulle nou asof vir die eerste keer. Hulle sien verbande, waarhede, dieptes waaroorheen hulle vroeër heengelees het.

Hiermee hang noodwendig saam 'n buitengewone *snelle groei in geloof* na volwassenheid. In tye van herlewing groei mense, soos reeds opgemerk, soms in enkele dae meer as wat hulle anders in 'n leeftyd groei.

Ten slotte openbaar die nuwe lewe hom ook in 'n *innige en lewende omgang met God in gebed*, wat altyd met eerbiedige Skrifstudie gepaard gaan, en verder in 'n *brandende ywer vir die uitbreiding van God se Koninkryk* deur evangelisasie en sending – die kanale waarin herlewing vloei, aldus Kuyper.

Verbondsvernuwing

Iemand wat die voorafgaande paragrawe gelees het, sal verstaan waarom die term "herlewing" bo "verbondsvernuwing" verkies word. Tog is dit jammer dat die term en die praktyk wat daarmee saamhang uit ons ervaringsveld verdwyn het. Herlewing behoort wel te lei tot verbondsvernuwing. Dit is aangrypend om te lees wat Dr. Edward Payson, van Portland, Maine, aan Dr. Sprague skryf (1958:78-79). In die Kongregasionalistiese gemeente van Portland was dit destyds die vaste gewoonte om elke kwartaal een dag opsy te sit waartydens die hele gemeente gebid en gevas het. Op daardie dag is in die prediking en gebede besondere aandag gegee aan selfondersoek en verootmoediging. Verskillende aspekte van sonde teenoor jou medemens en God is konkreet aan die gemeente voorgedra, en soos op die Groot Versoendag is al die sondes "bely en aan die voet van die kruis neergesit". Vervolgens het die gemeente plegtig hulle verbond met die Here vernuwe, die seëninge daarvan vir hulle toegeëien en die verpligtings daarvan op hulle geneem. Hierdie dae van verbondsvernuwing het baie vir die geestelike gesondheid van die gemeente beteken.

God se soewereiniteit in herlewing

God gebruik menslike instrumente om herlewing teweeg te bring: bidders, predikers, profete. Noodwendig sal die vorm wat die herlewing aanneem, iets van hierdie persone se persoonlikhede weerspieël, net soos die Bybelboeke die styl en persoonlikheid van die menslike skrywers weerspieël. Selfs hulle swakhede en sondes sal in die herlewing gemerk kan word, soos in verdere hoofstukke sal blyk.

Tog bly herlewing in die laaste instansie 'n werk van die soewereine Koning van hemel en aarde, wat op sy eie tyd en wyse, volgens sy eie welbehag, werk soos Hy dit goed vind. Hierdie aspek kom enersyds na vore in die konstante verskynsels wat hierbo uiteengesit is, maar andersyds weer in verskeidenheid van werkinge wat nie uit menslike faktore verklaar kan word nie. Iemand het in 'n preek gesê dat God soewerein is en Hy Hom nie deur ons laat voorskryf oor hoe, waar en wanneer Hy herlewing moet stuur nie. Die enigste waarvan jy seker kan wees as jy om herlewing bid, is dat dit waarskynlik anders sal gebeur as wat jy jou dit voorgesel het.

Moet herlewing van 'n tydelike ard wees?

Die meeste herlewings waarvan die kerkgeskiedenis ons leer, van die merkwaardige opwekking in Shotts in Skotland in Junie 1630, tot op hede, was van korstondige duur. Martyn Lloyd-Jones beweer selfs dat dit noodwendig met die vrymag van God saamgaan dat herlewing 'n buitengewone werking is waarvan jy nie moet verwag dat dit duursaam sal wees nie. Die *gevolge* daarvan is wel duursaam; die vernuwing kan hom geslagte lank laat geld, soos die bediening van Richard Baxter in Kidderminster getoon het.

Dit mag in sommige gevalle waar wees, maar tog lyk dit of die kortstondige duur van herlewing dikwels saamhang met die feit dat gemeentes tog weer die Gees bedroef. Onenigheid, teologiese twiste en weerstand teen die herlewing, het onder andere in die tyd van James Davenport 'n spoedige einde gebring aan die Tweede Groot Ontwaking tydens Jonathan Edwards se bediening.

Aan die ander kant het dit ook geblyk dat waar kerke volhard in die gebed en die Woord, herlewing 'n halfeeu of langer kan voortduur. Hiervan is Korea 'n voorbeeld. Die Bybel leer ons in Openbaring 11 dat die laaste groot herlewing dwarsdeur die tyd van vervolging – die simboliese twaalfhonderd en sestig dae lank sal duur.

Die kerkvernuwende karakter van herlewing

In die geskiedenis waarna in die volgende hoofstukke gekyk sal word, blyk dit duidelik watter kerkvernuwende krag herlewing is. Hier word volstaan met 'n aanhaling uit Evans (Revivals : :25-28): "The revivals of the eighteenth century brought about the overthrow of the prevailing systems which pretended to a theological character Deism, Socinianism and Unitarianism were swept aside as the revival spread, and many of those churches which were under their shadow were restored to full gospel light and liberty. A faithful ministry returned to the land which ensured the safety and prosperity of the churches for many years... Whole communities were affected and transformed, great churches were reformed and invigorated (KERKVERWOESTEND?), vast countries took on a new aspect. From this movement of God's Spirit new missionary enterprises were born, philanthropic institutions blossomed forth..."

Edwards getuig dat die opkomende gety van Arminianisme deur die Groot Ontwaking van die veertigerjare van die Agtiende Eeu in Amerika gestuit is (1984, 11). Dan kan 'n mens seker nie die bewering handhaaf dat al wat herlewing is, uit die wortel van die Arminianisme opgroei nie.

Vernuwing van die maatskappy

Die vernuwendende krag van die Heilige Gees laat hom egter nie net in die kerk geld nie, maar ook in die maatskappy. Baie skrywers getuig van die verandering wat oor 'n volk kom as gevolg van herlewing. 'n Mens kan dink aan Skotland na die Reformasie, die Britse kolonies in Amerika na die ontwaking, en die Christene van Uganda en Kenia na die herlewing aan die begin van hierdie eeu, om maar enkele voorbeelde te noem. Soberheid, geregtigheid, hardwerkendheid en eerlikheid het die kenmerkende eienskappe van gemeenskappe geword wat deur God in herlewing besoek is. Die hele lewensstyl van bevolkings is ingrypend verander. Lande is van die verskrikking van rewolusie gered.

Menslike sondes en swakhede by herlewing

Richard Baxter het al gesê: "Die Woord van God is goddelik, maar die manier waarop dit bedien word, is menslik, en daar is noudiks iets wat ons hanteer sonder om ons vingermerke daarop te laat" (Sprague: 22). Dr. Daniel Dana skryf aan Sprague (idem, 21): "As daar nou iets op aarde te vinde is wat veel van die hemel daarin het, is dit 'n egte godsdienstige herlewing. Maar in hierdie onvolmaakte bedeling kan niks deur menslike hande gaan sonder om bevuil te word nie". Dit geld selfs van herlewing, die werk van God se Gees.

Om nie die Heilige Gees te bedroef nie, moet ons daarvan bewus wees om te weet watter dwalings om te vermy. Een van die vernaamste dwalings is dié van dwepery, wat hom veral openbaar in die aansprake om openbarings los van die Skrif en selfs teenstrydig met die Skrif te ontvang. Dit gaan gepaard met hoogmoed, minagting van broers wat dan nie

so "geestelik" soos jy sou wees nie; 'n kritiese ingesteldheid teenoor die kerk, jou aandeel daarin ingesluit, veglustigheid; 'n veroordeling van medegelowiges wat nie die herlewing steun nie of wat voorbehoude daarteen het.

Met al hierdie dinge word die Heilige Gees bedroef en weerstaan ons self die herlewing wat ons wil bevorder. Daarom moet ons waak om altyd 'n gees van ootmoed en nederigheid en 'n vredeliewende gesindheid te handhaaf. Dit is beter om aan die Gees self oor te laat om mense van sy reg te oortuig, as om self deur apologetiese geskrifte teenstanders van herlewing aan te val.

In die volgende aantal hoofstukke word voorbeelde van herlewing in die geskiedenis van die kerk beskryf, waarna ons ten slotte die vraag wil vra wat **ons** kan doen om herlewing te bevorder.

DIE SESTIENDE-EEUSE HERLEWING IN SKOTLAND

Nog sterker as die reformasie in Duitsland en Genève vertoon die sestiende-eeuse reformasie in Skotland die klassieke modelbeeld van latere herlewings in Calvinistiese kerke. Daar is die toestand van doodsheid wat aan die herlewing voorafgaan; die geroepe profeet, John Knox; die ontsaglike, onstuitbare golfslag van die koms van herlewing. Hierdie herlewing is byna uniek in die diepgaande en langdurige effek daarvan op die volkslewe.

Die geestelike toestande voor die herlewing

Aan die begin van die sestiende eeu, toe John Knox gebore is, was die Skotse volk sowel polities as geestelik verslaaf. Onkunde en die grofste bygeloof het die gewone mense lojaal gehou aan die kerkheersers. Die politieke mag het in die weegskaal gelê tussen hierdie kerkvorste aan die een kant en die adel aan die ander kant, en die koning het sy posisie gehandhaaf deur die twee teen mekaar af te speel. Die gewone volk is in hierdie spel nie gereken nie. Terwyl hulle in die diepste armoede gedompel was, het die kerkvorste hulle energie hoofsaaklik daaraan bestee om mag en rykdom vir hulself te vergaar. Biskoppe en abde het met die adel gewedywer om die uitspattigste hofhoudings aan te hou, en hulle geestelike roeping skandelik verwaarloos. Hulle het hulself nie verwerdig om te preek nie, en as hulle dit nog sou probeer, was hulle in elk geval te onkundig om dit reg te kry. 'n Tipiese voorbeeld van die ontaarding was die biskop van Dunkeld, wat "God gedank het dat hy nóg die Ou Testament, nóg die Nuwe ken!"

Kerklike posisies is openlik gekoop en verkoop, en sommige distrikte is vakant gelaat sodat een biskop meer gemeentes kon beheer en dus ook 'n groter inkomste kon hê. Quentin Kennedy, 'n Roomse apologet, beskryf die manier waarop dit toegegaan het baie eerlik: "And when they have gotten a benefice, if they have a brother or son who can neither sing nor say, nourished in vice all his days, he shall be immediately mounted on a mule, with a sidegown and a round bonnet, and then it is a question whether he or his mule know best to do his office". (Burns 1960, 248-9).

Baie van die geestelikes het in openlike ontug geleef, en ondertussen het die volk ten gronde gegaan weens 'n gebrek aan kennis. Gebed as vorm van omgang met God was so goed as onbekend. Vir die volk in hulle bygeloof het die Paternoster (Latynse Onse Vader) soos 'n towerspreuk gewerk: as jy dit van voor na agter opgesê het, is die hemelse seëninge verkry, en van agter na voor het dit die planne van die duiwel gedwarsboom.

Die geroepe profeet: John Knox

Knox is in 1505 gebore, maar was al ongeveer dertig jaar oud toe hy eindelijk na vele oorweging en innerlike stryd besluit het om die protestantse geloof te aanvaar. Die martelaar George Wishart het die deurslag gegee. Knox was gretig om Wishart na die brandstapel te vergesel, maar Wishart het hom weerhou: "Nay, return to your bairns (kindertjies). One is sufficient for a sacrifice". Knox het sy toevlug geneem tot die kasteel van St. Andrews waar die leiers van die reformasiebeweging saamgetrek het.

Terwyl hy eendag in die "publieke predikplek" na 'n preek sit en luister, het die prediking plotseling 'n persoonlike wending geneem. Die prediking het na Knox gedraai en hom tot leier van die reformasie geroep. Hy het die nood van die tyd aangedui, die roeping tot diens, en Knox se eienskappe wat hom vir so 'n posisie geskik maak. Toe vra hy die gemeente se instemming en die voorstel het eenparig byval gevind.

Knox was platgeslaan deur hierdie oproep. Hy was 'n man met hewige emosies en dit het hom baie stryd en trane gekos om hom aan die verantwoordelikheid te onderwerp. Maar toe hy dit eenmaal aanvaar het, het hy nooit weer teruggekyk nie.

Sy eerste preek in die plaaslike gemeente het 'n groot menigte getrek. Soos Amos van ouds het hy teen die pouslike godsdiens en aanhangers gefulmineer. "Party kap die takke van die pousdom af", het die mense gesê, "maar hierdie man kap aan die wortel".

Onder sy leiding het die reformasie met rasse skrede gegroei, maar toe kom die terugslag: Die Franse verower die protestantse vesting en stuur die "kettlers", met Knox onder hulle, na Frankryk om in kerkers opgesluit te word of galeie te roei. Die kwellings van die galeie was so smartlik dat Knox later nooit weer daarvoor wou praat nie. Sy gesondheid het 'n permanente knak gekry, en slegs die hoop om deur die ingryping van God bevry te word en weer na Skotland terug te keer, het hom aan die lewe gehou. Op 'n keer het die skip tussen Dundee en St. Andrews gelê. Knox was tot die dood toe siek. 'n Vriend het vir hom gesê om na die land te kyk en gevra of hy dit herken. "Ja", was Knox se antwoord, "ek ken dit goed, want ek sien die toring van daardie plek waar God die eerste keer in die publiek my mond tot sy heerlijkheid geopen het; en ek is oortuig dat ek nie hierdie lewe sal verlaat voordat my tong sy goddelike naam in daardie selfde plek sal verheerlik nie".

Na negentien maande is Knox vrygelaat, maar in Skotland het so 'n toestand van oproer geheers dat dit vir hom onmoontlik was om daarheen terug te keer. Hy het voorlopig as predikant in Engeland gedien totdat hy met die troonsbestyging van koningin Mary ook daarvandaan moes padgee. Dit is so beskik dat hy daarna 'n tyd in Genève by Calvyn kon deurbring en onder die diepgaande teologiese invloed van hierdie hervormer kon kom.

In Skotland het die Heilige Gees ondertussen magtig gewerk. John Knox, die gebedsworstelaar, het die gewoonte gehad om in sy voorbedding vir sy land homself op die aarde te werp en tot God uit te roep: "Here, gee my Skotland of ek sterf". Sy gebede is verhoor. Gedurende daardie twintig jaar het 'n groot ontwaking onder die bevolking plaasgevind. Hulle oë het oopgegaan vir die onreg en bedrog waaraan hulle onderworpe was, en hulle het nie meer vir die priesters geskrik wat vervloekings na hulle geslinger het nie.

Die Regentes, Maria van Guise, het die reformasie so fel beveg dat die leiers van die reformasie in Skotland besef het net John Knox kan dit red. Hulle het hom dringend uit Genève laat kom en in 1559 kom hy weer in Edinburgh aan. Dit was al wat die bevolking nodig gehad het om hulle moraal te herstel. Sy eerste preek in Perth het hulle so opgesweep dat hulle die kerke bestorm het en alle spore van die katolisisme vernietig het.

Dit kon Maria van Guise nie toelaat nie en sy het dadelik met haar Franse troepe na Perth marsjeer. Knox het besef dat daar nie nou tyd was vir mooipraatjies nie. Hy het die adel van Skotland tot aksie opgeroep met die woorde "As julle nie julle lot by ons inwerp nie, is julle voor God verraaiers, en sal julle uit ons gemeenskap geban word. Die roem van die oorwinning wat God aan sy kerk sal gee, sal nie op julle betrekking hê nie". Hierdie manhaftige woorde het die adel in groot getalle na die banier van die reformatie laat stroom. Ernstige manne wat die behoefte aan iets beter en eg gevoel het, het die gloed van lewende oortuiging in die woorde van hierdie nuwe predikers gehoor wat met die onmiskenbare klank van gesag gepraat het wat alleen die Heilige Gees kan gee, en wat in tye van herlewing waargeneem word. Maria van Guise moes noodgedwonge aanvaar dat sy die reformatie nie kan stuit nie.

Toe Knox vir die eerste keer na sy ballingskap weer in St Andrews preek, het die geesdrif van die bevolking terstond weer tot 'n beeldestorm gelei. Hy sê "Dit is wonderlik hoe groot die dors van die gewone mense sowel as van die adel is, en dit troos my met die gedagte dat Christus Jesus hier in die noorde sal triomfeer en tot die uiteinde van die aarde".

Toe Maria van Guise sterf en die parlement in 1560 met 'n oorweldigende protestantse meerderheid saamgestel. Knox kon daarna nog twaalf jaar lank in die katedraal van St. Giles in Edinburgh van magtige prediking laat weerklink totdat hy in 1572 in vrede ontslaap het.

Die aard van die herlewing

Reeds terwyl Knox in ballingskap was, moes besoekers met verbasing praat oor die plotselinge verandering onder die Skotse volk. In 1551, vier jaar na Knox verban is, sê 'n buitelandse besoeker, John ab Ulmis, van dié volk wat vyf jaar vantevore nog in die diepste duisternis verkeer het "There appears to be great firmness and no little religion among the people of Scotland". Dit skyn of die beweging spontaan verbrei het sonder toedoen van menslike leiers, behalwe dat baie gelowiges in die gebed daarvoor geworstel het. Selfs die heftige, intense Knox het versteld gestaan toe hy uit Genève terugkeer en die diepgaande geestelike verandering sien. "If I had not seen it", sê hy, "with my own eyes, in my own country, I could not have believed it... The fervency here doth far exceed all others I have seen... Depart I cannot until such time as God quench their thirst a little... Their fervency doth so ravish me, that I cannot but condemn my slothful coldness. God grant them their heart's desire". Elders sê hy "Night and day I found them, sobbing and groaning for the bread of life".

Hulle het nie leraars gehad nie. Waar sou dié vandaan kom? Hulle het in "assemblies" bymekaargekom en saam die Bybel gelees en bespreek, hulle sondes bely en verenig in ernstige gebed. Dit was of die Gees van God oor die Skotse laaglande gewaai en 'n lewende gees in die volk geblaas het.

Carlyle sê van daardie tyd " A poor barren country, full of continual broils, dissensions, massacrings; a people in the last stage of destitution... It is a country as yet without a soul: nothing developed in it but what is rude, external, semi-animal. And now at the Reformation, the internal life is kindled, as it were, under the ribs of this outward material death. A cause, the noblest of causes, kindles itself, like a beacon set on high; high as Heaven, yet attainable from Earth; whereby the meanest man becomes not a citizen only, but a member of Christ's visible Church; a veritable Hero, if he prove a true man".

So het die vloedgolf van herlewing oor Skotland gestroom. Dit was niks minder nie as die wedergeboorte van 'n volk. "A nation born in one day", noem Kirkton dit (*Scottish Evangelical Leaders*, 1980:288). Dit het hulle hele volkskarakter verander en gestempel vir die eeue wat sou kom. Skielik het die geestelikes en die adel tot hulle ontugtering ontdek dat hulle die volk nie meer kan bedrieg en misbruik nie. 'n Nuwe boerebevolking het opgestaan, met 'n nuwe selfstandigheid, egtheid van oortuiging en deursettingsvermoë. Hulle sou deur dik en dun by Knox staan.

Die blywende invloed van die herlewing

Hierdie eg Calvinistiese herlewing het deur die hele lewe gesuurdeeg. Dit het begin en was gewortel in die Calvinistiese belydenis van die verskriklikheid van die sonde, die verskrikking van 'n heilige God voor wie die sondaar staan, die troos van die uitverkorenes en die verdoemenis van die verworpenes, die algehele genoegsaamheid en voldoening van Christus se offer -- 'n teologie wat 'n volk van staal gekweek het. Godsdien was nie meer 'n bysaak nie, maar moes die hele lewe stempel. In Burns se pragtige gedig, "The Cotter's Saturday Night", beskryf die digter die huisgodsdien van 'n eenvoudige gesin; hoe hulle eerbiedig na die lees van die Bybel luister en dan neerkniel voor die Ewige Koning van die Hemel:

"From scenes like these, old Scotia's grandeur springs,
That makes her loved at home, rever'd abroad:
Princes and lords are but the breath of kings,
An honest man's the noblest work of God"

Die Calvinistiese godsdien het die Skot sy volkskarakter van soberheid, spaarsaamheid, erns, en standvastigheid gegee, en daarby die sterk gevoel van persoonlike vryheid en die liefde vir goeie, deeglike onderwys. In die eeu na die reformatie kon die eenvoudigste kind op die platteland die beste onderwys kry. In later eeue het die Skotse volk hom van hierdie godsdienstige wortels losgemaak en eers toe het hierdie deugde in verval geraak.

DIE PURITEINSE HERLEWING IN ENGELAND

Die Puriteinse herlewing het hom veral in 'n ongekende opbloeit van Gereformeerde Skrifprediking openbaar. Calvyn het die krag en rykdom van eksegetiese Skrifprediking ontdek. Die Puriteine was sy studente, en daar was, ten spyte van al die gebreke daarvan, waarskynlik nooit voorheen of sedertdien so 'n heerlike vrug aan die boom van die reformatoriese teologie as die prediking van die Puriteine nie!

Historiese agtergrond

Die Puritanisme het aanvanklik, nog tydens die lewe van Calvyn, na vore getree as 'n beweging vir die vernuwing en suiwering van die staatskerk in Engeland. Die beweging se momentum het begin toeneem onder Elizabeth I teen ongeveer 1559 en sterk begin groei onder die bewind van James I, wat dit gevrees het as 'n bedreiging vir sy monargistiese beheer oor die kerk. Dit het 'n mag in die land geword onder Charles I en sy aartsbiskop, William Laud, veral in die jare 1625-1645. Charles en Laud het 'n hekel aan die Puritanisme gehad en met toenemende strengheid die Anglikaanse eenvormigheid op hulle probeer afdwing. Dit was tydens hierdie bewind wat tienduizende "Pilgrim Fathers" Engeland verlaat het omdat hulle die geloofsvervolging nie langer kon verduur nie. Hulle het na Amerika gevlug en die Calvinistiese nedersetting Plymouth Bay in Massachusetts gestig, wat later tot die kolonies van New England uitgebrei het, en soveel jare lank 'n bolwerk van Calvinisme in die Nuwe Wêreld was.

Vir 'n kort vyftien jaar in die tyd van Olivier Cromwell (1645-1660) was die Puritanisme in England oppermagtig, maar daarna is die monargie en die Engelse hoogkerklike staatskerk herstel. Charles II het in 1662 sy "Act of Uniformity" uitgevaardig. Dit het daartoe gelei dat byna tweeduisend toegewyde Puriteinse predikante afgesit is.

Die Puriteinse predikers

Die Puriteinse prediking het sy grootste bloei gedurende die eerste deel van die sewentiende eeu, ongeveer 1610 tot 1622, beleef. Hulle het die prediking van die Woord beskou, in die woorde van Richard Sibbes, as "die gawe van alle gawes van God aan sy kerk".

Hierdie beweging het magtige predikers opgelewer en in Engeland van daardie tyd was letterlik honderde uitstaande predikers. Baie van die predikers wat in onbekende plattelandse dorpie gewerk en onbekend gesterwe het, sou tydens enige ander periode beroemde predikers gewees het, maar in daardie tyd was die gehalte van die prediking oor die algemeen so uitstaande dat dié predikers geen besondere aandag getrek het nie. Sommige het wel bekendheid verwerf: William Perkins, hulle eerste groot teoloog; Richard Baxter, die bekende prediker en pastor; Richard Sibbes; John Owen, wat tot vandag toe deur sommige historici as een van die grootste teoloë van alle tye beskou word, en nog vele meer. Hierdie manne was egter slegs die punt van 'n ysberg van groot predikers. Dwarsoor die land het drukkers week na week die preke gedruk so gou as wat dit gelewer is ten einde dit te versprei aan 'n volk wat 'n onversadigbare honger na die Woord gehad het.

Deeglike studie

Byna sonder uitsondering het hierdie manne 'n deeglike teologiese opleiding gehad in die beste tradisie van Oxford en Cambridge. Omdat alles op die Heilige Skrif gebaseer is en nie op 'n oppervlakkige subjektiwisme nie, het hulle die noodsaaklikheid van eksegetiese in die grondtale besef. Hulle het hulle deeglik in die klassieke ingegrawe, en hulle werke getuig daarvan dat hulle algemene akademiese skoling van 'n hoogstaande gehalte was. Hierdie tradisie is voortgesit in die Engelse kolonies van New England. Die beroemde universiteite van Yale, Princeton en Harvard het later uit hierdie wortels gegroei.

Daar moet toegegee word dat hierdie predikers se teologie soms sterk skolasties en skematisties gekleurd was. Hulle was nie almal so nederig eksegeties in hulle benadering van die dogmatiek as hulle leermeester Calvyn nie. Hulle het ook nie al die eksegetiese insigte gehad wat ons vandag het nie. W van't Spijker sê van Perkins dat 'n mens soms by die lees van sy geskifte die indruk kry dat hy teenwoordig was toe God sy raadsbesluit vasgelê het!

Tog merk 'n mens nie in hulle prediking veel van hierdie skolastiese neiging nie. Die preke was wel bestudeerd, maar sonder enige vertoon van geleerdheid. Dit was Bybels, eenvoudig, prakties, persoonlik gerig, toepaslik, bewoë en kragtig.

Die aard van die Puriteinse prediking

In die eerste plek was daar by hulle 'n *sterk nadruk op regsinnigheid*. Richard Baxter het gesê "'n Gesonde leer bring 'n gesonde oordeel voort, 'n gesonde hart, 'n gesonde lewenswandel en 'n gesonde gewete". As dit anders gesteld was, was of die leer nie reg nie of dit is nie reg verstaan nie.

Hoe *diep en indringend* hulle prediking was, blyk veral uit die reeksprediking wat by hulle in gebruik was. Thomas Manton, het 'n reeks van 'n honderd en negentig preke oor Ps 119

gemaak. Van hierdie preke sê die beroemde Spurgeon later "Daar is nie 'n enkele swak preek by nie; almal is ewe uitstaande. Predikers wat Manton nie ken nie, moet nie verbaas wees as hulself onbekend bly nie". Vir daardie godsmanne was die woordelike inspirasie van die Bybel nie net teorie nie, dit het in hulle verkondiging uitgeblom.

Nog 'n uitstaande voorbeeld is Joseph Caryl se reeks preke oor Job: 'n reeks in twaalf bande, die vrug van vyf-en-twintig jaar se prediking oor die boek.

Hierdie preke was *eenvoudig en helder*. Richard Baxter het dit so uitgedruk: "As jy nie mense wil leer nie, wat soek jy in die preekstoel? En as jy hulle wel wil leer, waarom praat jy nie so dat die mense jou kan verstaan nie?"

Wie kan dit mooier stel as John Flavel wat sê "A crucified style best suits the preachers of a crucified Christ... Prudence will choose words that are solid, rather than florid: as a merchant will choose a ship by a sound bottom, and capacious hold, rather than a gilded head and stern. Words are but servants to matter. An iron key, fitted to the wards of the lock, is more useful than a golden one that will not open the door to the treasures.... Prudence will cast away a thousand fine words for one that is apt to penetrate the conscience and reach the heart".

Daarom was die Puriteinse prediking *eenvoudig, maar dit was nie droog nie*. Hulle het diep uit die rykdom van die Skrif gepreek, maar reguit op die hart en lewe van die gewone mense gemik. Oral duik beelde op uit die straat, die plaas, die werkswinkel, uit die daaglikse lewe van die gemeente. Luister na die beeldryke taal van Christopher Love: "Sonde in die gewete is soos Jona in die skip wat 'n storm veroorsaak; die gewete is soos 'n onstuimige see, waarvan die water nie tot rus kan kom nie; of dit is soos 'n splinter in jou oog wat jou altyd bly hinder. Dit is reg van God dat 'n mens se eie boosheid hom sal tugtig en sy afvalligheid hom sal verwyt. Verborgte skuld mag wel nie 'n kind van God in die hel beland nie, maar vir 'n tyd kan dit die hel in sy gewete inbring".

Die bewoënhed van hulle prediking word op onvergeetlike wyse uitgedruk deur Richard Baxter in sy gedig wat die volgende ideaal vir die prediker voorskryf:

"To preach as never sure to preach again,
and as a dying man to dying men".

Hoor hoe bewoë preek Bolton oor die genade van God: "Die genade van God is soos Hyself, onmeetlik; al ons sonde is meetlik, sowel in hoeveelheid as in aard. Nou is daar geen vergelyking tussen die meetlike en die onmeetlike nie. Al is jou sondes hoe talryk en hoe swaar, nogtans kan dit net so min voor God se genade standhou as 'n vuurvonkie in die magtige oseaan – nee, nog oneindig minder, mits jy met 'n waarlik gebroke hart, in dors na Christus en met 'n ongeveinsde voorneme tot 'n nuwe gehoorsaamheid jou op Hom werp".

Hierdie bewoënhed het *soms tot dramatiese en selfs onbeheersde prediking gelei*. Iemand soos John Rogers van Dedham was veral hiervoor bekend. In sy erns het hy selfs die anggeskreue van die verlorenes in die hel voorgestel. Tog het dit mense tot bekering gebring. Soos Bishop Browning gesê het "John Rogers will do more good with his wild notes than we with our set music". Die groot Puriteinse prediker Thomas Goodwin vertel hoe hy een keer in sy jong jare deur 'n preek van Rogers beïndruk is. Na die diens het hy van bewoënhed 'n kwartier lank aan sy perd se nek gehang voordat hy in staat was om op te klim. Onbeheersd mag sommige van hulle by tye gewees het, dit is waar; maar koudheid en abstrakte redenasies moes jy nie by hulle gaan soek nie. As 'n mens vandag nog die

preke van hierdie godsmanne lees, voel jy jouself *sterk persoonlik daardeur aangespreek*. Jy voel hoe jy voor 'n heilige God deur sy Woord oopgevelek word en nakend voor Hom staan. Is dit nie wat helewing is nie?

Die puriteinse prediking was *toepaslik*. Hulle het nie daaraan geglo om dit maar aan die hoorder oor te laat om vir homself die toepassing te maak nie. In 'n geskrif oor die prediking skryf Jeremiah Burroughs "As 'n man lê en slaap, kan jy soms heelwat geraas maak sonder om hom wakker te maak; maar kom en roep hom op die naam, en se 'John' of 'Thomas', dan maak dit hom eerder wakker as 'n groot lawaai. So is dit met die Woord: as dit met groot geraas, maar in die algemeen verkondig word, neem die mense min notisie daarvan; maar wanneer die Woord in besonderhede toepaslik na die siel kom en hulle as't ware op die naam roep, laat dit hulle wakker skrik".

Opbloei van die pastoraat

Hierdie herlewing was in die eerste plek op kerkhernuwing gerig, en die kerk is nie vir hulle die pous of sy priesters nie, maar die lidmate van Christus. Daarom was 'n opbloei van kategeese en huisbesoek noodsaaklik. Elke predikant behoort Richard Baxter se boekie, *The Reformed Pastor*, te lees. Dit staan tot vandag toe bekend as "The incomparable treatise". Iemand wat nie daardeur aangegryp en aangespoor word nie, moet 'n hart van klip hê, nie 'n herdershart nie. Dit is na driehonderd jaar nog net so aktueel soos in Baxter se eie tyd.

Teenswoordig beskou ons getroue pastorale werk as iets alledaags wat van elke predikant verwag word. Maar destyds het die kerk so pas uit die Middeleeuse nag van papisme ontwaak. Bybelse kategeese en pastorale werk was net so vreemd as Bybelse prediking. Die effek van hierdie werk het baie duidelik geblyk in die gemeente waar Baxter self gedien het in die dorpie Kidderminster. Baxter vertel dat "I am daily forced to admire (=wonder) how lamentably ignorant many of our people are, that have seemed diligent hearers of me these ten or twelve years, while I spoke as plainly as I was able to speak! Some know not that each person in the Trinity is God; nor that Christ is God and man; nor that He took his human nature with Him into heaven; for many the like necessary principles of our faith are unknown. Yea, some that come constantly to public meetings are grossly ignorant; whereas in one hour's familiar instruction of them in private, they seem to understand more, and better entertain (=retain) it, than they did in all their lives before."

Hy het Maandae en Dinsdae van vroeg in die oggend tot laat in die aand huisbesoek en persoonlike kategeese van hierdie aard gedoen, en op dié manier agthonderd gesinne intensief persoonlik bearbei! Die Here het daar prediking sowel as pastorale werk gebruik om ontwaking te bring. Toe Baxter in Kidderminster gekom het, was hulle "an ignorant, rude and revelling people". Daar was in 'n hele straat nie meer as een gesin wat die Here gedien het en huisgodsdienst gehou het nie. By sy vertrek kon hy sê dat daar in 'n hele straat nie meer as een gesin was wat dit *nie* gedoen het nie, en wat nie deur die vrugte van bekering te dra, aan die prediker rede gegee het om te hoop dat hulle werklik bekeer was nie. Ses jaar nadat Baxter hulle moes verlaat, terwyl hulle intussen aan valse predikers se vyandskap en dreigemente blootgestel was, kon hy sê dat hy nie van een gehoor het wat afvallig geword het nie.

George Whitefield het 'n eeu later 'n besoek aan Kidderminster gebring – en ons moet onthou dat Baxter waarskynlik die laaste Puriteinse predikant was wat hulle ooit bedien het – en hy getuig van sy besoek aan Kidderminster dat daar nog steeds die heerlike geur van Baxter se prediking, sielsorg en tug oor die gemeente hang.

Die Puriteinse herlewing was dus by uitnemendheid 'n herlewing van die diens van die Woord in prediking, kategetiese en pastorale werk in die plaaslike gemeente. Dit was 'n magtige reformatoriese, kerkvernuwende krag.

DIE GROOT ONTWAKING VAN DIE AGTIENDE EEU IN AMERIKA

Die bekende "Great Awakening" of "First Great Awakening" het tussen 1734 en 1744 in die New England-kolonies van Amerika plaasgevind. Dit was die eerste grootskaalse herlewing na die sestiende eeuse Reformasie.

Ook hierdie herlewing het begin onder Calviniste, met die steun van Calviniste, teen die verbete weerstand van Arminiane in, en het gelei tot die versterking van die leerstellings van God se soewereine genade in sowel Engeland as Amerika.

In hierdie artikels kan 'n mens slegs die hoofpunte van die geskiedenis van hierdie veelbewoë en kleurrike tydperk aanstip. Enigeen wat graag meer van herlewing wil verstaan, kan verwys word na die standaardwerk van Joseph Tracy, *The Great Awakening*.

Die klassieke patroon

Ook in Amerika het die herlewing die klassieke patroon gevolg. Dit is voorafgegaan deur 'n tydperk van verval en wêreldgelykvormigheid onder 'n groot deel van die kerke, predikante en al. Die verlangete na iets beters het begin groei – die verlangete na ware bekering, na meer gehoorsaamheid, na 'n egte beleving van die godsdiens. Onder hierdie omstandighede het daar enkele leiers na vore getree: Jonathan Edwards, George Whitefield, Gilbert Tennent, Samuel Blair, en ander, wat met krag die grondwaarhede van die evangelie van genade verkondig het: die verlorenheid en skuld van die mens, die soewereiniteit van God in sy oordeel en genade, die genoegsaamheid van die offer van Jesus Christus, die noodsaaklikheid van wedergeboorte.

Die effek van hierdie prediking was oorweldigend. Mense is so diep oortuig van hulle sonde en verlorenheid en skuld voor God dat hulle totaal gebreek is; dan het hulle in groot getalle na die gekruisigde Christus gevlug om verlossing van hulle sondes; en hierop het hulle die vreugde van vergifnis en geloofsoortuiging ontvang wat so kenmerkend van ware herlewing is. Dit het die voorkoms van hele gemeentes verander en jare daarna nog 'n vernuwende invloed op kerk en land uitgeoefen. Die getalle kerkklidmate en kerkbywoning het as gevolg daarvan sterk gegroei.

Die verval

Vergeleke ander lande was die toestande in New England seker redelik gunstig. Die erfenis van stoere, godsdienstige Puriteine het nog in 'n mate deurgewerk. In die oë van mense was die burgery nog redelik fatsoenlik. Die meeste mense het eredienste bygewoon. Tog was daar baie kerke wat die naam gehad het dat hulle leef, maar waarvan geblyk het dat hulle dood was. Baie predikante was alles behalwe nougeset in hulle lewens; nog meer het in allerhande kettery verval; en nog meer van hulle was, om Gilbert Tennent se woorde aan te haal, "contentedly unsuccessful". Hulle was tevrede met hulleself en met die kerk. In teorie het hulle miskien nog aanvaar dat hulle uit genade moet leef; in die praktyk het dit daarop neergekom dat hulle dus maar goed genoeg vir die Here was soos wat hulle was. Hulle het verkies om in 'n toestand van geestelike lomerigheid voort te bestaan.

Die opkoms vandie naamchristendom

As 'n mens Joseph Tracy se beskrywing van die toestand van verval en die oorsake daarvan lees, dan is die ooreenkomste met ons eie situasie te frappant om verontagsaam te word.

Soos so algemeen in die Christendom, was dit ook in New England in die Kongregasionalistiese en Presbiteriaanse kerk die gebruik om kinders wat klein gedoop is sekere waarhede en vorme van godsdiens te leer wanneer hulle ouer word, sodat hulle min of meer outomaties tot die sakramente van die Heilige Nagmaal toegelaat is. Hier en daar was ouderlinge wat vereis het dat die jong lidmaat ten minste tekens moet toon dat hy wedergebore is voordat hy as belydende lidmaat toegelaat kan word, maar dit was nie die algemene gebruik nie.

Soos by ons die "boerematriek" vroeër jare 'n mens toegerus het met 'n sertifikaat wat nodig was voordat jy om 'n betrekking aansoek kon of selfs voordat jy kon trou, was die sertifikaat van lidmaatskap van 'n erkende kerk destyds in Brittanje en die kolonies 'n vereistes om in 'n staats- of militêre betrekking aangestel te kon word. Wanneer 'n predikant of ouderling geweier het om so 'n sertifikaat uit te reik aan iemand wat daarom vra, of geweier het om aan hom die Nagmaal te bedien, het die predikant hom aan 'n siviele oortreding skuldig gemaak en homself aan vervolging blootgestel, tensy hy goeie redes vir sy optrede kon aanvoer.

Die Presbiteriane was wel nie van mening dat 'n mens deur die doop wedergebore word nie, maar in die plek daarvan kon hulle hoop dat alle gedoopte lidmate wat by die Nagmaalstafel aansit, tog wedergebore is. Om so 'n standpunt te kon handhaaf, word jy min of meer verplig om te aanvaar dat daar weinig of geen merkbare verskil tussen die lewe van wedergeborenes en onbekeerdes is nie. Almal moes dus as wedergebore beskou word tensy die een of ander opspraakwekkende sonde op die teendeel gedui het.

Hierdie standpunt gooi die deur wyd oop vir onbekeerde lidmate om maar die ewige lewe vir hulleself toe te eien in die hoop dat daardie onmerkbaar verandering tog maar die een of ander tyd in hulle lewe plaasgevind het: *jy is 'n gelowige, jy is wedergebore, jy het jou bekeer, jy weet dit nog net nie!* Meer nog, so 'n benadering gooi die diens van die Woord vir onbekeerde predikante oop, en dan het jy die wêreld met al sy dwalings binne-in die kerk, desnoods met die leisels in die hande!

Teenstelling met die Puriteine

Dit was nie wat die ou Puriteine geleer het nie. Hulle het geglo dat die wedergeboorte 'n radikale en merkbare verandering in 'n mens teweegbring. Die gedagtes, gevoel en gedrag van wedergeborenes het volgens hulle verskil van dié van ongelowiges. Hulle het niemand tot die Nagmaal toegelaat wie se lewe nie getuig het van die vrugte van die wedergeboorte nie, sodat volgens die oordeel van die liefde ("in charitable discretion") so 'n persoon as wedergebore beskou kon word.

Hierdie benadering het ook *die prediking van die Puriteine* gekenmerk. Die predikers het aangeneem dat hulle 'n gemengde gehoor voor hulle het met wedergeborenes sowel as ongelowiges. Hulle het die saak selfs so ver gevoer dat hulle soms afsonderlike registers vir hierdie twee groepe aangelê het! Nie dat hulle daarmee te kenne wou gee dat hulle insae in die boek van die lewe gehad het nie; hulle het altyd met voorbehoud oor die wedergeborenes gepraat: "those who were hopefully converted", dié van wie daar rede was om te hoop dat hulle bekeer was.

Die eerste stadium van die verval

Daar het in hierdie praktyd van die Puriteine 'n verandering gekom met die besluit van die sinode van 1662 dat ouers wat nog nie wedergebore was nie en nie tot die Nagmaal toegang gehad het nie, nogtans hulle kinders mag laat doop, mits hulle *op grond van 'n blote historiese geloof die eise van die verbond aanvaar*. Hieruit moet logies die volgende stadium van verval ontwikkel, naamlik dat hoegenaamd nie meer tussen 'n saligmakende geloof en 'n blote historiese geloof, 'n geloof *in* God en 'n geloof *aan* God, onderskei word nie.

In 1707 het Stoddard van Northampton, waar later Jonathan Edwards predikant wou word, 'n preek publiseer waarin hy betoog het dat 'n heilige lewe nie 'n vereiste was vir iemand om tot die Nagmaal toegelaat te word nie. Dit beteken dat iemand wat nog nie God se genade deur die geloof vir homself toegeëien het nie, nogtans volle toegang tot alle sakramente kon hê. Dit kon op die duur nie anders nie as om alle kerklike tug te ondermyn.

Hierdie nuwe benadering het 'n verandering in die prediking en ook in die gesindheid van die lidmate teweeggebring. Die opvatting het meer en meer posgevat dat 'n onbekeerde mens nie eintlik in 'n groot en ewige gevaar verkeer nie. Hy moes van sy kant slegs reg probeer lewe, en kon dan op grond van sy fatsoenlike lewe aanvaar dat hy reeds van sy kant die eerste stappe na God toe gedoen het, en dat God wel op sy tyd sou sorg dat Hy sy saligmakende genade by die werke van die mens voeg. Die wedergeboorte word gaandeweg iets bykomstigs by die welwillendheid van die mens. Al was dit hoegenaamd nie Stoddard se bedoeling nie, en al was die prediking nog min of meer Calvinisties, het die praktyk dus al hoe meer Arminiaans geword. Dit is nou eenmaal so dat die leer wat geleef word meer invloed het as die leer wat op papier staan. Op die ou end het die prediking van God se soewereine genade en die noodsaak van wedergeboorte en bekering op die agtergrond geraak, en het die prediking hom by die praktyk van verval aangepas.

Die tweede stadium van die verval

Die prediking het naderhand uitgesproke Arminiaans begin word, so asof onbekeerde mense sonder die hulp van God die werke kan begin doen wat tot die bekering lei, en dat hulle heeltemal in hulle skik kan wees as hulle dit doen, en trouens ook nie vir die ewige oordeel hoef te vrees nie.

Bowendien, as bekering 'n onopgemerkte proses is, sodat niemand eintlik weet waar die grens tussen bekeerdheid en onbekeerdheid lê nie, en niemand weet wanneer hy oor daardie grens gaan nie, kan jy ook nie meer van 'n *teologiese kandidaat* verwag om van bekering en wedergeboorte te getuig nie. In naam is kandidate nog wel na hulle persoonlike geloofsoortuiging gevra, maar dit was weinig meer as 'n formaliteit.,

Die totale verburgerliking van die kerk

As 'n mens nie meer besef dat hy in 'n toestand van diepe skuld en ellende verkeer nie, en dit dus ook nie so belangrik is om aan daardie toestand te ontkom nie, word alle bekeringsprediking naderhand op die agtergrond geskuif – nie net die prediking van die wortelbekering nie, maar ook die prediking van die daaglikse bekering en heiligmaking. Wat gebeur dan? *Die sedelike lewe van kerklidmate ontaard al hoe meer, maar sonder dat hulle hoop op die ewige lewe enigsins verswak!* In een woord: die verskil tussen kerk en wêreld was aan die verdwyn.

Daar is reeds verwys na frappante ooreenkomste met ons eie tyd en praktyk. 'n Mens kan jouself afvra waarom die verval by ons blykbaar nog nie so ver gevorder het as by die Calviniste van New England aan die begin van die agtiende eeu nie. Die verskil kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die bepaling dat gereeld uit die Heidelbergse Kategismus

gepreek moet word. Al word die mens se ellende dan nie altyd in sy volle diepte besef en verkondig nie, word die beginsel, die teorie daarvan ten minste gereeld onder die gemeente se aandag gebring. Al word dit dikwels verkondig as 'n stadium waarby die gemeente as geheel lankal verby is – trouens, behoudens die absolute uitsondering is hulle mos as kind wedergebore – word die *teorie* van die leer van verlossing ten minste suiwer gehandhaaf. Ek meen dat dit 'n magtige behoudende faktor is. Die opmerking is tereg gemaak dat herlewing eintlik in wese niks anders is nie as die intense beleving van ellende, verlossing en dankbaarheid nie – en dit is juis die leer van die Heidelbergse Kategismus. Solank die Kategismus getrou behandel word, word ten minste die *vorm* van regsinnigheid en van die Bybelse genadeleer gehandhaaf. Maar om tot New England terug te keer:

Edwards se prediking

Die meeste van die afstammeling van die Puriteine was Kongregasionaliste. Tot hulle het ook Jonathan Edwards van Northampton behoort. Die eerste roering van die ontwaking het begin met 'n reeks preke deur Edwards oor die onderwerp: "Die regverdigmaking deur die geloof". Hierin het die verlorenheid van onbekeerde mense, die regverdige oordeel van God oor sondaars, en sy soewereine genade weer tot sy reg gekom, lynreg teen die destyds heersende kerklike praktyk in. Mense het weer plotseling onder die besef gekom dat hulle nie uit eie voortreflikheid op pad was na die hemel toe solank hulle maar min of meer fatsoenlik lewe nie, maar dat hulle op pad was na die ewige verdoemenis; en dat hulle net een hoop op redding het, en dit is om na Christus te vlug en om genade te smeek op grond van sy offer.

Op hierdie wyse begin herlewing gewoonlik. Waar daar werklik met hierdie waarhede erns gemaak word, is herlewing gewoonlik nie ver nie.

So belangrik is die rol wat Edwards in hierdie ontwaking gespeel het, dat dit goed sal wees om 'n bietjie meer aandag aan hom te bestee.

As 'n mens teenswoordig met 'n gereformeerde bril Edwards preke lees, vind jy weinig nuuts daarin. Miskien is dit omdat ons afgestomp geraak het vir die prediking van hierdie waarhede. Maar in daardie tyd het dieselfde waarhede soos deur Edwards, Whitefield en hulle medewerkers verkondig, geglans soos ou goud wat weer uit die stof opgediep is. Dít moet deels die verklaring vir die groot effek daarvan wees.

Edwards vertel dat die werking van die Heilige Gees in die gemeente in Desember 1734 merkbaar begin word het. Die geraas en die beroering onder die doodsbeendere het al hoe duideliker geword. Skielik het geestelike sake die algemene onderwerp van gesprek begin word. Mense het begin besef dat dit iets verskrikliks is om buite Christus te wees.

Die patroon was dieselfde hier en later in ander gemeentes: Mense het onder die oorweldigende besef gekom van hulle sonde en die haatlikheid daarvan; hulle het met 'n honger na die verkondiging van die Woord begin luister; hulle kon nie rus vind voordat hulle met God versoen is nie; en wanneer hulle in Christus tot rus gekom het, was hulle oorstelp van vreugde soos hulle eers van vrees en sondebef oorstelp was.

Edwards was vol van die Heilige Gees. Hierdie waarhede wat hy verkondig het, was vir hom 'n geweldige werklikheid. God, die hemel, die hel, die aakligheid van sonde en die skoonheid van heiligmaking, die heerlikheid van Christus en die onvoorwaardelike aansprake van sy evangelie, was net so werklik vir sy gemoed as die vallei van Connecticut

en die berge van Berkshire. Die onuitspreeklike vreugde van verlossing en die nabyheid van God was sy kostelikste ervaring.

Maar dit beteken nie dat hy 'n emosionele prediker was nie. Sy styl was die helder betoogstrant van die leraar. Iemand beskryf 'n preek van hom oor Deut 32:35: "My kom die wraak toe en die vergelding, op die tyd as hulle voet wankel". Met onverbiddelike logika het hy sy hoorders stap vir stap met hom meegevoer. Hierdie rustige, ernstige prediking het 'n groter uitwerking op hulle gehad as enige raserige of dramatiese opswepery. Selfs sy lewendige beskrywing van die lot van die verlorene was deel van sy logiese betoog, eerder as die produk van sy verbeelding. Dit het onbekeerdes platgeslaan voor die Woord. Soms moes hy hulle stilmaak om met sy preek te kon voortgaan.

Hierdie emosionele reaksie het veral voorgekom, en kom nou nog voor, by mense wat sterk vyandig staan teenoor die evangelie of hulle daarteen verset. Hulle is geneig om al hoe sterker weerstand te bied totdat hulle verset breek. Dan is die ineenstorting so groot dat hulle hulle selfbeheer totaal kwyttraak. Hulle word tot sterwens toe benoud en hulle gee nie meer om wie dit sien en hoor nie. Die emosionele uitings is nie die werk van die Heilige Gees nie en word ook nie deur 'n Bybelse prediker gesoek of bevorder nie, dit is die onwillekeurige noodkrete van sondaars wat uiteindelik die volle konsekwensies van hulle sondigheid besef. Dit is jammer dat mense naderhand aan die uitings self waarde begin koppel het. Hulle het dit nie meer as die gevolg van menslike sonde en swakheid beskou nie, maar as op sigself die werk van die Heilige Gees. Namaaksels kon toe nie meer uitbly nie. Hieroor later meer.

Die ontwaking van 1734 het min of meer tot Northampton beperk gebly. In 1739 het dit oor die hele New England begin versprei. Hiervoor het die Here manne soos Gilbert Tennent en George Whitefield gebruik.

Om uit die oorvloed van interessante en aangrypende gebeurtenisse uit daardie tyd 'n keuse te doen, is moeilik, maar kom ons beperk ons tot die werk van *Whitefield en Edwards*, die *ontaarding en kwynning* van die herlewing, en die *blywende effek* wat dit nietemin gehad het.

Na die eerste roeringe in Northampton was daar 'n algemene gevoel van verlange by baie kinders van die Here; daar was 'n besef van armoede en tekortkominge voor die Here; daar was 'n gees van selfondersoek, en in hierdie selfondersoek het hulle hulleself te lig bevind; hulle het hulleself voor God verneder oor hulle koudheid en onstandvastigheid in sy diens; daar was smeekbedes om vergewing en om genade om getrou te kan wees en om God se seën op hulle arbeid. So lyk dit gewoonlik op die vooraand van 'n groot geestelike ontwakking, en so het dit in die ooste van Amerika gelyk op die vooraand van Whitefield se eerste besoek aan New England in 1739.

Whitefield

Whitefield is in 1714 uit 'n Anglikaanse huis gebore. Van kindsbeen af was hy 'n ernstige seun. Hy het hom altyd tot die predikantsamp aangetrokke gevoel, maar hy het nie die ware evangelie van genade geken of verstaan nie. In sy ernstige strewe na heiligmaking het hy in die moeras van werkheiligheid en askese te lande gekom, maar dit kon hom nie rus gee nie. Hy het al dieper in die ellende van sondebeseft en vrees vir die oordeel van God versink, totdat hy naderhand geestelik en liggaamlik afgetakel was.

Uiteindelik het hy rus gevind in die evangelie van die genade van God en van die sterwe van Christus in sy plek. Daarna het die Bybel opeens magtig en verlossend tot hom begin spreek, en hy het wat hy in die Bybel gelees het, op aangrypende wyse begin verkondig.

Hy het self die diepte van die verlorenheid van 'n onwerdergebore mens ervaar sowel as die rykdom van die verlossende genade van God, en daarom kon hy so oortuigend die waarhede wat hyself leer ken en beleef het, aan ander verkondig.

Joseph Tracey skryf oor hom "He poured them forth in a voice of wonderful flexibility, compass and power, and accompanied with the most graceful, impressive and appropriate action. In look, attitude, gesture, intonation – all that constitutes the *manner* of an orator, the world probably never saw his superior, perhaps, never, his equal".

In daardie tyd toe daar geen luidsprekers was nie, kon hy met die grootste gemak 'n gehoor van tien- tot twintigduisend mense in die oop veld aan sy lippe laat hang. Totius (1903:53) soek die geheim van sy "sukses" in sy indrukwekkende en simpatieke voorkoms, sy liefde vir die Immanuel, die manier waarop hy oormeester is deur sy preekstof. Tog, hoeseer hy ook al van nature in die tegniek van welsprekendheid uitgemunt het, was dit nie die vernaamste rede vir die magtige en blywende effek wat sy prediking op mense gehad het nie. Dit was die volheid van die Gees, die salwing met die krag van die Gees, waarvoor Totius as kind van sy tyd nie werklik 'n oog had nie, hoewel hy die vrug daarvan raaksien in die gloed van liefde vir sy Verlosser en vir verlore mense. Whitefield het mense van aangesig tot aangesig met die lewende God gebring.

Hy het vir die eerste keer gemerk watter effek sy prediking op mense het toe hy in Bristol se steenkoolmynstreek in die oop veld moes gaan preek omdat die kansels vir hom gesluit was. Die ruwe steenkoolwerkers het baie min van die Bybel geweet. Hulle het selde of ooit vantevore 'n preek gehoor. Hulle was die uitgeworpenes van die land, afgeskryf deur 'n selftevrede, verburgerlikte kerk wat in Unitariëse en wettiese dwaalleer en koudheid verval het en geen hart meer vir die verlorene gehad het nie. Spoedig het Whitefield se gehoor onder hierdie steenkoolmywerkers aangegroei tot twintigduisend. Terwyl hy preek, het hy gesien hoe die trane wit strepe langs hulle swart steenkoolbevlekte wange trek. In hulle honderdtalle het hulle tot bekering gekom, en, soos later uit hulle lewens geblyk het, was dit gewoonlik blywend.

Whitefield in New England

Dieselfde effek het byna altyd Whitefield se prediking gekenmerk, ook in New England waar hy in November 1739 aangekom het. Dit het niks met opswepery of emosionele effekbejag te doen gehad nie. Teen daardie soort ding het Whitefield as getroue Calvinis hom altyd verset. Dit was die werk van die almagtige Gees van God: dit was herlewing. Die tyd vir herlewing was ryp – God se tyd – en Hy het die man vir die oomblik beskik. Die groot ophef wat van hom as prediker gemaak is, die ongekende toeloop na sy byeenkomste en die oorweldigende effek wat sy prediking op sy toehoorders gehad het, het hom nie egoïsties gemaak nie. Hy het nederig gebly en is soms totaal oorweldig deur die besef van sy eie onwaardigheid. Soms was dit so erg dat hy homself moes dwing om te gaan preek; hy het gevoel hy is so 'n groot sondaar dat hy nie die reg daartoe het nie.

Tog het hy miskien af en toe 'n bietjie oormoedig geword, veral in die jare van sy jeugdige voortvarendheid. Dit blyk uit die beterweterige toon wat hy aanslaan teenoor Wesley toe hy hoor dat laasgenoemde die Calvinistiese leer die rug toegekeer het en 'n Arminiaan geword het: "Remember that you are but a babe in Christ, *if so much*". Whitefield het hom terdeë misgis as hy gedink het 'n mens kan 'n reus soos Wesley gou-gou op daardie manier op sy plek sit. Dit het tot 'n langdurige verwydering tussen die twee vriende gelei en geen positiewe effek op Wesley gehad nie.

Sy argumente teen Wesley se nuwe leer is nietemin indrukwekkend. Van Wesley se perfeksionisme, gepaard met die leer dat wedergeborenes tog verlore kan gaan, sê hy: "Om nie tot sonde in staat te wees nie (perfeksionisme!) en terselfdertyd in staat te wees om vir ewig verdoem te word, is 'n absurditeit".

Iets wat Whitefield bitter verkwalik is, is 'n preek wat hy op 'n keer gelewer het waarin hy harde woorde oor onbekeerde predikante gesê het. Hy het gesê die meeste predikante preek oor 'n ongevoelde en onbekende Christus. "Dit is waar", he hy gesê, "dat God die duiwel kan gebruik om mense te bekeer as dit Hom behaag, en dat Hy net so ook van onbekeerde predikante gebruik kan maak. Maar ek is oortuig dat Hy selde een van die twee hiervoor gebruik. Die Here sal werktuie kies wat deur die werk van die Heilige Gees geskik gemaak is vir sy heilige werk; wat my betref, sal ek nie vir 'n duisend wêrelde 'n onbekeerde man die hande oplê nie".

Later het hy bely dat hy verkeerd gehandel het deur 'n oordeel uit te spreek oor watter persentasie van die predikante onbekeerd was. Maar hy was altyd bereid om te luister na vermaning en berisping, en gelukkig was daar manne soos Jonathan Edwards wat die moed gehad het om hom in liefde te vermaan. Ons moet onthou dat Whitefield in daardie stadium maar 25 jaar oud was, en toe reeds die mees gevierde prediker in die wêreld.

Ander geseënde predikers uit hierdie tyd was Gilbert Tennet van die Presbiteriaanse Kerk, en Jonathan Parsons. Daar was talle ander predikante wat deur die Here gebruik is om tot die gewetens van die lidmate te spreek en vernuwing in die meeste gemeentes teweeg te bring.

Ongelukkig het daar verskynsels begin opduik wat tot groot onenigheid aanleiding gegee het en uiteindelik die herlewing gestuit het.

Dwaling en sektarisme

Dit het begin met die optrede in 1741 van 'n sekere James Davenport. Hy het hom verheug in die herlewing en het aanvanklik baie hoë aansien geniet by manne soos Whitefield en Tennent. Tennent het verklaar dat hy niemand ken wat so naby die Here lewe as Davenport nie. Ongelukkig het Davenport spoedig in die dwaling verval om die leiding van die Heilige Gees los van die Bybel te soek en daarvolgens te handel. Hierdie soort vertroue op indrukke en impulse is altyd gevaarlik as dit nie onder die strenge tug van die Woord bly nie. Dit is nog gevaarliker as dit die inbeeldings van 'n hoogmoedige en eiegeregtige gees is.

Davenport het met verloop van tyd sy eie gemeente begin verwaarloos en ongevraagd in ander dorpe gaan preek. Daar het hy dan die predikante wat hom nie met ope arms verwelkom het nie, as onbekeerd afgekraak. Selfs predikante van wie die lewenswandel bo verdenking was en wie se arbeid met ryke vrugte beloon is, moes deurloop. Davenport het naderhand eenvoudig van dorp tot dorp gegaan en van elke predikant 'n verslag geëis van sy geestelike stand. Elkeen wat geweier het om verslag te doen, of wie se verslag nie aan Davenport se vereistes voldoen het nie, is dadelik as onbekeerd bestempel. Hy het geglo dat God hom spesiaal vir hierdie "bediening" geroep het. Diegene wat wel aan sy geestelike vereistes beantwoord het, maar hom nie hulle samewerking wou verleen nie, het die twyfelagtige eer verdien om as "Josafats in Agab se leër" uitgeskel te word. Die gemeentes is opgeroep om hulle van sulke predikante af te skei en Davenport te volg. En as iemand anderpad gekyk het en nie wou kantkies nie, het Davenport 'n metode gehad om hom daartoe te dwing om kant te kies: Hy het eenvoudig in die openbaar

verklaar dat daardie man hom steun, en dan moes die arme man noodgedwonge sy kleure wys.

Die beweging het sy uiterste buitensporigheid in Maart 1743 bereik. So fanaties het Davenport en sy volgelinge geword dat hulle by geleentheid al hulle deftige klere in 'n groot vreugdevuur verbrand het, en asof dit nog nie genoeg was nie, 'n hele hoop teologiese boeke daarby, waaronder werke van gevierde skrywers soos die Puritein John Flavel en reeds genoemde Jonathan Parsons.

Al hierdie uitwasse het ongelukkig baie mense teen die herlewing self die harnas in gejaag. Hulle kon nie onderskei tussen die ware herlewing en die vervalsings daarvan nie. Deur God se genade het Davenport kort hierna tot inkeer gekom en in 'n roepende ope brief sy berou uitgespreek en sy eie dwalings weerlê en gerepudiër as die swerftogte van 'n siek gees. Maar die kwaad was gedaan. Baie mense wou niks meer met herlewing te doen hê nie. Herlewing was vir hulle blote fanatieke dwepery.

Die volgelinge van Davenport het hulle intussen in afsonderlike kerke georganiseer en van kwaad na erger gegaan. Joseph Tracy toon aan dat by baie van hulle die partygees die plek ingeneem het van broederliefde; haat teen die opponente die plek van ywer vir God; en moddergooiery het deurgegaan vir Christelike vrymoedigheid.

Gelukkig het die blywende effekte van die herlewing so 'n grondige vernuwing in die gestalte van die kerke self gebring, dat daar vir die separatiste min werklike aanleiding oorgebly het om hulle nog met reg van halfhartigheid en onheiligheid te kon kritiseer. Dit het die grond onder hulle voete weggeeneem en hulle het gaandeweg invloed verloor en van die toneel verdwyn. Teen 1818 het hulle nie meer as aparte kerke bestaan nie.

Die blywende effekte van die Groot Ontwaking

Die grootskaalse herlewing het teen 1744 tot stilstand gekom, maar dit beteken gelukkig nie dat die kerke teruggekeer het tot die toestand van voor 1739 nie. Intendeel, dit was 'n blywende vernuwing. Dit blyk daaruit dat in die jare daarna die kerke bly groei het, ondanks hoër vereistes wat aan voornemende lidmate gestel is, groter aandrang op oorgawe en op 'n lewende belydenis van die geloof. In die Presbiteriaanse Kerke het die getal predikante in die sinode van New York in sewentien jaar verdriedubbel. In ander dele van Amerika, wat nie deur die Ontwaking aangegryp is nie, en ook in Skotland, Engeland en Ierland, het die Presbiteriaanse Kerke in die jare daarna in Arminianisme en selfs Unitarisme verval. Die egte lewe wat met die Ontwaking in die kerke van New England gekom het, het daardie dele van hierdie dwalings gevrywaar. Dit was hierdie kerke wat nog in 1890 met die ryk geseënde sendingwerk in Korea begin het.

Beoordeel aan hulle belydenis en die vrugte daarvan, het na raming tot vyftigduisend mense tot die geloof gekom (uiteraard word sulke syfers altyd genoem met die voorbehoud van 'n gebrekkige menslike insig in die harte van ander!). Dit is des te merkwaardiger as ons in aanmerking neem dat die bevolking van New England destyds maar ongeveer 250 000 was. Meer as een vyfde van die bevolking is dus ingrypend deur die Ontwaking aangeraak. Trouens, hierdie getalle verwys maar na die ongelowiges wat tot bekering gekom het, en noem nie eers die gelowiges wat tot verdieping gekom het nie – wat net so belangrik was.

In die twintig jaar na 1740 het 150 nuwe Kongregasionalistekerke tot stand gekom. Baie predikante het openlik verklaar dat hulle self eers in daardie tyd tot bekering gekom het. Toe Whitefield in 1744 vir die derde keer na Amerika kom, was daar in Boston alleen nie

minder nie as twintig predikante wat verklaar het dat hy die middel was wat God vir hulle bekering gebruik het.

Maar miskien was van nog meer ingrypende belang die vernuwing en verdieping wat daar in die lewens van gelowige predikante gekom het, wat vroeër met hulle toestand van halwe slaap tevrede was, "contentedly unsuccessful", maar wat nou met oorgawe in die volheid van die Heilige Gees en met kennelike seën gewerk het. Van daardie tyd af is baie noukeuriger gelet op die persoonlike geloofsgetuigenis van voornemende predikante. Die mense het nie meer geglo dat onbekeerde predikante van nut kan wees solank hulle lewe maar die gedaante en vorm van godsaligheid het nie.

Die sendingwerk onder die Indiane het 'n groot stoot vorentoe gekry. Baie van hulle het tot bekering gekom. Trouens, onder die prediking van manne soos David Brainerd, William Tennent (Gilbert se broer) en ander het die heidendom in daardie streek sy laaste doodsnikke gegee.

'n Heerlike vrug van die Ontwaking was dat die dwaalleer van *Arminianisme en Unitarisme gestuit* is en dat die ou reformatoriese waarhede van die soewereine genade van God oor 'n verlore mens weer in hulle rykdom waardeur en verkondig is. Hierdie waarhede is deur die opwekkingsprediking beproef en die krag en waarheid daarvan het uit die vrugte geblyk.

'n Les uit die geskiedenis

Dit staan daar as 'n dure en waarskuwende les vir ons dat al die kerke wat nie aan die dringende eis tot bekering en heiligmaking gehoor gegee het nie en voortgegaan het om onbekeerde predikante en lidmate sonder enige geloofsoortuiging in hulle midde op te neem, baie gou daarna in die doodslaap van die vrysinnigheid en Unitarisme ingesluimer het.

Ons moet meer aandag gee aan die geskifte en teologie van die Puriteinse, Skotse en Amerikaanse Calviniste soos Jonathan Edwards, en minder gebonde wees aan die naelstring van die tradisie wat ons by die Gereformeerde Kerke in Nederland met hulle teologie van die veronderstelde wedergeboorte en alles wat daarmee saamhang, wat soveel verwoesting in daardie kerke aangerig het. As ons nie dieselfde weg wil inslaan nie, moet ons weg beweeg van daardie soort teologie wat op die lang duur tog maar net die wêreld in breë strome by die kerk innooi met die versekering dat hulle almal wedergebore is.

DIE TWEDE GROOT ONTWAKING IN AMERIKA (1792-1830)

Vir die Eerste Groot Ontwaking het die Here 'n hele korps groot manne gebruik. Die Tweede Groot Ontwaking het geen groot beroemde figure opgelewer nie, met uitsondering van Asahel Nettleton. Naas talle troue herders in hulle gemeentes was Nettleton die instrument om tienduisende mense tot ontwaking te bring en nuwe lewe in die kerk te blaas.

Dit is merkwaardig dat Asahel Nettleton so onbekend is. Min van ons ken selfs sy naam, terwyl die naam van sy jonger tydgenoot, Charles Finney, tot op hede beroemd is as een van die grootste "revivalists" in die geskiedenis en byna sinoniem geword het met herlewing. Tog is dit, met alle waardering vir die werk wat Finney gedoen het, 'n feit dat die bydrae van Nettleton, hoewel dit minder opspraakwekkend was en minder publieke aandag getrek het, veel meer Bybels en suiwer was as die van Finney.

Van Nettleton sê die geskiedskrywer J F Thornbury: "Hy was 'n evangelis met 'n besondere salwing van die Heilige Gees, en waar hy ook gegaan het, is dorp na dorp besoek deur die krag van God en het veranderings plaasgevind wat vandag byna ongeloflik lyk. Vir tientalle jare na sy werk in 'n gemeenskap kon daar nog lewende monumente gevind word van die egtheid van daardie herlewings... Skynbekeerdes was die uitsondering eerder as die reël" (1977:13).

Van die resultate van Finney se werk getuig Finney aan die ander kant self waar hy in *The New York Evangelist* skryf oor die "herlewings" van die voorafgaande tien jaar: "The great body of them are a disgrace to religion. Of what use would it be to have a thousand members added to the church to be just such as are now in it?"

Volgens die wat dit meegemaak het was die Tweede Groot Ontwaking net so kragtig as die eerste in die tyd van Jonathan Edwards, maar veel rustiger. Dit het met minder manifestasies soos visioene, transe en heftige liggaamsbewegings gepaard gegaan, maar dit was langduriger en daar was minder skynbekerings. Dit moet in 'n groot mate aan die invloed van Asahel Nettleton toegeskryf word, want dit was die karakter wat sy prediking en bediening vertoon het. Hy het blykbaar die lesse van Davenport se eksesse goed onthou en dit angsvallig vermy.

Die verval

Na die Eerste Ontwaking het daar geleidelik deur die jare vervlakking en verflouing ingetree.

Na die Vryheidsoorlog en die oorlog teen die Franse, waar baie soldate vir lang tydperke aan die voorbeeld van 'n wilde lewe blootgestel was, het die verwildering gaandeweg ook die maatskappy deurtrek. In die wêreld van die geleerdes het die sogenaamde "Verligting" die tradisionele opvatting begin verdring, en die boeke van ongelowiges soos Volney en Voltaire was in die mode met hulle uitdagende voorspellings dat die Bybel spoedig 'n relikwie van die donker eeue sou word, vir niks anders geskik as om bygelowiges besig te hou nie.

Toe Timothy Dwight in 1795 as nuwe rektor na Yale gekom het, moes hy vind dat dié skool 'n broeiplek van ongeloof en onsedelikeid was. Die intellektuele afgode van studente was Voltaire, Rousseau en ander vyande van die Christendom, en die lewe van die studente het hulle libertynse instelling weerspieël. Sterk drank is in baie kamers aangehou, dronkenskap, ligsinnigheid, dobbelary en onkuisheid was algemeen.

'n Aantal persone het egter nog die teologiese beskouings van Jonathan Edwards gehuldig en gepropageer. Hulle het begin saamkom vir tye van gesamentlike gebed en mekaar bygestaan in hulle prediking. In antwoord op hulle gebede het die Here Asahel Nettleton aan hulle gegee.

Wie die Bylae by Spague se boek oor Revivals lees, merk dat daar gedurende die eerste twintig jaar van die 19de eeu oral in die Presbiteriaanse en Kongregasionalistiese Kerke in New England kragtige, maar kortstondige en geïsoleerde herlewings plaasgevind het. Daardeur is die kerke vernuwe en het die leerstellings van God se soewereine genade weer in hulle glans na vore getree.

Dis veral opmerklik dat meer as een van die predikante met groot waardering verwys na die vernuwings wat oor die gemeente gekom het na besoeke van Asahel Nettleton.

Asahel Nettleton

Asahel Nettleton was afkomstig uit 'n eenvoudige boeregesin, die oudste seun uit 'n gesin van ses kinders. Na 'n swaar geloofsworsteling het hy as jong man tot rus gekom in die soewereine genade van God. Daarna het hy besluit om hom op Yale as bedienaar van die Woord te gaan bekwaam. Toe hy daar aanland, was die ergste skandalighede reeds deur Timothy Dwight in bedwang gebring, maar van ware toewyding was daar in daardie stadium nog weinig sprake. Nettleton het egter wel die teologie van Edwards ingedrink: Hy was oortuig van die verdorwenheid van die onwedergebore mens, en het niks van menslike vermoëns verwag nie. Tensy die Heilige Gees goddelik ingryp, kon niks gebeur nie. Hierdie opvattinge het sy hele bediening gekenmerk en was juis die agtergrond van sy kontroverse met Finney.

Die aard van Nettleton se bediening

Nettleton het sy roeping beskou as dié van evangelis. Maar hy het gesien hoeveel skade rondreisende evangeliste soos Davenport en andere die saak van herlewing aangedoen het, en hy het hom met beslistheid van hulle metodes gedistansieer. Nooit het hy na 'n gemeente of dorp gegaan tensy hy deur die kerkraad uitgenooi is, en as daar 'n predikant was, met sy samewerking nie. As dit dan geblyk het dat sy beskouings en benadering nie met dié van die predikante klop nie en samewerking onmoontlik was, het hy stilletjies na elders vertrek sonder om tweespalt te veroorsaak.

Die meeste van die gemeentes waar hy aanvanklik gedien het, was vakant. Hy het voorkeur verleen aan werklik vervalde gemeentes, "waste places", waar hy vir 'n relatief lang tydperk gewerk het. Eers het hy hoofsaaklik slegs gepreek. Sy prediking was sterk op die gewete van die hoorders toegespits. Daar word van hom getuig dat hy 'n ongeëwenaarde gawe ontvang het om elkeen persoonlik aan te spreek en sy skuld voor God aan homself te ontdek. Wanneer daar ontwaking in die gewetens van mense gekom het, het hy "enquiry meetings" gehou om hulle persoonlik pastoraal te help. Hy het net lank genoeg op 'n plek gebly om behoorlike opvolgwerk te kan doen, en teen daardie tyd was die gemeente gewoonlik weer sterk genoeg om 'n predikant te kan beroep.

Net so indringend soos sy prediking was sy pastorale bediening. Hy het die gawe van die Heilige Gees ontvang om baie gou iemand se spesifieke behoefte te diagnoseer en dan met net die regte woord uit die Bybel na hom te kom. Hy was in staat "to place the naked truth upon the conscience, and to demolish with a few heavy strokes, all the vain excuses and refuges of lies to which sinners resort to screen themselves from the force of the truth".

Daar was niks van gepoleerde welsprekendheid in sy prediking nie, en daar is bykans niks van sy prediking opgeteken nie. Hy het in die eenvoudigste woorde moontlik sy hoorders direk aangespreek en hulle met die Ewige Regter gekonfonteer. Daarin het die krag van sy prediking gelê. Hy kon die ontsaglike werklikheid van die ewigheid by sy hoorders tuisbring. Wanneer hy oor die haatlikheid van sonde gepraat het, het hulle die angel daarvan in hulle harte gevoel. Wanneer hy oor die lyding van Christus gepraat het, het hulle die verwonding gevoel. Wanneer hy die heiligheid van God verkondig het, het hulle by die aanskouing daarvan gebewe. Wanneer hy gedonder het van die helse straf, het hulle in ans na die kruis van Jesus gevlug. Wie Bennett Tylor se biografie oor hom lees, geniet intens van die pittige en raak antwoorde van Nettleton op die teenwerpings van onbekeerlikes en dwaalleraars, soos Taylor dit opgeteken het. In een van sy preke spreek hy iemand aan wat kom met die teenwerping dat hy hom nie *kan* bekeer nie, want dit is nie 'n mens se werk om jou te bekeer nie: "What! Cannot be reconciled to God? Cannot feel sorrow for sin? Cannot cease to rebel against the king of heaven? What an acknowledgement is this? Out of thine own mouth, wilt thou be condemned? If, indeed,

your are so opposed to God, that you cannot feel sorrow for sin, this is the very reason why you ought to be condemned. The harder it is for you to repent and love God, the more wicked you are, and the greater will be your condemnation".

Finney

Daar was egter opposisie op pad teen die teosentriese teologie wat tot in daardie stadium die herlewings oorheers het. Teen 1820 het teologiese rigtings na vore begin kom wat beter afgestem was op die groeiende nasionale trots en selfvertroue van die Amerikaners. Die beliggaming van hierdie nuwe gees was Charles Grandison Finney.

Finney se uiterlike het hom goed toegerus vir sy rol van "revival preacher". Hy was 'n imposante figuur met valkoë wat sy toehoorders byna kon hipnotiseer. Hy het 'n vol, kragtige stem gehad en selfvertroue uitgestraal.

Spoedig na sy bekering het Finney die Calvinistiese leer verwerp as irrasioneel, vals en skadelik. Hy het die Arminianisme openlik begin aanhang, en so magtig was sy redeneersvermoëns dat hy die teoloë van sy tyd in groot getalle met hom meegesleur het.

Sy prediking is gebaseer op die veronderstelling dat mense self van nature die vermoë het om hulle te bekeer. Wanneer hy van dorp tot dorp gereis het, was een van sy eerste oogmerke om die bolwerke van Calvinisme aan te val en te verpletter. Solank mense glo aan die inherente verdorwenheid van die mens, kon jy nie op hulle 'n oproep doen om hulle te bekeer nie, het hy geglo.

Sy evangelisasiemetode het hierdie teologie weerspieël. Dit was hy wat eerste die gebruik ingevoer het om mense tot 'n oombliklike beslissing te probeer dwing, desnoods met allerhande sielkundige tegnieke. Jy sweep die mense op tot 'n histerie van angst. Dan doen jy 'n beroep op hulle om na vore te kom as hulle hulle wil bekeer. Jy wys hulle daarop dat iemand wat nie eers so iets gerings wil doen asom kant te kies vir die Here nie, onmoontlik bekeer kan wees. Die onmiddellike beslissing en die fisieke daad van opstaan en na vore kom het die toets geword van bekering of nie.

Die probleem is dat hierdie metode neig om die mense se aandag weg te trek van God af en dit te fokus op 'n plek voor in die kerkgebou. Tot in daardie stadium was "om na Christus te kom" as 'n geestelike daad beskou. Innerlike bekering en geloof het veronderstel dat 'n mens eers iets van 'n proses moes deurmaak; dat jy eers jou eie hart moes ondersoek voordat jy kon verklaar dat jy bekeerd is. Maar om op te staan en na vore te loop, is 'n eenvoudige uitwendige daad, waarvan jy onmiddellik seker was dat jy dit gedoen het. As weiering om na vore te kom, opstand teen God is, dan is die gewilligheid om na vore te kom, onderwerping aan God. Op hierdie manier is ruim opening gelaat vir skynbekerings, geïnspireer deur die opwinding van die oomblik, in plaas van die werking van die Heilige Gees. Finney moes self getuig dat die meeste van hierdie bekerings nie blywend was nie.

Hierdie metode was die noodwendige gevolg van sy teologiese veronderstellings. As die mens hom self kan bekeer sonder die werking van die Heilige Gees, dan is dit natuurlik gerade om alle moontlike tegnieke toe te pas om hom tot die eerste stap te beweeg. Dit is wat moderne evangeliste vandag nog doen wanneer hulle gelowige mense in die gehoor plaas en hulle aanwys om eerste op te staan en na vore te kom om die onbekeerdes so aan te moedig om ook die stap te doen.

Niemand kan ontken dat die Here ook onder hierdie omstandighede die verkondiging van die evangelie kan gebruik om mense tot geloof te bring nie. Nettleton self kon nooit met Finney se metodes eens wees nie, maar hy het die Here gedank vir wat Hy desondanks deur Finney gedoen het, en hom altyd "brother Finney" genoem. Dit neem egter nie weg nie dat Finney se metodes baie kwaad naas die goed aangerig het.

Bennet Tyler skryf oof die Finney-bekerings dat "Terrific sermons and other means are artfully contrived to stimulate the feelings of ignorant people. In compliance with the call given at the period of the greatest excitement, they repair to the *anxious seat* by scores. As their fears are soon aroused, they are generally as soon calmed; and, in a few days, may profess to entertain hope. Many such converts soon lose all appearance of religion; but they become conceited, secure, and gospel proof; so that while living in the open and habitual neglect of their duty, they talk very freely of the time when they experienced religion".

Die aanhangers van Finney se prediking is gekenmerk deur 'n familiêre, oneerbiedige manier van bid; deur persoonlike aanvalle op mense, ook in die preke; deur in die gebede soms die name van persone teenwoordig te noem en hulle so af te kraak. Finney het self ook hierdie tegniek toegepas totdat hy eendag in later jare, terwyl hy president van Oberlin College was, weer in sy gebed een na die ander die lede van die fakulteit afgekraak het. Een jong dosent kon dit nie meer verduur nie en vra toe verlof om ook in gebed voort te gaan. Hy het toe aan God gesê dat dit nie reg is dat vir almal gebid word behalwe vir die president nie, op sy beurt al Finney se tekortkomings aan die Here voorgelê, en afgesluit met 'n smeekbede dat die gawe van sagmoedigheid en liefde tog ook aan Finney gegee moes word. Finney se gebede was in die vervolg minder persoonlik en kwetsend!

Die tipiese werkswyse van die Finney-tipe "revival preacher" word deur Thornbury beskryf met sy weergawe van wat in Durham gebeur het. Daar het een van Finney se jong aanhangers aangekom en aangekondig dat daar 'n revival gaan wees. Die revivalveldtog is begin met 'n venynige aanval op die plaaslike predikant en kerk. Die mense is aangemoedig om teen hom te draai met die vraag "Is julle vir hom bang? Hy is 'n leuenaar, 'n Agan in die kamp, 'n karakter so swart soos die hel".

Die beste wat van hierdie soort predikers gesê kon word, is dat hulle blykbaar die verlore nes van die Wilde Weste bereik het met hulle aanpak, en daar kerke tot stand gebring het wat anders nie sou bestaan nie. Maar 'n Bybelse voorbeeld van ware herlewing was dit beslis nie.

DIE KOREAANSE HERLEWING

Niemand vir wie die voorreg te beurt val om die Christelike kerke in Korea te besoek en die gemeentelike lewe daar mee te maak, kom onbewoë terug nie. Dit geld ook ons Suid-Afrikaanse Gereformeerdes. Die algemene getuienis is dat 'n mens die ervaring het dat jy daar in die tyd van die Handeling van die Apostels teruggeplaas is.

René Monod beskryf sy eerste kennismaking met die Koreaanse kerk nie lank na die Koreaanse oorlog nie. Hy is gevra om 'n oggenddiens op 'n weksoggend om 5 uur te lei. Toe hy om vieruur wakker word, het die winterreën teen sy vensterruite geslaan. "Daar sal seker niemand vanoggend opdaag nie," het hy gedink, maar tog gegaan om sy woord te hou. Die kerkgebou van die Presbiteriaanse kerk het in sig gekom: 'n strak, eenvoudige gebou sonder ruite in die vensters. Reën en sneeu het na binne gedwarrel. Toe hy

binnestap, het sy oë byna uitgepeul. Die gebou was volgepak met mense wat op strooimatte op die vloer sit.

"Wat beteken dit?" het hy gevra, "Die hele gemeente sal tog nie op 'n weepsoggend om vyfuur hier opdaag net om 'n sendeling te kom verwelkom nie!"

"Nee, dit is ons daaglikse gebedsbyeenkoms", was die antwoord. Dit was die gewone opkoms elke oggend van die week – byna drieduisend mense, die hele gemeente.

Na die lofsang begin die hele gemeente hardop gelyk bid, soos die gewoonte in Korea is. Tog voel niemand enige dwepery daarin nie. Die harmonie van die Heilige Gees is duidelik aanwesig. "n Harmoniese simfonie van gebed", noem P W Buys dit. Vir byna 'n uur duur die gebed. Dan vra een van die ouderlinge die besoeker om 'n Skrifoordenking te bring, "maar kort asseblief, nie langer as 'n uur nie. Die mense moet om seweur werk toe gaan".

Hierdie was maar een van verskeie gebedsbyeenkomste wat daaglik in Seoul gehou word. Bowendien was dit die gewoonte dat ongeveer 'n honderd gelowiges elke nag dwardeur die nag bid. Dit is vandag nog algemene praktyk in byna alle Koreaanse kerke.

Vir die eerste keer, sê Monod, het hy werklik die woorde van Hand 12:5 verstaan: "Die gemeente het aanhoudend vir Petrus tot God gebid".

Korea het sedert die sewentiger jare 'n welvarende land geword, maar dit was nie altyd so nie. Tot heel onlangs was dit 'n arm land, so arm soos enige land in Afrika. Nogtans het hierdie kerk nooit geld vir kerkgeboue of vir die traktement van predikante uit Amerika gekry nie, selfs nie vir die traktement van evangeliste in nuwe gebiede nie. Dit is jare lank al 'n kerk wat veral deur intensiewe Bybelstudie, intense en volharde gebed, groot offervaardigheid en vrymoedige getuienis gekenmerk word. Uit hulle armoede gee hulle oorfloedig vir die saak van die Here. Dit is niks buitengewoon nie dat 'n man sy dakteëls afhaal en dit vir die kerkgebou skenk en dan sy eie huis met gras dek. 'n Sendeling in Kazakhstan het my vertel dat hy op 'n keer 'n donasie van \$20 000 ontvang het vir die oprigting van 'n kerkgebou. Dit blyk toe by navraag dat dit kom van 'n egpaar wat 'n klein bakkerij het. Hulle het die geld wat hulle as deposito vir 'n huis vir hulleself gespaar het, geneem en na hom gestuur. Op 'n vraag van my aan Dr. Keun-Doo Jung, of daar baie lidmate is wat nie die volle tiende van hulle inkomste as kerklike bydrae gee nie, het hy gesê: "Daar is wel sulkes, maar dit is die wat nog rou Christene is, wat nog nie besef wat dit beteken om 'n Christen te wees nie."

* * *

Tog was dit nie altyd so nie. Die Koreaanse kerk het voorheen ook maar in baie opsigte gelyk na die halfhartige, selftevrede Christendom wat so tiperend van die kerk in die Westerse wêreld is. Tot een wintersnag in Januarie 1906. Van toe af was alles anders.

Maar kom ons begin by die begin.

Die marteldood van Robert Thomas

Robert Thomas is in 1863 deur die Londense Sendinggenootskap as sendeling na Sjina gestuur. Daar het hy in 1865 twee Koreane ontmoet en by hulle uitgevind dat elke opgevoede Koreaan Sjinese skrif kan lees. Daar en dan het hy besluit om die evangelie na Korea te bring. Dit was 'n baie moeilike taak wat hy homself opgelê het, want destyds was

die Koreane 'n egte kluisenaarsvolk, afgeslote van die wêreld. Geen uitlander is toegelaat om sy voet daar te sit nie.

Na 'n vrugtelose poging het Thomas verneem van 'n Amerikaanse skip, *die General Sherman*, wat 'n ontdekkingstog na Korea beplan. Met veel moeite het hy die eienaars oorreed om hom met sy vrag traktaatjies en Bybels saam te neem.

Die *General Sherman* het die Geel See oorgesteek en in die breë Tai Tongrivier opgeseil na die ommuurde stad Pyengyang in Noord-Korea, tagtig kilometer die binneland in. Hulle het op verskeie plekke vir 'n rukkie aan wal gegaan, en oral het die onvermoeide Thomas Bybels uitgedeel aan dié wat die moed gehad het om dit te aanvaar. Naby Pyengyang het die matrose die fatale flater begaan om vyf Koreane aan boord gevange te hou. Dit het die Koreane beangs en tegelykertyd woedend gemaak, veral toe twee van hulle probeer ontsnap het deur oorboord te spring en in die rivier verdrink. Gerugte het die rondte gedoen dat die uitlanders gekom het om ou graftombes te beroof en die oë van die Koreaanse kindertjies vir medisyne te bekom.

Dit was volmaan en springgety, met die gevolg dat die skip maklik deur die stroomversnellings onderkant Pyengyang stroomop gevaar het sonder om die gevaar te besef. Toe hulle probeer weggemak was dit reeds ebgety en te laat om te vlug. Die boot het in die middel van die eerste stroomversnelling vasgesteek en hulle kon dit nie beweeg nie. Intussen het daar 'n skietery ontstaan waarin 'n aantal Koreane gedood en gewond is. Toe die Koreane sien dat die skip vassit, het hulle 'n klomp vissersbootjies stroomop aan mekaar vasgebind en dit vol brandhout gepak. Toe die gety terugstroom see toe het hulle die bootjies aan die brand gesteek en laat afdryf see toe. Spoedig was die *General Sherman* in vlamme gehul. Die bemanning was verplig om in die water te spring en na die oewer te probeer ontvlug, waar die Koreane hulle met knuppels en gewere ingewag het.

Hulle is almal om die lewe gebring, maar die Koreane het vertel van een van die bemanning wat vreemd opgetree het. Hy het met arms vol boeke uit die water gestrompel en terwyl hulle hom met knuppels neerfel, nog na alle kante boeke in die arms van die Koreane gestop. Dit was die Wallieser Thomas.

Die Woord van die Here het nie leeg na Hom teruggekeer nie. Die owerhede het probeer om al die Bybels te konfiskeer en te verbrand, maar enkele persone het dit weggesteek en in die geheim gelees. Een van die eerste kategumene wat sewe-en-twintig jaar later deur Dr Moffett in Pyengyang onderrig is, was die seun van 'n man wat een van daardie Bybels ontvang het.

Die begin van die sendingwerk in Korea

Eers in 1893, byna dertig jaar na die dood van Robert Thomas, het die eerste permanente protestantse sendelinge hulle in Korea gevestig. Hulle was Dr Samuel Moffett van die Presbiteriaanse kerk en Dr. W.J. Hall van die Metodistekerk. Hierdie twee kerke, veral die Presbiteriaanse Kerk in Amerika, het verreweg die grootste aandeel in die sendingwerk in Korea gehad. Die werk is kragtig aangepak en het redelik vinnig uitgebrei. Ons kan dankbaar wees die sogenaamde "Neviusbeleid" uit die staanspoor daar gevolg is, naamlik dat die kerk van die eerste dag af finansiëel selfstandig moet wees. Dit het dikwels geloofsmoed geverg, veral wanneer dit gelyk het of kostelike geleenthede verbygaan; maar op die lang duur wat dit 'n baie wyse beleid.

Die Japans-Russiese Oorlog

Toe kom die Japannese inval van 1904. Die Japanners het Korea nodig gehad as afspringplek in die Japans-Russiese Oorlog, en nadat hulle die oorlog gewen het, het hulle in Korea aangebly. Die vernedering van vreemde oorheersing, vir die eerste keer in die moderne tyd, het 'n vlaag van intense patriotisme in Korea ontketen. "Liewer dood as slawe!", en "Korea vir die Koreane!", was die slagspreuke wat daagliks gehoor is. Dit was onmoontlik om openlik weerstand te bied, maar geheime byeenkomste is dwarsdeur die land gehou om weerstand te organiseer en 'n guerillastryd is aangeknoop.

Die jong Christelike kerk in Korea kon nie in hierdie stryd neutraal staan nie. Die Koreane het agtergekom dat die Christelike godsdienst, met name in sy Calvinistiese vorm, aan hulle volk ruggraat gee. Hulle het na die kerk begin opsien as die enigste sterk verenigende faktor in hulle volkslewe. As die kerk maar net 'n duim toegee het aan die druk om die brandpunt van die versetbeweging te word, sou duisende Koreane na hulle gestroom het.

Teen hierdie agtergrond het dit ontsaglike moed geveer om vas te staan en die evangelie van liefde en verdraagsaamheid te verkondig aan 'n verontwaardigde en vertrapte volk. Baie heethoofde wou niks daarvan hoor nie, maar die sendelinge en die leiers van die kerke het vasberade op hierdie koers volhard.

Die Pyengyangklas

In hierdie onstuimige tyd, in die jaar 1907, is die jaarlikse groot Bybelstudiekonferensie in Pyengyang georganiseer. In die maande van voorbereiding het die sendelinge besef dat niks anders nie as die volheid van die Heilige Gees hulle deur hierdie moeilike omstandighede sou kon dra. Hulle het diep onder die indruk gekom dat die Koreaanse kerk 'n behoefte het, nie alleen aan bekering van sy haat teen die Japanners nie, maar ook 'n duideliker besef van al sy skuld en sonde teen God. Baie mense het met 'n baie oppervlakkige sondebef by die kerk aangesluit. Hulle het nodig gehad om nog heelwat in heiligmaking te groei, maar dit kon nie gebeur solank hulle nog iets van die heiligheid van God en van sy haat teen die sonde leer ken het nie. Die sendelinge het in hulle persoonlike gebede en in hulle gebedsbyeenkomste volhardend hierdie een saak aan die troon van God opgedra. Immers, wie anders as die Gees van God sal bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde (Joh 16:8)?

Hierdie "Bybelklasse" is 'n kenmerkende verskynsel in die Koreaanse kerk. Elke gemeente sit een week per jaar uitsluitlik opsy vir intensiewe Bybelstudie. Dit het nog altyd 'n sterk vernuwende en opbouende uitwerking op die gelowiges gehad. Die doel daarvan is om die leiers toe te rus om wat hulle in die "klas" geleer en beleef het, weer aan die plaaslike gemeentes te gaan oordra. In Pyengyang is dit gewoonlik gedurende die eerste twee weke van Januarie gehou en daar het dan ongeveer agthonderd tot 'n duisend Christene byeengekom.

Vanaf Kersdag 1906 tot met die aanvang van die Pyengyangklas het die sendelinge elke aand vir gesamentlike gebed byeengekom. Toe die klas op 2 Januarie 1907 begin, kon hulle nie meer met die gebedsbyeenkomste in die aand voortgaan nie, maar so sterk was die begeerte om daarmee voort te gaan dat hulle dit na die middag verskuif het.

Op 6 Januarie 1907 was daar meer as vyftienhonderd Christene by die Bybelklas teenwoordig. Al die sendelinge en Koreaanse predikante wat in die klas voorgegaan het, het die noodsaaklikheid van liefde en geregtigheid en die noodsaaklikheid van die teenwoordigheid van die Heilige Gees benadruk.

Herlewing

Aanvanklik was dit vir groep mense daar bymekaar asoaf God sy rug op die kerk gekeer het, maar die Maandagaand was almal, sendelinge sowel as Koreane, bewus van die werklikheid van die teenwoordigheid van God in hulle midde. Na die kort inleiding uit die Bybel het Ds Lee geleentheid vir gebed gegee. So baie het tegelyk begin bid dat hy uitgeroep het: "As julle so wil bid, bid dan almal!" en oombliklik het die hele gehoor tegelyk hardop begin bid. Dit was asof hiermee die walle van weerstand verkrummel het. William Blair wat dit meegemaak het, beskryf dit in die volgende woorde:

"Die effek was onbeskryflik. Daar was geen wanorde of verwarring nie, maar net 'n ontsaglike harmonie van klank en gees, 'n saamvloei van siele wat beweeg word deur die onweerstaanbare impuls van gebed. Die gebed het vir my soos die geluid van baie waters geklink, 'n oseaan van gebed wat teen die troon van God klots. Daar was nie meer vele nie, maar net een, gedra deur die een Gees, ophef tot die een Vader daarbo. Dit was soos Pinksterdag, waar hulle almal eendragtig in gebed bymekaar was, toe daar eenklaps 'n geluid van die hemel af gekom het soos van 'n geweldige rukwind wat die huis gevul het waarin hulle gesit het. God is nie altyd in die rukwind nie, maar Hy spreek ook nie net altyd in die geruis van 'n sagte stilte nie. Hy het daardie aand in Pyengyang tot ons gekom met die geluid van geweën. Soos die gebed voortgegaan het, het 'n gees van droefheid en berou oor sonde oor die gehoor gekom. In een deel van die saal het enkele mense begin huil, en binne 'n oomblik was die hele saal in tranen".

Ds Lee self beskryf dit soos volg: "Een na die ander het hulle opgestaan, hulle sonde bely, is deur droefheid oorweldig en het gehuil, op die vloer neergeval en met die vuiste teen die vloer geslaan in die smart van verskriklike sondebeseft. My eie kok het probeer om sy sonde te bely maar kon nie praat nie van droefheid. Oor die vloer het hy na my geroep: 'Pastor, sê my: is daar hoop vir my? Kan ek nog vergewe word?'".

So het die byeenkoms aangehou tot twee-uur die oggend, met sondebelydenis en geweën en gebed. So het dit ook die volgende aand voortgegaan, met belydenis van sonde teenoor God en teenoor mekaar van die heimlike haat wat hulle, en selfs die ampsdraers, soms teenoor mekaar en teenoor die sendelinge gekoester het.

Metodisties? Geesdrywery? So sal iemand miskien sê wat nog nooit werklik die smart van intense sondebeseft voor 'n lewende, heilige God ervaar het nie. Tog is dít wat so dikwels by ware herlewings gebeur, sonder dat iemand dit probeer "organiseer" of bewerkstellig, wanneer mense deur die Gees van hulle sonde oortuig word en vir die eerste keer die werklikheid van God se heiligheid en van hulle eie verloreheid beseft. Veral solank as wat hulle hulle teen die Gees verset, word die vrees en droefheid so groot dat dit byna 'n fisieke pyn word, sodat hulle letterlik teen die grond gewerp word. Wie is vreesliker as die lewende God? Ek wonder watter heilsame uitwerking dit op ons eie geestelike lewe sou hê as ons ook eenmaal op so 'n intense manier van ons eie skuld en verloreheid voor die lewende God oortuig wou word. Want so het die ontsaglike en langdurige herlewing in Korea begin.

Die sendelinge was aanvanklik bekommerd. Hulle het as geestelike agtergrond die herlewing van die groot ontwakings in Amerika gehad, wat hom op 'n minder emosionele manier openbaar het. Die manier waarop God hulle smeking geantwoord het, het hulle verleë laat staan. Hulle was nie daarop voorberei nie. "Wat staan ons nou te doen?" het hulle gevra. Maar die Heilige Gees het die beheer oor die byeenkomste uit hulle hande geneem en hulle kon die stroom nie meer keer nie. "As ons die mense so laat voortgaan, sal hulle waansinnig word!" Tog kon hulle nie die magtige werking van die Heilige Gees wat hulle

duidelik kon sien, probeer weerstaan nie. Dit was nie hulle bedoeling dat die mense hulle sonde in die openbaar moes bely nie, maar die oortuiging was so magtig en die las van die sondes so oordraaglik dat die mense dit eenvoudig moes bely om daarvan ontslae te raak. Hulle het tussen die wenende Koreane beweeg en hulle van die vergewing deur die bloed van Christus vertel – waarvan hulle al so baie gehoor het maar wat vir baie nou vir die eerste keer waarde en betekenis gekry het.

Die herlewing het in daardie vorm oor die hele land versprei. Oral waar die gemeentes hulle sondes voor God uitgeween het, het daar vernuwning en vervulling met die krag van die Heilige Gees gekom. Waar dit gebeur het dat mense hulle verset het, is hulle uiteindelik deur skuld verteer en het in 'n ellendige staat van afvalligheid en verharding beland.

Die voortgang van die herlewing en die resultate daarvan

Die herlewing wat in 1907 in Korea begin het, loënstraf alle skeptisisme oor die egtheid van herlewing as werking van die Heilige Gees. Mense wat dink dat herlewing 'n kortstondige, kunsmatige grasvuur is, moet maar daarheen gaan en van naby daarmee kennismaak. Dit duur tot vandag toe voort. In die een jaar 1907 het die getal lidmate met 29% toegeneem en die getal aanhangers van die kerk met 34%. Sedertdien het dit gegroei tot 'n lewende kerk van oor die vyftien miljoen Christene. Daar was wel tye van geestelike insinking, soos in 1912, 1919 en 1929, met die hewige vervolging deur die Japanse Shintovereerders, die opstand teen die Japanners en die Depressie. Maar veral sedert die Koreaanse oorlog van die vroeë vyftigerjare het daar 'n bestendige toestand van geestelike bloei geheers.

Die kerk was voorheen die sterkste in die noordelike deel van Korea wat aan Sjina grens. Daarom het juis dié kerk baie swaar onder die invalle gely. Ongeveer seshonderd predikante is om die lewe gebring of het eenvoudig verdwyn. Selfs in die suidelike deel is tweeduisend kerkgeboue totaal verwoes of erg beskadig. Tienduisende Christene het uit die noorde na die suide gevlug. Maar daardeur is die kerk ook in die suide gevestig en het sterk begin groei – in so 'n mate dat daar in daardie tyd een nuwe kerk per dag geïnstitueer is.

Die karakter van die Koreaanse Kerk

Die kerk in Korea het vir Christene dwardeur die wêreld 'n toonbeeld geword van wat kerke kan wees as hulle vervul bly met die Heilige Gees. Geen kerk op aarde lewe so intens en voortdurend vanuit Skrifstudie en gebed nie. John R. Mott het by geleentheid gesê dat as die kommuniste daarin sou slaag om alle Bybels in die wêreld te konfiskeer en te verbrand, jy die Bybel woord vir woord uit die geheue van die Koreaanse Christene sou kon herskryf. Daar is ook reeds vewys na die daaglikse gebedsbyeenkomste van die hele gemeente.

Sal God dit nie op ons harte lê om Hom te smee om op sy eie manier, volgens sy eie sowereine welbehag, ook in ons land en oor die hele wêreld so 'n kragtige herlewing te bring nie? Dit behoort elkeen se innigste gebed en verlangede verwagting te wees.

HERLEWING IN OOS-AFRIKA

Die eerste sendelinge in Uganda

'n Prominente figuur onder die eerste sendelinge in Uganda was Alexander Mackay, een van die groot geeste van die romantiese sendingera in Afrika. Hy het in 1878 met sy werk in Afrika begin en groot bewondering afgedwing, nie alleen deur sy vaardigheid met sy

hande nie – hy was ingenieur – maar ook deur sy persoonlikheid: sy moed, volharding, wysheid, selfbeheersing onder moeilike omstandighede, sy toewyding en ywer, en die seldsame vermoë om in liefde die waarheid te praat.

Krisisse

Dit is asof God telkens krisisse gestuur het om die jong kerk te reinig. Elke keer wanneer die onderskeid tussen geloof en ongeloof vervaag het, het Hy 'n sif beskik – meesal in die vorm van vervolging – om die korrels van die kaf te skei.

Die eerste krisis het reeds in 1879 gekom toe die destydse Kabaka van Buganda, Mutesa, siek geword het en hom vir genesing na die geeste van die voorvaders gewend het. Saam met hom het die meeste hoofmanne afvallig geword, en die enkeles wat getrou gebly het, was later die eerste dopelinge.

Die tweede krisis het in 1883 gekom toe die Kabaka die sendingstasie aangeval en 'n paar geboue laat afbrand het met die doel om die Christene te intimideer. Slegs twee het getrou gebly maar later het die res met skaamte en ware berou teruggekeer. Hulle sou nie weer vir vervolging skrik nie!

Vervolging en herlewing

Die eerste swaar vervolging het in 1885 gekom. 'n Nuwe jong Kabaka, Mwanga, wat maar net agtien jaar oud was, het aan bewind gekom en wou sy gesag laat geld deur op 'n despotiese manier te regeer. Hy het drie jong seuns wat Christene geword het, Yusufu Kakumba, Nuwa Serwanga en klein Yusufu Lugalama laat vermink en verbrand. Die resultaat was, wonderlik genoeg, 'n onmiddellike oplewing in die aanvraag om gedoop te word. Hierdie keer het die Christene standvastig die vervolging trotseer.

In Mei 1886 het die groot vervolging losgebars. Die onmiddellike aanleiding daartoe was dat 'n jong Christen hofknaap Koning Mwanga se voorstelle tot sodomie van die hand gewys het. Mwanga het die Christene as mededingers om sy gesag beskou en besluit om vir eens en altyd 'n einde aan die weerstand te maak. In Kampala alleen is twee-en-dertig Christene vermoor, die meeste van hulle op een brandstapel. Ook in die buite-distrikte is baie vermoor, vermink en gemartel. Mwanga se raserny het 'n ander nadraai gehad as wat hy beoog het: nog meer mense het gevra om gedoop te word! Uiteindelik het die Christene die leiding geneem in 'n opstand deur 'n koalisie met die Moslems te vorm en Mwanga te verdryf.

Die Anglikaanse Kerk aan die roer van sake

Die kerk het die leiding geneem in die regering van die land. Dit was 'n kerk van gewillige bloedgetuies, mense wat bewys het dat hulle gereed was om vir Christus te sterwe as dit nodig is. Maar, soos daar in die Romeinse Ryk na die bekering van Keiser Konstantyn 'n groot toeloop van naamchristene na die kerk was, was dit ook in Buganda gesteld. Teen 1892, 'n skamele ses jaar na die bloedige vervolging, kla George Baskerville oo die bandelose lewe van baie kerklidmate.

Die tweede herlewing (1893)

Teen die einde van 1893 was daar 'n algemene gevoel van onvergenoegdheid onder die sendelinge. Hulle het hulle hoop op 'n herlewing gevestig na die model van die Sankey-Moody-revival wat toe aan die gang was.

George Pilkington, die vernaamste vertaler van die Bybel in Luganda, het die inisiatief geneem en 'n tiendaagse veldtog by Menge begin. Dit was die begin van 'n

herlewingsbeweging wat soos 'n veldbrand deur die land versprei het. Uit die staanspoor het honderde lidmate hulle mislukte lewens bely en nuwe krag ontvang om hulle te bekeer.

'n Ander resultaat wat spoedig opgeval het, was die toename in die aantal persone wat hulleself aangebied het as onderwysers en kategete. Met Paassondag daardie jaar het die kerkraad dertien jongmense na die eilande op die meer gestuur. Binne 'n jaar is 260 nuwe evangeliste uitgestuur, 'n groot aantal van hulle na streke buite Buganda, soos Koki, en later ook na Busoga, Toro, Bunyoro, Bukedi, en selfs die Kongo en Soedan. Taylor sê van hulle "The spirit of passionate service which inspired these African missionaries is one of the marvels in the annals of the younger churches. Though members of the dominant tribe (ie. the Baganda), which was at that time providing the chiefs and agents through whom the Protectorate government was administering the outlying areas of Uganda, these men lived in poverty, housed like the lowliest peasants, in order to demonstrate the ways of Christ. Often they endured bitter persecution. In 1902 all but one of the eighteen evangelists in Bunyoro had been killed by sleeping sickness" (1958: 65).

Afgesien van die bedreiging van slaagsiekte, was dit ook om 'n ander rede vir Baganda gevaarlik om in ander gebiede te gaan werk. Hulle het naamlik vroeër dikwels strooptogte in die omliggende gebiede uitgevoer om slawe te buit, en dit was voor die hand liggend dat die inwoners van daardie gebiede die geleentheid sou aangryp om hulle op 'n eensame, ongewapende Muganda te wreek. Ten spyte hiervan was daar na aanleiding van oproepe om in daardie gebiede te gaan werk, drie keer soveel vrywilligers as wat gevra is.

Die evangeliste is twee-twee uitgestuur. Die ouere was meesal die evngelis en die jongere die onderwyser. Groot nadruk is gelê op die leer van lees in Luganda, waarby die hoofmotief was om die oortuiging van mense te toets. Teen 1896 was daar reeds 57 000 geletterdes in die arbeidsveld van die Anglikaanse sending.

Verval

Dit is tragies dat so 'n herlewing weer deur 'n tydperk van verval gevolg moes word. Afgesien van die blote onbekeerlikheid van die mens, was verskeie faktore vir hierdie verval verantwoordelik.

'n Belangrike faktor was die sterk "High Church" hiërargiese stelsel van kerkregering. Dit het inisiatief van die plaaslike kerkies in die bos gesmoo. Die sterk sentrale beheer het meegebring dat die bekwaamste manne spoedig na hoër, administratiewe poste verskuif het. Die priesters het 'n onnodige wurggreep op die kerk gehou. Bowendien was die meeste van die leiers in die kerk nog sendelinge, wat soms, met groot liefde, tog erg paternalisties opgetree het. Hulle kon nie die inheemse Christene met die regering van die kerk vertrou nie. Hulle bedoeling was goed, maar hulle baasspelerigheid het baie skade berokken.

Toe die afvalligheid begin, het baie hoofmense en kategete die kerk of hulle poste verlaat. Die kategete het veronreg gevoel omdat hulle diens nie as amp erken is nie.

Met die opkoms van die "social gospel" in Europa is daar steeds groter klem op onderwys en mediese werk gelê. Die gevolg was 'n grootskaalse agteruitgang in Bybelkennis en Bybelse tug. Kategumene is voor die voet gedoop. Die kerk het volgeloopt met heidene.

Die groot herlewing in Oos-Afrika, 1935 tot vandag

Die meeste van die ander herlewings wat hier bespreek word, het hulle stimulus by Calvinistiese Christene gehad. Die konfessie van die Anglikaanse Kerk dra ook 'n sterk Calvinistiese stempel, maar 'n mens merk in hierdie bepaalde herlewing min van die spesifiek Calvinistiese aksente. Natuurlik het die vaders van die herlewing onder 'n diepe besef van die soewereine almag van God gelewe. Herlewing was vir hulle iets wat God alleen skenk, en wat jy in die volhardende gebed en verootmoediging van Hom moet vra. Ook was die *resultaat* van herlewing dat jou lewe en dié van die kerk onder die soewereine heerskappy van Christus gebring word. Tog was die geestelike en teologiese bronne van die vaders van hierdie herlewing eerder die Keswick Convention gedagte van "victorious living", 'n lewe van oorwinning oor die sonde en toewyding aan God, 'n byna-perfeksionisme, as die klassieke Calvinistiese konfessies.

God word geëer deur 'n suiwer teologie en belydenis, 'n belydenis waarin sy soewereine genade ten volle tot sy reg kom. Ongelukkig is daar baie opregte Christene wat nie hierdie belydenis handhaaf, of ten minste in al sy konsekwensies handhaaf nie. Dank die Here dat Hy in sy soewereine genade ook hierdie kinders van Hom kan en wil gebruik om sy Koninkryk op aarde te plant! En Hy sal eerder van Arminiane gebruik maak wat hulle in liefde aan sy Gees oorgee om tot sy beskikking te wees, as van Calviniste met die suiwerste belydenis, wat dink 'n suiwer belydenis is genoeg, al staan dit net op papier, en intussen lewe hulle eintlik maar vir hulleself en hierdie aarde. Die Gees waai waar Hy wil.

Die eerste roerings

Hierdie herlewing het nie die bediening van priesters begin nie, maar met dié van "leke", soos die mediese dokter Joe Church en sy kollegas en met die steun van 'n aantal swart jongmanne, veral Blasio Kigosi, Yosiya Kinuka, Simeon Nsibambi en William Nagenda.

Dr. Church het na Afrika gekom met die dringende begeerte om herlewing in Afrika te sien en daaraan diensbaar te wees. Die "Keswick teaching" van 'n lewe van oorwinning oor die sonde, ("victorious life") was 'n sterk vormende invloed in sy lewe en dié van sy medewerkers. Hierdie lering was nie heeltemal suiwer nie, en teenswoordig word in die Keswick Conventions – onder meer as gevolg van die invloed van Martyn Lloyd-Jones – 'n meer realistiese en Bybelse beeld van die vermoëns van die mens en sy weg tot oorwinning en heiligmaking verkondig. Nietemin het hierdie manne 'n verterende hartsog gehad om heilig en Godgewyd te lewe en om sonder reserwe tot beskikking van die Heilige Gees te wees. Daarsonder kom daar nie herlewing nie, afgesien van wat jou teologiese agtergrond is.

In 1929, na twee jaar se diens in Rwanda, het Dr. Church 'n toerustende vervulling met die Heilige Gees belewe. "There was nothing very spectacular, nothing ecstatic; it is easy to become proud if one has received a special gift. The only special gift is the experience of the transforming vision, of the risen Jesus himself. That was what began to come to me at that time, especially a vision of Isaiah 6: 'In the year that King Uzziah died I saw the Lord' ...and 'I, if I be lifted up, will draw all men to me' (John 12:32)" (Church 1981:68).

Dr. Church het destyds nog 'n baie gebrekkige kennis van die tale van Rwanda gehad, maar het hom nie daardeur van stryk laat bring nie. Intendeel, hulle het 'n baie interessante manier van preek ontwikkel wat die toehoorders direk by die verkondiging betrek het. Die vers is baie stadig 'n paar maal uit die nuwe Bybelvertaling voor gelees, waarna die hele skare dit 'n paar keer herhaal het. Dr. Church het dan baie eenvoudig 'n paar sinne ter verduideliking gesê, waarna Yosiya Kinuka dit in sy eie woorde herhaal en verduidelik het.

Soms, as woorde en woordeskat ontbreek het, het Dr. Church van lyntekeninge ("pin men") gebruik gemaak. Ps. 40:3, "Hy het my uitgetrek uit die put van die dood", is voorgestel deur 'n diep put te teken met 'n mannetjie daarin wat sy vuis na bo wys. Dan word die mannetjie uitgevee en op sy knieë smekende om hulp oorgeteken. Die Afrikane is so daardeur aangegryp dat een na 'n preek na die prediker gekom het en gesoebat het: "Asseblief, dokter, ek is pas gered en ek haat dit om die mannetjie daar onder in die put te sien. Haal hom uit en sit hom bo, langs die kruis!".

Die koms van Blasio Kigosi

Bert Jackson skryf in *Rwanda Notes* van 30 Oktober 1929: "Ons het weer die seunsskool geopen. Hier is 'n jong Muganda met die naam van Blasio Kigosi en sy gretigheid voorspel veel goeds vir die toekoms van die vyftien seuns onder sy beheer. Ons prys God vir hom; dit is geen geringe opoffering vir 'n ryk jong man soos hy om 'n land van oorvloed en voorspoed soos Uganda vir hierdie hongersnoodgebied te verruil nie. Vyftien seuns. Wat 'n skamele handjievoll! Nogtans mag daar tussen hulle diegene wees wat so volkome aan die Heilige Gees oorgegee is, so vervul met die krag van God, dat deur hulle Rwanda nog kan weerklink van die goedheid van die Verlosser, en duisende na sy voete gebring kan word. Waarom kan daar nie weer 'n Paulus tussen hulle wees nie?!" Dit was profetiese woorde, sê Joe Church.

Gebrokenheid ("brokenness")

Een van die dinge wat die Here die sendelinge in daardie tyd deur veel teenstand en teleurstelling geleer het was dat hulle eers voor Hom gebroke moes wees voordat hulle bruikbaar kon wees: "Man's extremity is God's opportunity". Church noem dit "die geheim van herlewing". Solank 'n mens nog iets van sy eie bekwaamheid verwag, hoef hy in elk geval nie herlewing te verwag nie.

Herlewing in Rwanda – 1933

Die eerste deurbraak van die groot herlewing in Oos-Afrika het in 1933 op die sendingstasie Gahini begin. Dr Church het voorgestel dat die Christene elke oggend vroeg opstaan om te bid, toe hy tot sy verbasing en blydschap moes verneem dat hulle reeds uit eie beweging begin het om voor vyf elke oggend saam te kom vir *gebed en Bybelstudie*.

Spoedig het dit geblyk dat die Here die prediking begin seën. Mense het hulle *sonde bely en daarvan afstand gedoen* – een van die eerste kenmerke wat Abraham Kuyper in sy *Tractaat van de reformatie der Kerken* by herlewing noem: 'n nadruk op boeteprediking en 'n onvoldaanheid oor jou eie geestelike toestand en dié van die kerk, 'n roep uit die dieptes tot God.

Nog een van die tipiese kenmerke van herlewing wat nou na vore gekom het, is dat *Christus en verlossing* deur sy verdienste die *algemene en geliefkoosde onderwerp van gesprekke* in die omgewing geword het.

Verder het *God* vir mense meteens 'n *groot werklikheid* geword, het *die Bybel vir hulle oopgegaan* en kragtig in hulle harte gewerk. "The Lord was more real and the Bible a hundred times more powerful in these days", skryf Church. Baie Bybels is letterlik stukkend gelees.

Nog 'n kenmerkende eienskap van die herlewing was die *vrymoedige onderlinge vermaning*. Dr Church skryf dat Blasio in daardie tyd 'n "vroom" stem ontwikkel het – so 'n sangerige preektoon, waarvan hy blykbaar self nie bewus was nie. Die ander broeders het hom liefdevol daarvoor aangespreek, en hy is dadelik daarvan verlos.

Nog 'n heerlike verskynsel wat Kuyper noem en wat in Rwanda baie duidelik na vore getree het, is die *sendingywer* wat in die kerk opgelewer het. Verskeie redelik goed betaalde hospitaalwerkers en onderwysers het hulle werk prysgegee om teen die karigste salaris, of geen salaris nie, voltyds rondreisende evangeliste te word.

Bekerings was eg en grondig. Dit het onder meer geblyk uit die trou en eerlikheid van bekeerdes in hulle hospitaalwerk. Dieselfde is later deur Europeërs in Uganda opgemerk. Charles Maling, hoof van die skool te Katoke, skryf in daardie tyd: "There is one lasting feature of the whole Revival in which you will rejoice: honesty and hard work are now accepted principles in the school and are expected by all, whereas formerly lying, theft and laziness were prevalent" (Church:172).

Die herlewing versprei na Uganda

Die vrolike, altyd laggende Blasio het al hoe meer onder die indruk gekom van die vervalle toestand van die kerk in Uganda. Sy medewerkers het gemerk dat daar gaandeweg nog meer ywer, 'n groter besef van dringendheid, oorgawe en versekering by hom was. Hy het 'n boeteprediker geword.

Hierdie vrymoedigheid het hom alles behalwe populêr gemaak by die onbekeerlikes. "Hier word te veel oor sonde gepreek", het hulle gekla, "ons is Christene wat al verskeie jare gelede gedoop is en belydenis afgelê het. Is dit nie genoeg nie? Moet ONS ook wedergebore word? Is dit in orde as 'n leerling en nogal 'n meidjie, beweer dat 'n onderwyser 'n drinker of owerspelige is?"

Daar is selfs 'n aksie teen Blasio op tou gesit, maar hy het net geglimlag oor die hele oproer. Hy het nie eers die moeite gedoen om homself te verdedig nie. Toe die hele saak op 'n byeenkoms uitgepraat word, het twee van sy vernaamste beskuldigers dadelik opgestaan en gesê dat hulle sedertdien verlos is en dat hulle name van die klagskrif verwyder moes word. Teen die volgende oggend het die meeste van sy teenstanders erken dat hulle verkeerd is, en voor 'n jaar verby is, het byna almal tot bekering gekom en erken dat hulle huigelaars was.

Intussen het Blasio voortgegaan om met sy eie sondes erns te maak, die "klein" sondetjies wat die mense nie eers merk nie, maar wat die Heilige Gees aan 'n mens openbaar soos jy groei in genade en heiligmaking. Met sy selfontlediging het gepaard gegaan vervulling met die Heilige Gees en met krag.

Niemand wis dit nie, maar Blasio se dood was op hande. Hy het sy laaste gebede en verwagtings toegespits op die aanstaande tweejaarlikse sinode te Kampala. Hy was vervul met 'n brandende begeerte om die slapende kerk van Uganda wakker te skud. Hy het reeds enkele maande lank gewerk aan 'n boodskap, wat hy sy "Three points" genoem het, en wat op die agenda van die sinode geplaas moes word. Hierdie "drie punte" van hom het die droewige geestelike toestand van die kerk aangetoon en voorstelle vir herlewing bevat. Hy het daarin met sy gewone boeteprediking na vore gekom en by die kerkleiers aangedring om eers van hulle saligheid seker te maak. Baie mense was beïndruk deur sy vreugdevolle geaardheid en sy opregtheid, maar ander het gevoel hy behoort as jong man met groter versigtigheid oor ouer priesters te praat. Nietemin het die biskop hom, hoewel hy nog maar 'n "deacon" was, versoek om die afgevaardigdes by hulle "retreat" voor die sinode toe te spreek en sy boodskap te bring.

Sy drie punte kan as volg saamgevat word:

1. Wat is die oorsaak van die koudheid en doodsheid van die Kerk in Uganda?
2. Waarom word mense wat openlik in sonde leef, aan die Tafel van die Here toegelaat?
3. Wat moet gedoen word om herlewing na die Kerk van Uganda te bring?

Hy het egter voor die sinode besluisings opgedoen en is op 25 Januarie 1936 dood. Op sy grafsteen by die oostelike venster van die katedraal van Kampala staan net een woord geskrywe: "ZUKUKA!" – Ontwaak!

Sy boodskap is tog by die "retreat" voorgelees, en die Here het dit gebruik om herlewing ook na Uganda te bring. Daarvandaan het dit versprei na Burundi, Kenia en Tanzanië. Church sê van die kerk in Kenia dat dit 'n gemeenskap van getuigende gelowiges geword het soos nog nooit tevore in Oos-Afrika gesien is nie. 'n Mens wonder wat van die kerk sou oorgebly het in die tyd wat gevolg het gedurende die bloedige en wrede vervolgings deur die Mau Mau vanaf 1949, as dit nie was vir die herlewing nie. Die duisende wat vas gestaan het en nie die Mau Mau-ede wou aflê nie, was hoofsaaklik van die "balokole", die mense wat deur die herlewing aangeraak is. Duisende van hulle het met geloofsdurf die marteldood tegemoet gegaan eerder as om aan Christus ontrou te word. Baie van hulle beuls was Christene wat teruggeval het in die heidendom en Mau Maus geword het!

Cecil Bewes, die latere sekretaris vir Afrika van die Church Mission Society, is in daardie tyd deur die aartsbiskop van Kantelberg uitgestuur om die lydende kerk onder die Kikuyus te versterk. In die boek wat hy daarna geskryf het, sê hy: "We praise God for this Revival, without which there would be little left of the Kikuyu Church. It has brought new life to thousands... to the old essential never-dying truths of the eternal Gospel of God's grace ; it is a return to the simple Gospel of the Cross of Jesus... It is a re-discovery of the meaning of Calvary... This is a fellowship that surpasses all barriers of colour and race. Africans have confessed that they used to hate Europeans until they came to know them as brothers in Christ... It is not for nothing that the Kikuyu Church was recalled – just in time – to a new emphasis on the precious Blood of Jesus... The Mau Mau are trusting in the blood of a pagan sacrifice" (Church:251).

Teenstand

Daar is nie een herlewing bekend wat nie teenstand ontlok het nie, hoofsaaklik van die kant van onbekeerlike predikante en kerklidmate, en veral van persone wat die suiwer evangelie verloor het en in modernisme verval het. Uganda was geen uitsondering nie. Toe nuwe lewe gekom het, was daar baie kerkvorste, Anglikaans sowel as Rooms Katoliek, wat oral dwaling en gevaar gesien het. Daar was in elk geval nog nooit enige herlewing in die Rooms Katolieke kerk wat nie op vervolging en vermoording van die leiers en volgelinge daarvan uitgeloop het nie.

Die gemeentesistiem ("parish system") van die Anglikane plaas soveel inisiatief en gesag in die hande van die priester dat botsing byna onvermydelik is wanneer die gewone lidmate aan die brand raak en self inisiatief begin neem, veral wanneer die betrokke priester nie met hulle teologiese sienings eens is nie. Van die teoloë en priesters het gevoel dat die herlewingsboodskap met sy boeteprediking en die noem van sondes op die naam 'n "onlieflike" ("unlovely") boodskap is – jy moet liever mense aan die slaap hou deur hulle te vertel dat hulle almal onvoorwaardelik die voorwerpe van God se liefde is. Hulle is immers almal gedoop en dus wedergebore. (Die hoogkerklike rigting in die Anglikaanse Kerk is geneig om doop en wedergeboorte te vereenselwig). Bowendien was die waardige priesters met hulle gesalfde styl ongeneë om "Banyarunda beeswagters" vir hulle te laat preek!

Die teologiese skool by Mukono was sterk onder die invloed van die moderne teologie. Tog het ook uit daardie kringe mense onder die invloed van die herlewing gekom en na die boodskap van die Bybel teruggekeer. Evelyn Cafe skryf: "For years I've gone more and more into liberalism, but quite suddenly I've swung back to fundamentalism. The Bible speaks to me now on every page I read... I have never felt such a personal devotion to Jesus: (Church:180).

Mense het veral niks daarvan gehou dat sondes, en veral hulle sondes, uitgewys word nie. Iewers in Uganda het 'n sterwende jongman sy vinger na iemand uitgesteek en sy sonde genoem, en toe gesterf. Die jong sendeling het daarvoor gepreek: "Open. 12:10: Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi"! Die Rooms Katolieke in die omgewing van Gahini het die herlewing "duiwelsdiens" genoem, en die heidene het gesê dis towery, want geen Afrikaan met selfrespek sal ooit uit eie beweging sy skuld erken of sonde bely nie! En dan nog sy tabak en bier los! Aan die ander kant het een Kikuyu gesê dat dit die vinger van God moes wees, want "ek het nog nooit tevore 'n witman hoor erken dat hy hoegenaamd enige sonde het nie!"

Natuurlik, ook mense wat deur die Gees van God aangegryp is, bly sondaars. "Revival is a perilous experience", sê Max Warren, "but the perils of Revival must be set besides the perils of Laodicea". (Warren:21).

Die herlewing in Venda

Voor 1976 het die kerke in Venda baie van die tipiese kenmerke van die gemiddelde Afrika Christendom vertoon: Halfhartigheid, ontrou, finansiële afhanklikheid van blanke kerke, dronkenskap by leiers. Ek was maar 'n paar maande in Venda in 1957 toe 'n jong predikant, my kollega op Siloam, as gevolg van dronkenskap afgesit is.

Ons het vir twintig jaar gewerk en gebid dat die Here moet ingryp en verandering moet bring. Daar was geleidelike reformasie, Bybelse opleiding van leiers, en die kerke het uiterlik 'n veel meer Gereformeerde beeld vertoon. Daar was selfs sedert die vroeë sestigerjare 'n groot toestroming van nuwe "bekeerlinge", maar die bekeerlinge is byna net so vinnig by die agterdeur uit terug na die heidendom as wat hulle by die voordeur ingekom het. Daar was te veel van die halfhartigheid en oppervlakkigheid wat die gemiddelde kerkganger kenmerk wanneer die Heilige Gees bedroef word. Daar was min offervaardigheid en die kerke het finansiël afhanklik gebly. Mense was net bereid om "vir die Here te werk" as hulle daarvoor betaal word.

Die herlewing het gekom eers nadat ek uit Vendaland weg is, in 1976. Die instrumente wat die Here daarvoor gebruik het, was jong Vendas, onder andere 'n teologiese student. Dit was 'n herlewing met geen uiterlike tekens van groot emosie nie, maar dit was grondig.

- Meteens het daar 'n einde gekom aan die baie skynbekerings en afvalligheid.
- Vroeër wou mense nie evangeliseer tensy hulle daarvoor betaal word nie; met die begin van die herlewing sou hulle nie ophou al betaal jy hulle om op te hou nie.
- Meteens het hulle begin om hulle volle tiende by te dra. 'n Vrou, by voorbeeld, wat 'n pensioen van R500 per maand kry, het R50 daarvan bygedra.
- Bygeloof, die verering van voorouers en angs vir towery het 'n spoedige dood gesterf. Mense het openlik die spot daarmee gedryf.
- Die Gereformeerde Kerke in Venda het 'n aantal privaat skole gestig, wat die ouers self bekostig het, om hulle kinders 'n Christelike opvoeding te kan gee.
- Toe met die vrylating van Mandela in 1992 Venda ontplof het in 'n orgie van heksejag en moorde op mense wat van hekserij verdink is, was die Gereformeerde Christene die mense wat daardie verdagtes beskerm het, en skuiling gebied het en vir hulle werk gesoek het.

- 'n Hele aantal begaafde en besielde jong manne het gekom om as predikante opgelei te word. 'n Aantal van hulle het nou reeds doktorsgrade in die teologie verwerf.
- Binne maande het die hele instelling van die kerke radikaal verander. Iemand van 'n ander denominasie, 'n oudstudent van ons Bybelskool op Sibasa, het aan my gesê dat dit nie dieselfde kerke is wat hy leer ken het nie. Die impuls tot die herlewing het hoofsaaklik van jongmense uitgegaan. Ons is dankbaar om te kan sê dat die predikante die genade ontvang het om hulle te kon akkommodeer en in die kerklike werk in te skakel.
- Ek sou dankbaar wees om hier te kon afsluit. Ongelukkig is dit nie die hele prentjie nie. Herlewing kom van God, maar dit gaan deur mensehande, en dit kom nie onbesoedel anderkant uit nie. Menslik gesproke was die ontwikkeling 'n groot suksesverhaal, maar ongelukkig het baie van die Vendas vergeet dat dit genade van God is, en hulle het op hulle eie voortreflikheid begin roem en op ander Christene, Afrikaners, Basotho en AmaZulu begin neersien. Hulle was die eersteklas Christene en die res tweede klas. Toe het hulle eise begin stel: Daar moes meer van hulle as professore aan die teologiese skool beroep word. Toe hulle nie hulle sin kry nie, het meer as die helfte van hulle geskeur en 'n anti-kerk gevorm wat bitsig vyandig teenoor die Gereformeerde Kerke staan.
- Op die oomblik is hulle besig om gemeentes in ander klassisse te probeer skeur om hulle eie magsbasis te vergroot. Die groot gros van lidmate stel nie in hierdie oorlog belang nie, maar hulle wil ook nie die leiers teengaan nie. Dit gaan uiteindelik om die magsbasis van 'n biskop en sy paar handlangers.
- Die herlewing het op die rotse beland van menslike eiegeregtigheid. Dit moet vir ons 'n waarskuwing wees van hoe afhanklik 'n mens van God se vrye genade bly.

Die agtiende eeuse herlewing in Suid-Afrika

Goeie vriende het onlangs aan ons die boek, "Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika" as geskenk gegee. Wat 'n openbaring! Dit was heilsaam om die geskiedenis van ons land 'n keer nie deur 'n Boerebril te lees nie, maar deur die oë van geleerdes uit alle sektore van die bevolking van ons land. Dit was 'n bevestiging van 'n oortuiging dat ons voorouers, by al hulle voortreflikhede, nie volmaakte heiliges was nie, maar ellendige sondaars soos ons, met alle moontlike implikasies van sondaarskap.

Dit is egter nie my bedoeling om hier 'n bespreking van die boek te lewer nie; eerder om iets daaruit met die lesers te deel. Die meeste deurwinterde historici weet seker reeds daarvan, maar vir my was dit 'n ontdekking om te leer van *die groot geestelike ontwaking onder die grensboere teen die einde van die agtiende eeu.*

"Wit heidene"

Daar word algemeen en uit verskillende oorde getuig dat die Boerevolk gedurende die negentiende eeu oor die algemeen 'n godvresende volk was. Die Engelse dame, Emily Hobhouse, wat haar so geweldig ingespan het om die lot van die Boerevroue in die konsentrasiekampe te verlig, noem in haar korrespondensie met die hoogste agting die Christelike adel van die lydende vroue, wat sonder bitterheid en sonder wanhoop die lyding gelowig verduur en in vertroue op hulle God hulle geliefdes aan die dood afgegee het.

Wat egter minder bekend is, is dat die voorouers van daardie gelowige adel een en 'n driekwart eeu vroeër 'n heeltemaal ander reputasie gehad het. In 1743 (Let op die jaartal!) skryf die Nederlandse amptenaar, C. W. van Imhoff, na 'n reis deur die kolonie die volgende: "Die grootskaalse onverskilligheid en onkundigheid in die grensdistrikte laat dit meer na 'n versameling blinde heidene as 'n kolonie van Europese Christene lyk."

Hierdie toestande kan deels verklaar word uit die verwaarlosing deur die Kompanjie, wat homself destyds die reg van geestelike versorging van sy koloniale eiendomme toegeëien het. Ondanks heelwat vroompraatjies oor "de Gereformeerde godsdienst" het dit vir die Kompanjie nie oor die evangelie van God se koninkryk gegaan nie, maar oor geldmaak.

Die Christelike geloof is verdra en selfs bevorder in soverre dit nie met die finansiële oorwegings gebots het nie. Die grensboere het nie die Here Sewentien se skatkiste gevul nie, en is dus aan hulle geestelike verwaarlosing oorgelaat. Die eerste gemeente buite Kaapstad is eers na meer as dertig jaar gestig. Vir meer as 'n eeu het hele bevolkings baie min van kerklike bediening gesien. Wie kan hom dan daarvoor verwonder dat die mense in die buitelande verwilder het? 'n Mens kan eerder verwonderd wees oor wat in die later jare van die agtiende eeu gebeur het.

Die geestelike ontwaking

Maar luister watter wonderwerk het intussen gebeur. “Die Nuwe Geskiedenisboek” (in 'n hoofstuk deur Hermann Giliomee) skryf die volgende: “Van die 1790's af het 'n godsdiensoontwaking oor die kolonie gespoel, en daar was 'n bestendige toename in burgers wat as lede van die kerk aangeneem is. So sterk het die godsdienste gegroei dat 'n reisiger in die 1830's verklaar: ‘Die Afrikaners is beslis die Godvresendste mense op aarde.’ Nog een het die burgers beskrywe as ‘n ernstige en godsdienstige volk ... met sterk sentimente van ware vroomheid ... [Hulle] is getroue lede van die Christelike kerk.’” Hierdie feite word bevestig deur Dr. O’Kulis se bekende boek, “Doppers” (wat destyds na 'n veel wyer groep as die Gereformeerdes in die Dopperkerke verwys het).

Is daar 'n logiese, menslike, historiese verklaring hiervoor? Die *omstandighede* het in die vyftig jaar waarvan hier sprake is, nie so radikaal verander nie. Die *mense* het wel radikaal verander. Die meeste van hierdie godvresende grensboere het ver van die kerk af gewoon. Sommige moes tot so ver as 800 km en weer terug per ossewa reis om hulle kinders te laat doop of belydenis van die geloof af te lê. Woordbediening deur predikante was steeds 'n seldsame weelde, en die mees opmerkbare tekens van die godsdienstige ontwaking was nie slegs by die klein gedeelte te bespeur wat wel gereelde bediening kon geniet nie, dit was ewe treffend by mense in die mees afgeleë dele, waar 'n sou verwag dat die mense verder sou verwilder.

Dr Giliomee gaan nie op die oorsake van die ontwaking in nie. Moontlik is die oorsake nie histories aan te dui nie. Ek is van oortuiging dat dit nie histories te verklaar is nie. Dit is die soewereine werk van die Heilige Gees, wat, soos die wind waarvan onse Here Jesus met Nikodemus gepraat het, waai waar Hy wil. “Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom of waarheen hy waai nie”.

Die Tsunami van die Gees

Ons moet dit in gedagte hou dat hierdie ontwaking aan die Kaap saamgeval het met die Eerste Groot Ontwaking in Brittanje en Amerika, waarin figure soos Jonathan Edwards, George Whitefield, Daniel Rowland en die Wesleys, om maar net enkele te noem, 'n groot rol gespeel het. Daar het dieselfde gebeur as aan die Kaap: wilde mense se lewens is grondig verander, godsvrug het wyd versprei en selfs die nasionale lewe verander, en die predikante het weer die Woord van God begin verkondig in plaas van die sedelessies waaraan mense tot toe gewend geraak het. So was dit ook in ongeveer dieselfde jare met die bekende “Reveil” in Nederland. Daar is by my beste wete geen historiese verklaring vir die ontsaglike Tsunami van die Heilige Gees oor soveel wêrelddele op juis daardie tyd nie. Dit was eenvoudig die tyd van God se welbehag. Abraham Kuyper noem dit “die tyd van ryker genade”. Calvyn skryf dat God die kerk van tyd tot tyd asof uit die dood opwek.

Dit was wat aan die Kaap gebeur het. Dit was die ontspring van 'n stroom van genade wat in God se welbehag ver en wyd en diep gevloei het.

Aan die Kaap het die proses hom openbaar in die verskynsel dat mense, selfs sonder die bediening van predikante, hulle direk tot God se Woord gewend het. Die Statebybel het die lig vir hulle lewenspad geword, die leerboek vir die jeug, hulle daaglikse geestelike brood. En daarmee saam die bevindelike skrywers van die Nadere Reformasie,

Smijtegeld, a Brakel, Coenraad Mel en andere, waaruit hulle Sondags hulle Woordverkondiging geput het. Dat hulle hulleself deur medium van van verouderde Nederlands, vir hulle 'n onbekende taal, moes onderrig, daarvoor het hulle nie teruggedeins nie. Liefde vir God het hulle oë en ore daarvoor oopgemaak. Hulle het dit aangeleer en selfs daarin gebid – in die mate waarin hulle dit beheers het. En soos die Reveil op die lang duur tot die herlewing van die Gereformeerde Kerke in die Afskeiding van 1834 gelei het, so het die ontwaking aan die Kaap ook tot die stigting van die Gereformeerde Kerke hier gelei.

Wat my inspireer het om hierdie stukkie geskiedenis met die lesers te deel? Dis tog voor die hand liggend. Wat 'n getuienis oor die soewereine lewewekkende krag van die Heilige Gees! En wat 'n bemoediging met die oog op die toekoms van God se kerk! Daar is in die ontwikkelinge in ons land veel wat 'n mens swartgallig kan maak – tensy jy met die lewewekkende krag van die Heilige Gees rekening hou.

Laat ons op die Heilige Gees en sy onkeerbare krag vertrou, en getrou en vurig bid om 'n nuwe openbaring van sy almag in Suid-Afrika en die hele Afrika.

Ander herlewings

Inspirerende voorbeelde van herlewings, ook uit ons moderne tyd sou vemenigvuldig kon word. 'n Mens dink aan die herlewing van enkele jare gelede in Indonesië waartydens honderd duisende Moslems Christene geword het en die kerk in getalle en geloofsdiepte 'n ongekende groei beleef het. Dit is aangrypend om te verneem van die groei van die kerk in lande agter die Ystergordyn, soos in Rusland en Sjina, waar veral jongmense in groot getalle na die kerk stroom ten spyte van vervolging.

Die laaste groot herlewing

Die Skrif leer ons dat die laaste, omvangrykste en diepgaande herlewing nog voorlê. Daarvan lees on in Open. 11 in die profesie oor die Twee Getuies. Daar beloof God ons in sy Woord *dat die grootste bloei van sy kerk nog voorlê!*

Hy het 'n taak vir sy kerk en Hy self sal sorg dat sy kerk daardie taak uitvoer: om die Evangelie te verkondig.

Dit wil nie sê dat die kerk weer, soos in die Middeleeue of in die vorige eeue, groot invloed en prestige in die wêreld gaan hê nie; wêreldse mag was nog altyd die ondergang van ware godsdiens. God gaan juis sy kerk stroop van uiterlike roem en mag. Ons lees in Openbaring 11:3 dat die twee getuies, dit wil sê, God se kerk in sakke geklee – met rouklere aan – sal profeteer. Om die kerk te kan seën en sy getuienis te suiwer en hom werklik weer ten volle kerk van Christus te laat wees, sal die kerk moet ophou om "volkskerk" te wees, en hy sal bereid moet wees om die haat en vervolging van die wêreld, selfs van die valse kerk en valse Christene te verduur. Uiteindelik sal die antichris teen hulle oorlog maak en hulle oorwin – wanneer hulle klaar hulle getuienis gelewer het en nie voor die tyd nie – en sal hulle lyke lê op die strate van die groot stad waar hulle Here ook gekruisig is: die aardse Jerusalem, die volkskerk, die valse kerk. *Wêreldse heerlikheid* word nie aan die kerk belowe nie, maar wel *geestelike bloei* soos nog nooit tevore nie. God self sal herlewing bring: Hy sal sy kerk in volle mate toerus met die krag van die Heilige Gees. Johannes sien weer die visioen wat die Here vyfhonderd jaar vroeër aan Sagaria vertoon het: twee olyfbome, simbool van die lewewekkende, oorfloedige krag van die Heilige Gees, met pype aan hulle verbind wat die olie in 'n bestendige stroom na die kandelare, die getuies, die kerk, voer (Openbaring11).

Die *bele kerk* word dan getuies, brandende vlamme op God se kandelaar, draers van die lig van die Evangelie. Dan is die kerk nie meer 'n predikante-kerk, waar predikante en lidmate beide die kerk maar liever onmondig wil hou nie. Nee, dan word die hele kerk

weer vervul met die krag van die Gees, en hy verstaan waarvoor hy hier op aarde is: om getuie vir sy God te wees en nie om die wêreld met sy skatte vir homself in te palm nie.

Wat is 'n lewende kerk?

Wat is herlewering? Waarin bestaan die bloei van die kerk wat die Here ons beloof? Wanneer mense van 'n "lewende kerk" praat, bedoel hulle dikwels "'n vrolike, gemoedelike kerk", of selfs "'n lawaaierige kerk". Die Bybel het geen beswaar teen vreugde by 'n gelowige nie; intendeel, wie anders as 'n gelowige het rede tot vreugde? Maar dit beteken nog nie altyd dat gemoedelikheid, "humor" en lawaaierigheid in die samekomste 'n teken van "lewe" is nie. Dis baie maklik om so iets van buite aan te plak. Dis nie altyd eg nie, en dis soms beslis oneerbiedig en goedkoop.

Nee, 'n lewende kerk is 'n kerk vir wie die lewende God 'n lewende werklikheid is. Sy belydenis is nie net vir hom 'n teorie of 'n middel om ander Christene mee te verketter nie; hy beleef dit, dit is vir hom 'n wonder: dat God hom, wat dood was in sy sonde en skuld, van ewigheid af tot die lewe kon uitverkies, sonder enige verdienste van sy kant, hom ondanks sy natuurlike weerstand en afkeer teen God onweerstaanbaar tot die lewe kan roep, en dat hy tot in ewigheid deur God se krag in hierdie lewe bewaar sal word – dit vervul hom met liefde en dankbaarheid. 'n Kerk wat weet dat die Seun van God vir hulle gesterwe het om die ewige lewe vir hulle te verseker, en wat dit nie net as dooie teorie aanvaar nie, maar as lewende werklikheid, so 'n kerk kan waarlik lewe, want hy lewe vir die Here.

Dit word ook vir hom onmoontlik om hierdie kosbare skat vir homself te hou, sy vlam bly brand, getrou en helder. Hy getuig twaalfhonderd en sestig dae lank, dit is: die volle tyd van sy verdrukking en vervolging (Open. 11:3).

Daar was tye van groot opbloei in die verlede, maar nooit na die tyd van die Nuwe Testament is die hele kerk van Christus op aarde in sy geheel met die krag van die Heilige Gees vervul nie. Die grootste reformasies en herlewings het dikwels afgehang van die werk van een of enkele groot godsmanne, soos in die tyd van Israel se Rigters dit met die volk goed gegaan het solank die Rigter leef. Maar God beloof ons dat in die tyd wat kom die hele kerk werklik profete sal wees, soos Moses en Elia.

Onmiskienbaar doem in hierdie profesie die gestaltes van die twee groot profete, Moses en Elia, voor ons op. Die twee getuies, die kerk in sy geheel, verteer hulle vyande met vuur uit hulle mond. Hulle het mag om, soos Elia, die hemel te sluit sodat geen reën val nie. Hulle het mag om, soos Moses, die water in bloed te verander en die aarde met allerhande plaes te tref so dikwels as hulle dit nodig vind. Die wêreld mag hulle haat, maar dit sal hulle nie verag of ignoreer nie, want God is aan hulle kant en hulle teister die wêreld met hulle getuienis, dis soos 'n vuur uit hulle mond.

Wat vir die profete van God 'n kosbare skat is – die boodskap van 'n soewereine God, wat Hom in vrymagtige genade na 'n verlore wêreld uitstrek, en sy wil onweerstaanbaar deurvoer in die geskiedenis en in die redding van sy uitverkorenes, juis dit is wat die wêreld nie wil hoor nie. Dit druis in teen alles wat die wêreld van homself dink: dat die mens soewerein is en dat hy sonder God kan klaarkom en nie aan verlossing behoefte het nie, maar sy eie heil kan uitwerk.

God beskik oor sy kerk

Ons neem dikwels die houding in asof vervolging die ergste ding is wat die kerk kan oorkom.

Dit is nie. (Nee, ons hoef nie vervolging te soek nie; as ons maar net getrou is, sal dit wel vanself kom!). God is magtig om tye van vervolging tot die grootste seën vir sy kerk te maak.

In Engeland waar die grootste denkbare godsdiensvryheid heers, is nog net drie uit elke honderd mense meelewende lidmate van 'n kerk. In Rusland, waar dit honderd jaar gelede gelyk het of daar maar min egte geloof te vinde was, is daar nou meer as vyftig miljoen meelewende Christene wat elkeen bereid was om vervolging ter wille van Christus te verduur – meer as twintig persent van die Russiese volk wil vir Christus ly en daardie persentasie styg nog steeds, ondanks die felste en langdurigste vervolging in die geskiedenis op aarde.

Daardie kerk vertoon die beeld, weliswaar nog flou, van die kerk van God in die tyd wat kom: hy is 'n magtige kerk want sy enigste krag is die krag van die Heilige Gees; sy enigste roem is sy God; sy enigste rykdom is die Evangelie; sy enigste sieraad is sy heiligheid, die heiligheid van Christus waarmee hy oorklee is; hy het nie meer 'n verdeelde lojaliteit nie, sy hoogste trou is Jesus Christus.

Kan ons iets doen?

As herlewing 'n werk van God self is, kan ons hoegenaamd 'n aandeel daaraan hê of dit op enige manier bevorder?

Hierop moet die antwoord 'n besliste ja wees. Die Heilige Gees doen sy skeppende en opbouende werk in en aan ons deur mense en middele, sy Woord, ons gebed en sy sakrament. So kan ons wel ingeskakel word in sy groot werk. Petrus sê selfs dat ons die dag van die Here moet *verwag en verhaas* in 2 Pet. 3:12 (1983 vertaling: "beywer julle daarvoor").

As dit waar is wat ons in die Heidelbergse Kategismus bely, naamlik dat God sy genade en die Heilige Gees alleen aan diegene skenk wat Hom met hartlike sugte, sonder ophou, daarom bid en daarvoor dank, begin ons verantwoordelikheid juis by *gebed*: volhardende, hardnekkige gebed, wat Kuyper noem "Die siel ween weer uit die diepte". Wie die geskiedenis van herlewings lees, sal merk dat alle herlewings terug te lei is na gebed. John Knox het voor God op sy gesig neergeval en uitgeroep "Here, gee my Skotland of ek sterf!". Ons sien die sendelinge in Korea op hulle knieë – en die grootste herlewing in die geskiedenis van die kerk kom as antwoord op hulle gebed. Ons beleef saam met Joe Church en Blasio Kigosi hulle gesamentlike gebed en vastye en die Heilige steek Oos-Afrika aan die brand.

Maar wanneer ons om herlewing bid, moet ons bid in die volle besef van *wat ons vra*. Dit beteken om te bid dat God volkome in beheer sal wees – en dan in die eerste plek dat Hy oor *ons eie lewe* die heerskappy sal voer. Dit beteken om onself onvoorwaardelik tot sy beskikking te stel; dat Hy beplan, en dat ons planne en ideale volkome aan sy program ondergeskik sal wees.

Laat ons veral bid dat die Here sal begin deur ons oë en die van ons medegelowiges te verlig om die valleie van doodsbeendere rondom ons te sien, sodat ons selfgenoegsaamheid van ons gestroop kan word en ons in al ons naakte armoede voor die troon van God sal lê.

Die belangrikste en primêre genademiddel waardeur God herlewing skenk, is deur sy *Woord*, en in besonder deur sy *verkondigde Woord*. Die Woord moet eenvoudig, duidelik, toegespits op die gewete van die gemeente, verkondig word. Die inhoud van die prediking kan niks anders wees nie as wat in die belydenis van die leerstellings van God se

vrye genade vervat word, naamlik die diepe verlorenheid en skuld van die mens voor God. Dit moet so duidelik verkondig word en met soveel krag, dat mense as't ware na die hemelse troonsaal van God verplaas word en voor die regverdige Regter en die regverdige, onontkombare eise van sy wet gestel word. Solank mense nie die heiligheid en majesteit van God besef nie, sal hulle sondebef oppervlakkig bly. Mense moet in die prediking die lewende God ontmoet, en eers dan is daar hoop op herlewing.

Hierdie boeteprediking moet niemand ontsien nie en moet ook tot kerkmense kom. Ons moet ophou om die hele gemeente voor te sê dat hulle natuurlikerwyse gered is omdat hulle verbondskinders is. Paulus spreek die Korintiërs aan as die gemeente van die Here, geroepe heiliges (1 Kor. 1:2), en in 'n ander brief pleit hy by dieselfde gemeente: "Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!" (2 Kor. 5:20). Ons moet wortelbeking ook aan die gemeente verkondig, en veral aan die gemeente wat jarelank deur die verbondsoutomatisme, wat die beloftes van die verbond van die eise van die verbond losgemaak het, aan die slaap gesus is. Solank ons nog hiervoor terugdeins, sus ons kerkmense aan die slaap op pad hel toe, en sal daar nooit herlewing kom nie. Herlewing sal eers kom wanneer ons vir die doodsbeendere sê dat hulle doodsbeendere is.

Die eerste eis van die verbond is: geloof en bekering tot God. Die eerste antwoord wat God op die ryke beloftes van sy verbond vra, is dat ons dit in die geloof sal omhels en vir onself toeëien. Dit is 'n boodskap wat ook gedurig aan alle verbondskinders verkondig moet word.

Ons hoef nie name te noem of oor die harte van mense te oordeel nie. Ons kan ook nie; net God ken die harte. Mense wat ons as ware gelowiges sal bestempel, mag huigelaars blyk te wees, en mense oor wie ons 'n vraagteken ophang, mag ons voorgaan in God se Koninkryk. Ons werk is om die spieël van God se Woord voor die gemeente op te hang en hulle daarin te laat kyk. Maar dan moet ons eers self goed en diep daarin kyk. Predikante kom gewoonlik nie eers later in hulle lewe vir die eerste keer tot ware Godskennis nie. Tog het dit in die verlede in tye van herlewing dikwels gebeur dat groot getalle predikante toe vir die eerste keer die Here leer ken het.

Maar ons moet preek en getuig soos mense wat *werklik glo* wat hulle sê. Ons moet preek in die verwagting dat iets sal gebeur. Dit sal vir ons gegee word volgens ons geloof.

Ten slotte, wanneer herlewing kom, moet ons so optree dat ons nie in die pad van die Here staan nie. Ons kan nie reën gee nie, maar ons kan wel die grond met vaardigheid bewerk en die beste saad saai. Ons moet sorg dat ons die Gees nie bedroef nie deur gedurig onself te reinig, dig by die Here te bly leef, ons oop te stel vir die leiding van sy Heilige Gees, en ons eie insig te wantrou. Ons moet veral versigtig wees om ons nie deur ons vooropgesette tradisies te laat lei in ons optrede teenoor die gemeente wat deur herlewing aangegryp is nie. Ek dink by voorbeeld aan die vooroordeel wat by baie van ons teenwoordig is teen gesamentlike gebed, terwyl gemeentes tydens herlewing juis 'n Geesgewekte behoefte aan gebedsbyeenkomste het.

Ten slotte moet ons onthou dat herlewing kan verbygaan. Ons kan daaraan skuldig wees dat God se genadetyd spoedig tot 'n einde kom. Ons moet daarom nie optree asof ons die Heilige Gees besit nie – ons besit Hom nie, Hy besit ons. Die gebedsworsteling mag nooit verflou nie, "met hartlike sugte, *sonder ophou*" ; die gemeente moet versadig word met die Woord en opgebou word tot volwassenheid. Dan het ons rede om te verwag dat die Heilige Gees in sy goddelike krag by ons sal bly.

Marana ta! Kom, Here Jesus!

LYS VAN BRONNE GERAADPLEEG

- Allen, William E: The History of Revivals of Religion. Belfast: Revival Publishing Co., 1951.
- Basson, H.E.: Herlewing te Kwa Sizabantu in 'n sendingsituasie – 'n teologies-missiolesiese ondersoek. Stellenbosch, 1981.
- Bavinck, J.H.: Ik geloof in de Heilige Geest. Den Haag: Voorhoeve, ongedateerd.
- Beasley-Murray, G.R.: The Book of Revelation in New Century Bible. London: Oliphants, 1974.
- Beyerhaus, Peter: Die Selbständigkeit der jungen Kirche als missionarisches Problem. Wuppertal-Barmen: Rheinische Missionsgesellschaft. 1959.
- Blair, William & Hunt, Bruce: The Korean Pentecost and the Sufferings which followed. Edinburgh: Banner of Truth, 1977.
- Bosch, David: Het Evangelie in afrikaans gewaad. Kampen: Kok, 1974.
“ Persoonlike brief, 1983-11-07.
- Botha, H.C.: Die Hermannsburgse Sendinggenootskap in S.A. M.A.-verhandeling, Stellenbosch, 1947.
- Burns, James: Revivals, their Laws and Leaders. Grand Rapids: Baker, 1960.
- Church, J.E.: Quest for the Highest. Exeter: Paternoster, 1981.
- Culross, James: John C. Ryland, *in* The Banner of Truth, 239/240, Aug./Sept. 1983.
- Du Toit, J.D.: Die Metodisme. Proefskrif. Johannesburg: Dagbreek-Boekhandel, 1962.
- Du Toit, J.D.: Artikelreeks in "Die Kerkblad," Okt. 1944.
- Edwards, J.: A Narrative of Surprising Conversions. Edinburgh: Banner of Truth, 1984.
- Finney, C.G.: Power from on High. London: Victory Press, 1944.
- Floor, L.: Die indikatief en die imperatief in die prediking, in In die Skriflig, 7 Nr 27, Maart 1974.
- Haasbroek, I.J.: Inligtingsbrief aan die kerkrade in die R.S.A., S.W.A. en Rhodesië (Namens die Sinodale Sendingkommissie van die N.G. Kerk van Natal). Pietermaritzburg, 11-10-1979.
- Helberg, J.L.: Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament Potchefstroom: Pro Rege, 1976.
- Helberg, J.L.: Die Here regeer. Pretoria: NGKB. 1980.
- Helberg, J.L.: By die Here is lewe. Pretoria: NGKB, 1982.
- Inkatha: Ubuntu-Botho, 1 en 2. Pietermaritzburg: KwaZulu Booksellers, 1980.
- Jonker, W.D.: Die Gees van Christus. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel 1981.
- Jonker, W.D.: Persoonlike brief, 1987-03-09.
- Koch, Kurt: Ongelooflike Herlewing vandag in Indonesië. Carletonville: Tomlinson, 1973.
- Koch, Kurt: The Wine of God.
- Koch, Kurt: In seinem Namen. Spalenberg: Brunnen Verlag, ongedateerd.
- Koch, Kurt: Im Paradies. Spalenberg: Brunnen Verlag, ongedateerd.
- Kurpershoek, W.M.: Artikelreeks oor Kwa Sizabantu in Imbongi yeNkosi, 1977.
- Kim, Yung-Jae: Der Protestantismus in Korea und die calvinistische Tradition. Frankfurt: Peter. D. Lang, 1981.
- Lewis, Peter: The Genius of Puritanism. Sussex: Carey Publications, 1975.
- Lloyd-Jones, Martyn: William Williams and Welsh Calvinistic Methodism, in **The Puritans**. Edinburgh: Banner of Truth, 1987.

- Moffett, Samuel Hugh: The Christians in Korea. New York: Friendship Press, Tweede druk 1962.
- Monod, René: The Korean Revival. London: Hodder & Stoughton, 1971.
- Sprague, William B.: Lectures on Revivals of Religion. Edinburgh: Banner of Truth, 1978.
- Tappert, Theodore G.: The Book of Concord. The confessions of the Evangelical Lutheran Church. Philadelphia: Fortress Press, 1959.
- Taylor, John V.: Processes of Growth in an African Church. London: S.C.M. Press, 1958.
- Taylor, John V.: The Growth of the Church in Buganda. London: S.C.M. Press. 1958.
- Thornbury, J.F.: God sent Revival. Grand Rapids: Evangelical Press, 1977.
- Tracey, Joseph: The Great Awakening. Edinburgh: Banner of Truth, 1976.
- Tschampel, Horst-Frithjof: Die pietistische Einflüsse im Verlauf der Entwicklung der Deutschsprachigen Lutherischen Kirche in Südafrika. Ongepubliseerde verhandeling.
- Tutu, Desmond, M.: Black Theology/African Theology – soul Mates or Antagonists? in Willmore/Cone: Black Theology. A documentary History, 1966-1979. Maryknoll: Orbis, 1979.
- Tyler, Bennet & Bonar, Andrew: The Life and Labours of Asahel Nettleton. Edinburgh: Banner of Truth, 1975.